

**DIE SKRIFBESKOUIING VAN DIE VROEë
KERKVADERS UIT AFRIKA (VERAL TERTULLIANUS
EN AUGUSTINUS) EN HULLE RELEVANSIE VIR
SUIDELIKE-AFRIKA**

JOHANN W. S. ODENDAAL

**DIE SKRIFBESKOUIING VAN DIE VROEë
KERKVADERS UIT AFRIKA (VERAL TERTULLIANUS
EN AUGUSTINUS) EN HULLE RELEVANSIE VIR
SUIDELIKE AFRIKA**

Johann W. S. Odendaal

**Voorgelê ter vervulling van die vereiste vir die graad Magister
Artium (Teologie) in die Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria.**

Oktober 2006

Studieleier: Prof. J. W. Hofmeyr

VOORWOORD

In tipiese Pauliniese styl - Kol.1: ³ “Wanneer ons tot God, die Vader van ons Here Jesus Christus, bid, dank ons Hom altyd vir julle,”- wil ek graag net baie dankie sê aan ’n paar besondere mense wat die skryf van hierdie verhandeling voorafgegaan het, en ook vir my bygestaan en ondersteun het om dit ’n werklikheid te maak.

- My dierbare vrou Ria, wat nooit gekla het nie en wat soveel vertroue in my gehad het. Sy het my voortdurend moed ingeproat en met geduld vele kere deur die manuskrip gewerk vir taal, tik en spelfoute. Sonder jou ondersteuning sou ek dit nooit gehaal het nie.
- My vier kinders en skoonseun wat met glimlagte gekyk het hoe hulle pa saam met hulle op Universiteit is – baie dankie vir julle!
- My ouers wat al die jare getrou en volhardend bid dat die Here ons met vrug sal gebruik in die bediening van die evangelie.
- Baie dankie aan Prof Hoffie Hofmeyr, een van die fynste mense wat ek ken. ’n Ware apostel Johannes figuur wat ’n liefde vir die Kerkgeskiedenis by my gekweek het en wat met soveel geduld en genade vir my begelei het. Prof Hoffie sonder jou insette en diepe kennis van hierdie vakgebied was dit onmoontlik.
- Vir my kollegas op die fakulteit van “Christ Seminary” – Nicki Coertze, David Beakley, Charlie Rampfumedzi, Steve Plodinec, Andrew Isiaho, Rob Ayliffe en Desmond Venter – wat my baie maal vrygestel het van verpligtinge om hierdie werkstuk te voltooi.
- Aan die gemeente van Christ Baptist Church in Polokwane vir hulle ondersteuning by wyse van gebed en voortdurende hulp met rekenaar probleme en herstelwerk na ure. Die sekretaresse, Santie Hayes en Shanae Dalton, verdien groot applous vir die kere wat ek hulle moes vra om vir my in te staan wanneer werk gedoen moes word. Doug Dalton en Malcolm Cunningham wat met verdraagsaamheid rekenaar ondersteuning gebied het.
- Die studente by Christ Seminary wat moes dien as klankborde vir die bevindinge van hierdie verhandeling.
- Groot dank ook aan Dr. Johannes van Oort van die Nederlande wat tyd ingeruim het om as eksterne eksaminator op te tree en vir die uitstekende werk, *Augustiniana Neerlandica* wat ek onder oë kon gehad het in die skryf van die verhandeling.

Mag die woorde van die Kerkvader Augustinus in ons ore klink wanneer ons vir die Meester, Jesus Christus, werk: “Sonder God kan ons nie; sonder ons wil Hy nie.”

OPSOMMING

Die Skrif is God se Woord in mensetaal – ’n waarheid wat op die spoor van die geskiedenis van die kerk loop oor 2000 jaar. Sonder hierdie Godsopenbaring aan die mens, is voldoende kennis van God nie moontlik nie. Alle menslike pogings om by voldoende kennis van God en ’n sinvolle lewensbestaan uit te kom is mensgerig en lei tot allerlei godsdienstige “ismes.”

Die pluralisme, postmodernisme en post-Christelike samelewing van die 21^{ste} eeu, waar woorde niks beteken en die waarheid relatief is, het sy eie unieke uitdagings, maar toon ook sekere ooreenkomste met die pluralisme, pre-moderne en pre-Christelike samelewing van die patristiek. Die navorser toon aan dat hierdie raakpunte historiese en teologiese lig kan werp op die eietydse probleme rondom die gesag van die Skrif.

Hierdie historiese kontinuïteit met die patristiek en die apostoliese tradisie word aangespreek, veral m.b.t. Tertullianus en Augustinus. Beide hierdie Kerkvaders moes binne hulle eietydse omstandighede Bybelse antwoorde bied op allerlei vraagstukke wat die gesag van die Skrif ondermyn het.

Die patristieke beklemtoning van die gesag van die Skrif spruit voort uit die unieke eenheid tussen die Ou en Nuwe Testament. Dit vind duidelike neerslag in die Apostoliese prediking, - *regula fidei* - die maatstaf waarvolgens leersuiwerheid en leefsuiwerheid gewaarborg is. Hulle eksegetiese hantering van die Skrif binne die histories-letterlike metode reflekteer ’n Christelike wêreldbeskouing in teenstelling met ’n sekulêre wêreldbeskouing.

Ten slotte wys die navorser op die relevansie van hierdie studie vir Suider-Afrika. Die verwardheid van ons samelewing en die ontnugtering van honderd duisende in Afrika oor die rol van die Kerk, vra vir rigting en kompromislose antwoorde oor die Kernwaarhede van die Christelike geloof, gebaseer op die gesag van die Skrif.

SLEUTELTERME:

Skrifgesag

Tradisie

Pluralisme

Pre-Christelike

Pre-moderne

Postmodernisme

Post-Christelike

Relevansie

Historiese kontinuïteit

Eksegese

Formulering van die waarheid

Christelike wêreldbeskouing

Regula fidei

Kontekstueel

SUMMARY

Scripture is God's Word in human language – a truth reflected over 2000 years of Church history. Without this truth, proper knowledge of God is impossible. All human efforts to come to a true and meaningful understanding of God, lead to a variety of religious “isms.”

The pluralism, post-modernism and post-Christian society of the 21st century, brings its own challenges. Words mean nothing and truth is relative. There are, however, unique resemblances with the pluralism, pre-modern and pre-Christian society of the patristic. From a historical-theological perspective, the researcher points out that these resemblances could shed light on the current burning issue around the authority of Scripture.

This historic continuity with the patristic and apostolic tradition is addressed in relation to Tertullian and Augustine. Both these Church Fathers had to give Biblical answer to the burning issues of their day that sought to undermine the authority of Scripture.

The patristic's emphasis on the authority of Scripture, stems from the unique unity between the Old and New Testament. It finds expression in the Apostolic preaching – *regula fidei* – the rule by which sound theology and godly living is guaranteed. Their historical-literal method of Biblical exegesis reflects a Christian worldview in contrast to the secular worldview of their day.

In conclusion the researcher points out the relevance of this study for Southern-Africa. The confusion within the ranks of society, and the disillusionment of hundreds of thousands in Africa concerning the role of the Church, ask for clear direction and uncompromising answers on the fundamentals of the Christian faith with the framework of the authority of Scripture.

KEY TERMS

Authority of Scripture
Tradition
Pluralism
Pre-Christian
Pre-modern
Post-modernism
Post-Christian
Relevance
Historical continuity
Exegesis
Formulation of truth
Christian worldview
Regula fidei
Contextual

INHOUDSOPGAWE

Voorwoord	i
Opsomming en Sleutelterme	ii
Summary and Key terms	iii
Inhoudsopgawe	iv
1. Pluralisme en Postmodernisme en die eeue oue stryd: Die Gesag van die Skrif	1
1.1 Pluralisme	5
1.2 Postmodernisme	8
1.3 Postmodernisme en die Kerk	11
2. Historiese agtergrond	12
2.1 Quintus Septimius Florens Tertullianus	16
2.1.1 Die verhouding tussen die Christelike geloof en die Romeinse Ryk.	18
2.1.2 Sosiale en Politieke blootstelling	19
2.1.3 Die terrein van die Etiek en die Praktiese Teologie	21
2.1.4 Die Teologie	22
2.2 Augustinus	26
2.2.1 Sy kinderjare en aanvanklike akademiese agtergrond en die ontdekking van die diepte van sonde	28
2.2.2 Sy bekering	30
2.3 Sy Bydrae tot die Teologie	30
2.3.1 Sy Geskrifte	31
2.3.2 Die Impak van sy geskrifte op die Teologie	31
2.3.3 Die Donatiste Stryd	34
2.3.4 Die Pelagiaanse stryd	36
3. Die Gesag van die Skrif	40
3.1 Die Ou Testament	42
3.2 Die Nuwe Testament	45
3.3 Die Ontstaan van die Skrif	48
3.3.1 Goddelik	48
3.3.2 Menslik	50
3.4 Die Status van die Skrif	52
3.4.1 Bybelse Gesag	52
4. Tradisie: Die Verhouding tussen Skrif en Tradisie	55
4.1 Die Apostoliese invloed	57
4.1.1 Die Bybelse gebruik van “Tradisie”	58
4.2 Tertullianus en sy tydgenote	62
4.3 Augustinus en sy tydgenote	67
5. Die Eksegetiese hantering van die Skrif	76
5.1 Die Geskiedenis van Interpretasie in die Patristiek	76
5.1.1 Die Alexandrynse Skool	77
5.1.2 Die Antiogiese Skool	78
5.1.3 Tipologie en Allegorie	79
5.2 Algemene riglyne van Skrifverklaring by die Patristiek	81

5.2.1	Die Kontinuïteit tussen die Ou en Nuwe Testament	82
5.2.2	Die <i>Regula Fidei</i>	82
5.2.3	Die Deursigtigheid van die Skrif	83
5.2.4	Die beginsel van konteks: Die hele Skrif	84
5.2.5	Die Skrif verklaar die Skrif	85
5.3	Tertullianus en die Eksegese van die Skrif	89
5.4	Augustinus en die Eksegese van die Skrif	90
6.	Die Formulering van die Waarheid	97
6.1	Tertullianus en die <i>Regula Fidei</i>	99
6.2	Augustinus en die <i>Regula Fidei</i>	102
7.	Die Relevansie vir Suider-Afrika	107
7.1	Die “Nuwe Hervorming”	109
7.2	Die Historiese Jesus	112
7.3	Die Patristiek en die “Nuwe Hervorming”	116
7.4	Tendense van Vervlakking in die Kerk	120
7.4.1	Die Vervlakking in Skrifgesag	120
7.4.2	Die Vervlakking in Bybelse Prediking	123
7.4.3	Die Vervlakking in Bybelse Aanbidding	124
7.4.4	Die Veramerikaansing van die Kerk	125
8.	Evaluasie	131
9.	Bronnelys	136

HOOFSTUK 1: PLURALISME EN POST-MODERNISME EN DIE EEUE OUE STRYD: DIE GESAG VAN DIE SKRIF

Clyde P. Greer, Jr. skryf treffend: “God created time and space. A supreme, transcendent, self-sufficient, self-existent, personal God stepped out of eternity to inaugurate history.” (2003:259). Juis daarom kan die geskiedenis, hetsy sekulêr of die geskiedenis van die Kerk, nie beskou word as die versameling van datums en tye van dooie mense nie. Dit is die verhaal van God se handeling met die mens. God het die mens na sy beeld geskep met al die rasonele vermoëns om orde te handhaaf, te regeer en in persoonlike verhoudings met God en sy naaste te staan.

Die Grieke het die geskiedenis verstaan as dit wat verband hou met *kennis* – *kennis* rakende die verlede. Dit sou beteken die ontginning van dit wat opgeteken en interpreteer is deur middel van doelgerigte navorsing. Die Duitse *geschichte* weer, het die verlede (geskiedenis) verbind met spesifieke *gebeure*.

Die Christen staan nie los van die geskiedenis nie. Nog minder kan die Christen geskiedenis bedryf in ’n vakuum. Die geskiedenis moet interpreteer word juis omdat God op pad is met die geskiedenis van die wêreld en Sy Kerk. Enige omgang met die interpretasie van God se handeling en spreke met die mens moet met uiterste verantwoordelikheid aangepak word vanweë die inhoud en betekenis daarvan. Paulus skryf in **Rom.15:**⁴ “Alles wat vooraf in die Skrif opgeteken is, is tog opgeteken om ons te leer sodat ons deur die standvastigheid en bemoediging wat die Skrif ons gee, vol hoop kan wees.”

Wat God aan Sy Kerk toevertrou het is die evangelie van Jesus Christus. Dis nie alleen die “goeie nuus” nie, maar die beste nuus ooit! Niks anders, oor alle geslagte heen, het die mense se leefwêreld so pertinent, volledig en effektief aangespreek as God se Woord nie. Sy Woord het oor geslagte en kulture heen effektief en relevant gebly vir elke omstandigheid. Dit is dus geen wonder nie, dat die Christelike geloof die wêreld se eerste volwaardige universele godsdiens is nie. In sommige dele van die wêreld is dit die vinnigste groeiende geloof. Dit is verder ook die mees diverse samelewing op aarde, met

volgelingen op al die kontinente, in bykans elke volk stam en taal. Geen ideologiese klimaat, onder watter omstandighede ookal kon die Christelike geloof oor meer as 2000 jaar stuit nie.

Dit is natuurlik waar dat Christene die evangelie van Christus irrelevant kan maak deur die wese daarvan, of af te water, of op een of ander manier te verdraai. Os Guinness skryf dat die evangelie van Jesus Christus die klimaks van *relevansie* is, anders is dit nie “die goeie nuus” nie. Die probleem is egter nie *relevansie* nie, maar of ons die vermoë besit om soos Dawid die mense van sy tyd met God se boodskap te bedien – Hand.13:36. Die skrif verklaar dat Dawid en sy tydgenote bekwaam was om die “tekens van die tyd te lees” en binne hulle konteks sin en relevansie daaraan te verleen. (2003:12)

Die enigste manier om dit reg te kry is om deur ’n Bybelse wêreldbeskouing gevorm te word wat die tyd en die generasie van die oomblik verantwoordelik kan lei tot ’n sinvolle bestaan waarin God verheerlik word. Die geskiedenis van die Kerk het oor die eeue gewys dat so iets moontlik is ten spyte van die sosio-politieke omstandighede van die tyd waarin sy leef.

Tog is dit ook waar dat die Kerk met groot vraagstukke worstel, soos of haar interpretasie van die evangelie boodskap nog relevant is in die hede. Soveel mense is ontnugter met die rol van die Kerk in die samelewing. Dit word duidelik gesien in die uitsprake van rolmodelle in ons samelewing.¹ Daar skort egter niks met die boodskap nie, maar met die interpretasie en die leef van die boodskap van die Kerk. Guinness skryf: “After two hundred years of earnest dedication to reinventing the faith and the church and to being more relevant in the world, we are confronted by an embarrassing fact: Never have Christians pursued relevance more strenuously; never have Christians been more irrelevant.” (Ibid, 2003:12)

¹ In die Kerkbode, 22 Oktober 2004, bladsy 7, skryf Koos Kombuis dat hy nie in God glo nie, maar wel in die Vader. Kernwaarhede van die Christelike geloof word ontken of bevraagteken, soos erfsonde, die opstanding van Christus ensovoorts. Een van sy laaste opmerkings wys op die verwardheid en onsekerheid wat tekenend is van ons post-moderne samelewing: “Wie is ek om te sê die dinge waaraan ek glo, is absoluut korrek, vreeslik waar en verpligtend vir alle ander mense?” In baie Afrikaanse Kerke en ook ander denominasies binne die grense van Suider-Afrika, het daar ’n onvermoë ontstaan om ondubbelsinnige Skrifuitsprake te maak oor sake wat die kern van die Christelike geloof bedreig.

Wat Guinness skryf is uiters belangrik. Dit is die samevatting van die noodkreet van die uur. Die Kerk bevind haarself in 'n moeras van onsekerheid binne 'n pluralisties-godsdienstige bestel. Die hantering van die Skrif deur tele-evangeliste en Kerkgroei bewegings toon duidelik dat daar 'n vergrype na mag aan die eenkant is en aan die ander kant 'n diepe begeerte om relevant te wees in die hede. Hierdie tendense is te sien in die reaksies van Protestante en Rooms Katolieke, hoofstroom- en evangelies-onafhanklike kerke, sowel as in Pinkster en Charismatiese kringe.

Die reaksies op die 11 September 2001, terroriste aanval op die Twin Towers in New York en die Pentagon in die VSA, is illustratief van die onsekerheid wat heers, en die klaarblyklike onvermoë van Christenleiers om klinkklare antwoorde te gee. Sommige teoloë was oortuig daarvan dat dit God se reaksie was op die ewige inmenging van Amerika in ander se sake en hulle uitsprake was ook verrassend polities inkorrekt. Die onsekere Bybelse hantering van hierdie en ander sake weerspieël duidelik dat daar onder baie Christene nie meer 'n Bybelse wêreldbeskouing bestaan nie. Die teendeel is egter waar wanneer 'n mens sou kyk na die Moslem gemeenskap wat verenig staan binne 'n Moslem wêreldbeskouing en hierdie soort van optrede goedkeur as 'n oordeel van Allah. Dit beteken nie dat daar geen onderlinge verskille tussen Moslem gesinde volgelingen is nie.²

Die Ou Testamentiese Profete het hulle boodskap ondubbelsinnig verklaar as, “so spreek die Here.” Die Nuwe Testamentiese skrywers was eweneens duidelik hieroor. Lukas se skrywe aan Teofilus was sonder huiwering in **Lukas 1:4**”So kan u te wete kom dat die dinge waaroor u onderrig is, *heeltemal betroubaar*³ is.” Paulus se openingswoorde in Romeine 1:1-6 is eweneens duidelik dat die boodskap van die evangelie tyd en

² Die Kerkbode van 22 September 2006, meld in 'n onderhoud met Samuel Huntington, skrywer van *Clash of Civilizations and the Remaking of World Order*, dat daar ten spyte van sektariese verskille in 'n pluralistiese wêreld, ook 'n eenheid bestaan met betrekking tot hulle wêreldbeskouing. Die Weste is 'n bedreiging en dit snoer hulle saam.

³ Kursief my eie. So 'n uitspraak in die post-moderne samelewing sou as polities inkorrekt en fundamentalisties deurgaan. Wat egter belangrik is, is dat Lukas 'n *absolute* stelling hier maak en wat nie net dui op die waarheid en egtheid van sy boodskap nie, maar ook op die *ewigheid* daarvan. Hierdie boodskap is nie net eg en waar vir die historiese konteks nie, maar ook vir die toekoms van alle geslagte.

kultuurgrense oorspan wat betref die egtheid, waarheid en kontinuïteit daarvan. Selfs net 'n oorsigtelike lees van Denominasionele tydskrifte en dagblaaie in Suider-Afrika, wys op die onsekere en soms gevaarlike wyse waarop Kerkleiers omgaan met die Skrif wat baie negatiewe gevolge inhou vir die Kerk van Jesus Christus. Die stem van Kerklidmate gaan baie sterk op in die huidige debat oor homoseksualiteit, die opstanding van Jesus Christus, die maagdelike geboorte van Christus en ander kernsake van die Christelike geloof. By baie lidmate is daar 'n Bybelse wêreldbeskouing (waarin die Bybel beskou word as God se Woord en maatstaf vir 'n korrekte lewensfilosofie) te bespeur terwyl dit nie die geval is by Kerkleiers nie. Dit het niks met fundamentalisme te doen nie, maar eerder 'n eerlike geloof in die nalatenskap van die Apostels en die tradisie van die Kerk oor 2000 jaar. Net soos wat Erasmus in die 16de eeu geskryf het dat die grootste bate van die Kerk haar lidmate is, moet die Kerk vandag weer besin oor die waarheid van so 'n stelling. Die lidmate se geestelike groei en hulle betrokkenheid in die samelewing om blywende veranderinge in Suider-Afrika teweeg te bring is van wesenlike belang. Ten einde dit te bewerkstellig sal daar met sekerheid geleer en gepreek moet word in 'n pluralistiese, post-moderne en post-Christelike bestel.

Tertullianus en Augustinus, twee kerkvaders van die derde en vyfde eeue n.C. onderskeidelik, het hulle in soortgelyke situasies bevind. Veral Tertullianus het geleef in 'n pluralistiese, pre-moderne en pre-Christelike era. Hierdie manne se lewe en bydrae tot die groei en ontwikkeling van die Kerk in hulle tyd, dra die getuienis dat hulle die oomblik van hulle lewe aangegryp het om met varsheid hulle samelewing aan te spreek en God te verheerlik. Hulle het dit gedoen vanuit 'n standpunt dat die Skrif God se Woord is en wat daarin vervat is, is die onveranderde en ondubbelsinnige waarheid van God vir tyd en ewigheid vir die mensdom. Die noodkreet van die uur vir die Kerk in Suider-Afrika is om weer met getrouheid aan die Skrif terug te keer na daardie selfde waarheid. Dit is ook die kern van hulle lewe en prediking wat die grondslag geword het van die Hervorming.

Pluralisme en post-moderne is egter realiteite van ons moderne bestaan wat nie weggeredeneer kan word nie en waarmee die Kerk moet deel. Kerkleiers kan egter nie toelaat dat die Skrif voor die kultuur van die dag moet buig nie. Die teendeel behoort waar te wees. Byang Kato skryf: “Africans who become Christians should therefore remain Africans wherever their culture does not conflict with the Bible. It is the Bible that must judge the culture. Where a conflict results, the cultural element must give way.” (Biblioteca Sacra 133:530, April 1976:144)

1.1 Pluralisme

Die vroeë Kerk moes die mas opkom met kompeterende wêreldbeskouings en die manier hoe hulle dit hanteer het word treffend deur Paulus uitgedruk in 2 Timoteus 2:24 “n Dienaar van die Here moenie rusie maak nie. Inteendeel, hy moet vriendelik wees teenoor almal, bekwaam om ander te leer en iemand wat onreg kan dra.²⁵ Met vriendelikheid moet hy teenstanders tereg wys. Dit kan wees dat God hulle bekeer en hulle tot kennis van die waarheid bring.²⁶ Dan sal hulle weer tot nugtere insig kom en vry raak uit die vangstrik van die duiwel, waarmee hy hulle gevange gehou het om sy wil te gehoorsaam.” Paulus dring by Timoteus aan om aan die Bybelse waarheid vas te hou, maar ook om sy opponente met *waardigheid* en *genade* te behandel.

Dockery haal Rescher aan wanneer hy die stelling maak dat “we must learn to live not with consensus but with what he calls *dissensus* – getting along in spite of the fact that we do not agree.” Dockery gaan voort – “If this be pluralism, then let us be pluralists, and “strive to make the world safe for disagreement.” (2001:134)

Dit is wat ons kan noem “gesonde pluralisme.” D. A. Carson skryf, “Indeed, in certain respects believers can embrace pluralism more lavishly than the secularists can. Our heavenly Father created a wonderfully diverse world: let us adore Him for it. He makes each snowflake different; we make ice cubes. Quite clearly, God likes diversity in the colour of human skin – he has made people wonderfully diverse.” (1996:97-98). Selfs taal en kultuur is iets wat deur God aan ons gegun is om Hom te verheerlik en dit mag nooit gebruik word vir eie gewin nie. Wanneer taal en kultuur

aangewend word vir etniese gewin, het dit 'n verkeerde en sondige absoluutheid geword. Kent Hughes praat van *beskrywende* pluralisme as die suiwerste vorm van gesonde pluralisme. Dit het geen ander doelwit as om diversiteit aan te dui nie. (2003:104-105). Dit word die beste beskryf in Openbaring 7:⁹ Hierna het ek 'n groot menigte gesien wat niemand kon tel nie. Hulle was van elke nasie, stam, volk en taal en het voor die troon en voor die Lam gestaan. Hulle het wit klere aangehad, en daar was palmtakke in hulle hande.”

Terwyl die leefwêreld van Tertullianus vasgevang was in 'n toleransie van verskeie godsdienste wat deur die Romeinse Ryk erken is, maar intolerant was teenoor die Christelike geloof, was hy en sy tydgenote dit eens dat die Skrif die enigste antwoord was vir hulle voortbestaan. Daar was geen twyfel dat hy en die Christene van sy tyd die welvaart van hulle samelewing op die hart gedra het nie. Sy uitsprake dat hulle vir almal, die keiser inkluis bid en getroue en lojale ondersteuners van die Romeinse Ryk was is bewyse hiervan. Dit het gebeur teen die agtergrond van beskuldigings dat hulle eksklusivisties was, kannibale, ateïste en mense wat bloedskande pleeg.⁴

Wanneer daar egter gepraat word van godsdienstige pluralisme uit die hoek van 'n post-moderne waarneming, is dit egter meer as net wat Rescher en Hughes hierbo beskryf het. D.A. Carson beskryf drie gebruike van die begrip “pluralisme.” Eerstens is daar die groeiende diversiteit van ras, herkoms, godsdiens en waardesisteme binne ons Westerse kultuur. Tweedens, die waarde van toleransie vir hierdie diversiteit. 'n Kombinasie van hierdie eerste twee betekenisse is in lyn met die waarheid van die Christelike geloof en pas binne die raamwerk van Rescher en Hughes se verstaan van 'n korrekte pluralisme. Die derde betekenis wat Carson aan pluralisme heg is die filosofiese standpunt wat aandring daarop dat toleransie toegeken moet word aan alle denkbare sienswyses op die basis dat nie een daarvan kan aanspraak maak dat dit waar is nie. (1996:141-347). Dit sou ook kon beteken dat

⁴ Dit het voortgespruit uit die feit dat hulle slegs Jesus Christus as Here bely het; geweier het om aan die Romeinse gode te offer en aan die feeste deel te neem. Vanweë die aanspreek vorm “broers en susters” en dat huwelike tussen Christene alleen wenslik was, is hulle beskuldig van bloedskande. Die gebruikelike deelname aan die Nagmaal met verwysing na die liggaam en bloed van Jesus Christus wat geeë en gedrink is, het veroorsaak dat hulle van kannibalisme beskuldig is.

alle godsdienste waar is – dat die wêreld 'n soort van godsdienstige tuin is waardeur ons kan loop en slegs daardie blomme pluk wat die aangenaamste geur versprei en wat ons laat “goed voel.” Dit is “God, Allah en voorvader geeste seën Suider-Afrika!

Hier is waar die gevaar vir die Christelike geloof inkom. Dockery haal John Hicks aan: “..once one accepts the idea of divine incarnation, one inexorably ends with soteriological exclusivism. If Jesus is God the Son, then the doctrine of the Trinity follows and with it Christian uniqueness and soteriological exclusivism. We have, then, to work back up the chain of inference and eventually to question the original premise.” (Op.cit, 2001:135). Wat dit sou beteken is om dan die inspirasie van die Skrif te ontken as 'n belangrike eerste stap tot die rekonstruksie van 'n meer pluralistiese Christendom waarin daar nie plek is vir die vleeswording van Christus nie. Die uiteinde van so 'n siening is dat die Christelike geloof nie die enigste weg tot God is nie. Sulke standpunte lei tot uitsprake deur Robert Schuller toe hy in 1999 gevra was om in Sirië te preek voor die grand mufti van die Moslem gemeenskap in Damaskus: “When I met the grand mufti ... I sensed the presence of God,.. we focused on similarities, not differences...The purpose of religion is not to say, ‘I have all the answers, and my job is not to convert you.’ That road leads to the Twin Towers. That attitude is an invitation to extremists.. the emphasis should move from proselytizing to ‘just trying to help everybody who had hurts and hopes.” (Aangehaal deur Kent Hughes, 2003:101-102).

Hierdie is gevaarlike pluralisme, want hiervolgens kan dit beteken dat enige poging van evangelisasie deur die Christelike kerk kan lei tot terrorisme. Dit is histories naïef en teologies breindood. Dit is die tipiese reaksies van pluralisme wat die Kerk binnegesluit het by die agterdeur van goeie vertonings, (shows) beloftes van sukses, en om persoonlik ‘goed te voel.’ Solank die “show” goed is sal die mense kom!

D.A. Carson waarsku hierteen: “It is hard, for instance, to deny the influence of pluralism on evangelical preachers who increasingly reconstruct the ‘gospel’ along the lines of felt needs, knowing that such a presentation will be far better appreciated than one that articulates truth with hard edges (i.e., that insists that certain contrary

things are false), or that warns of the wrath to come. How far can such reconstruction go before what is preached is no longer the gospel in any historical or biblical sense.” (1996:30)

Dit is dus waar dat ons pluralisties moet wees, maar dan in die Bybelse sin en verstaan daarvan. Ons moet verdraagsaam wees teenoor alle mense, maar nie ten koste van die waarheid nie. Genade moet die ondertoon van ons dade, woorde en optrede weerspieël. Die Kerk mag egter nie vasgevang word deur die intolerante pluralisme van ons dag met sy politieke korrektheid en relativisme nie. Die waarheid is nie relatief nie en alle godsdienste lei nie tot God nie. Die Kerk moet kan verklaar dat Jesus Christus die *Weg* en die *Waarheid* en die *Lewe* is en dat niemand na die Vader kan kom anders as deur Jesus Christus nie. Die Kerk wat so standpunt inneem is in kontinuïteit met die patristiek en die Hervormers van die 16de eeu.

1.2 Postmodernisme

Postmodernisme verwelkom ons met ’n dawerende, “woorde beteken nie wat dit beteken nie, waarheid is subjektief en selfs logiese weerspreking is heel aanvaarbaar.” Sonder ’n goeie begrip vir die tyd waarin ons leef kan ons nie die kwessies van ons dag behoorlik aanspreek nie.

Die aanloop tot postmodernisme het ’n pad geloop van pre-moderne tye, deur modernisme tot waar ons vandag in ’n post-moderne bestel antwoorde moet soek. Gedurende die pre-moderne era, wat gestrek het tot ongeveer 1789 met die Franse Rewolusie, het die Westerse beskawing vasgehou aan die “bomenslike” of dan die bonatuurlike. Niemand het die bestaan van God bevraagteken nie (of die gode).

Geeste, demone en ander wesens het buite die sfeer van die sintuiglike bestaan. So is daar geglo dat hierdie geestelike wêreld op een of ander manier ons lewe in die wêreld fisies beheer en gekontroleer het. Daar was verskeie wêreldbeskouings wat gefloreer het in die pre-moderne era, soos byvoorbeeld Animisme, mitologie, Griekse filosofie en ook

die Christendom. Hoe verskillend hulle ookal was, het hulle almal onwrikbaar geglo aan een of ander vorm van 'n bonatuurlike geesteswêreld.

In die pre-moderne wêreldbeskouing was dit dus nie nodig wanneer die evangelie aangebied is om mense te oortuig dat geestelike wesens of gode wel bestaan het nie. Almal het dit geglo. Paulus se toespraak op die Areopagus is 'n duidelike voorbeeld hiervan. Die uitdaging was om hulle te oortuig dat daar slegs een ware en Lewende God is wat sy Seun in die wêreld gestuur het as die Godmens om vir hulle sonde te sterf. Die grootste kritiek wat hedendaags voor die deur van die Kerk gelê word is dat sy vasgesteek het in die pre-moderne era. In die moderne wêreld hou die bonatuurlike geen water nie. Om dus respek af te dwing in die oë van die wêreld moet die Kerk ontslae raak van die bonatuurlike beklemtonings.

Die *Aufklärung* of Verligting het egter die fundamente van die pre-moderne era geskud en dit vervang met modernisme. Nuwe filosofieë soos die van Emmanuel Kant (1724-1804) het die dogmas van die verlede en veral alle vorme van gesag begin bevraagteken. Die Westerse wêreld se outoriteit was of gesetel in die Kerk, met die Roomse Katolieke Kerk as bron of in die Woord van God met Protestantisme as die dryfveer. Die *Aufklärung* het ten doel gehad, sê Gilley, “.. to free humanity on rational inquiry, empirical evidence and scientific discovery.” (2006:22).

Modernisme het van die veronderstelling uitgegaan dat die rasonele denke van die mens oor die vermoë beskik om absolute waarheid te ontdek. Michael Kruger skryf: “With the rise of the Enlightenment there came a new guardian of truth to replace the church: science. No longer would human beings stand for the irrational musings and archaic dogmatism of religion – science (with reason as the foundation) was the new god, and all intellectual theories had to bow and pay homage in order to be seriously considered. Science viewed Christians as being naively committed to ancient myths, unable to see past their bias and to take an objective and neutral look at the world.” (TMS Journal, Vol.12. No.1, 2001:71) Gerugsteun deur rasionalisme en die wetenskap het die mens dus “mondig” en “outonoom” geword. Baie van die teoloë van hierdie era het Deïsme

aangehang. Dit was nog steeds moontlik om in God te glo wat die wêreld geskep het, maar wat daarna sy rug op die wêreld gekeer het. God se bestaan kon nog steeds erken word en selfs aanbid word, maar terselfdertyd is die menslike rede die vryheid gegun om die finale outoriteit op hierdie gebied te wees. Skielik is die Kerk afgemaak as 'n ikon wat tot die verlede behoort.

Soos dit egter gaan met alle wêreldbeskouings, behalwe die Bybelse wêreldbeskouing, het modernisme ook teleurgestel. Weereens het die mens ontnugter gestaan omdat die rede en die wetenskap nie voldoen het aan die verwagtings om probleme op te los en die samelewing te verander in 'n utopia nie. Wanneer modernisme 'n sekere dood gesterf het is debateerbaar (sommige beweer dat dit tussen 1973 en 1989 gebeur het). Die dood van modernisme moes egter ruimte maak vir postmodernisme.

Postmodernisme is die reaksie van die ontnugterdes. Die optimisme van modernisme het plek gemaak vir die pessimisme van postmodernisme waarin niks seker is nie. Vir die pre-moderne mens was waarheid te vind in God se openbaring. Vir die modernis was waarheid ontdek deur die rede en die wetenskap. In postmodernisme kan die waarheid nie gevind word nie; dis 'n feëverhaal. In postmodernisme is dit moontlik vir die individu om sy eie waarheid te skep, maar nie 'n universele waarheid wat toepaslik is vir alle mense nie. Universele waarheid bestaan nie en moet ook nie gesoek word nie. Kruger verduidelik: "Postmodernity, in contrast to modernity, rejects any notion of objective truth and insists that the only absolute in the universe is that there are no absolutes. Tolerance is the supreme virtue and exclusivity the supreme vice. Truth is not grounded in reality or in any sort of authoritative "text," but is simply constructed by the mind of the individual [or socially constructed]." (Ibid, 2001:72)

Die postmodernis is meer geïnteresseerd in pragmatisme – dit wat werk, wat die mens laat goed voel. Dit is sy kriteria vir waarheid. Die vraag mag ontstaan of hierdie wêreldbeskouing werklik die massas beïnvloed? Volgens Gilley het die Barna Research Group oor die afgelope jare in hulle meningspeilings bevind dat slegs sowat 38% van Amerikaners nog in absolute waarhede glo. Na die onlangse Twin Towers ramp het dit

tot so laag as 22% gedaal. Dit is teen dié agtergrond dat hierdie selfde groep se bevinding is dat een uit elke drie Amerikaners aandui dat hulle evangeliese Christene is. Verder toon 53% van Amerikaners ook aan dat godsdiens wel vir hulle belangrik is.(2006:25). Op die webtuiste www.religioustolerance.org/uk_rel.html. is die syfers vir Europa nog erger. In Brittanje dui slegs 16% van die Britte die belangrikheid van godsdiens aan teenoor die 14% in Frankryk en 13% in Duitsland.

Wat in ander wêrelddele gebeur spoel een of ander tyd oor op Afrika en Suider-Afrika sal dit nie ontkom nie. Die slotsom waartoe ons kan kom in hierdie debat is dat daar basies drie antwoorde vir ons oorbly wat die soeke na *waarheid* aanspreek: Die Skrif, die Aufklärung of postmodernisme.

Os Guinness in sy boek *Time for Truth*, stel dit so: “In the Biblical view, truth is that which is ultimately, finally and absolutely real, or the “way it is”, and therefore is utterly trustworthy and dependable, being grounded in God’s own reality and truthfulness.” (2000:78). Die Aufklärung, met sy klem op die rede en die wetenskap wil geen openbaring hê nie. Die postmodernisme se antwoord is kort en kragtig – pragmatisme; dit wat werk; wat my laat goed voel en my probleme oplos. Hierop is Os Guinness se antwoord in die kol: “...objective, experimental, scientific data has been replaced with personal, anecdotal experience as the source of truth in society.” (2000:58).

1.3 Postmodernisme en die Kerk

Die kern van die probleem in die 21ste eeu wêreldwyd en ook in Suider-Afrika sentreer rondom die gesag van die Skrif. Wat C. H. Spurgeon meer as ’n honderd jaar gelede gesê het bly steeds waar: “If you stand for nothing you fall for everything.” By die oopmaak van die Kerkbode, 25 Augustus 2006, p.7, skryf ’n bekommerde lidmaat dat die uitsprake van geleerdes rondom die verstaan van die Skepping twyfel in die gesag van die Skrif laat ontstaan by gelowiges. Let op, die egtheid van die Skrif kom onder verdenking.

Postmodernisme beïnvloed die Kerk van Christus nadelig. MacArthur skryf: “Evangelicals are toning down their message so that the gospel’s stark truth-claims don’t sound so jarring to the postmodern ear. Many shy away from stating unequivocally that the Bible is true and all other religious systems and worldviews are false.”

Die Bybelse boodskap is duidelik. Jesus het in Joh.14:6 gesê: “Ek is die Weg en die Waarheid en die Lewe. Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.” Die Apostels het in ’n pre-moderne, pre-Christelike en pluralistiese era baie duidelike, politiese inkorrekte stellings gemaak en Petrus praat as volg in Handeling 4: ¹² Hy [Jesus] bring die verlossing en niemand anders nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie.” Johannes skryf in 3: ³⁶ Wie in die Seun glo, het die ewige lewe; wie egter aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die straf van God bly op hom.” Keer op keer verklaar die Skrif ondubbelsinnig dat Jesus Christus die enigste hoop vir die redding van hierdie wêreld is. Paulus voeg sy stem hierby in 1 Tim.2: ⁵ Daar is immers net een God, en daar is net een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus ⁶ wat Homself as ’n losprys vir almal gegee het.” Slegs die gekruisigde en opgestane Jesus Christus is in staat om die mens met God te versoen – 1 Joh.5: ¹¹ En die getuienis behels dít: God het ons die ewige lewe gegee, en dié lewe is deur sy Seun. ¹² Wie die Seun het, het die lewe; wie nie die Seun van God het nie, het ook nie die lewe nie.”

Hierdie stellings staan in skrilte kontras met die standpunte van die postmodernisme. Hierdie waarhede is wat die Kerk van Christus vir meer as 2000 jaar reeds verkondig. Dit is die boodskap van die Christelike geloof. Die objektiewe waarheidverklaring van die Skrif is ons maatstaf en nie die mening van postmodernisme nie.

Die pogings van welmenende Kerkleiers om die evangelie op relevante maniere aan te bied binne ’n post-moderne bestel bring juis meer verwarring as begrip na vore en maak van die evangelie ’n karikatuur, D. A. Carson skryf: “Weigh how many presentations of the gospel have been ‘eased’ by portraying Jesus as the One who fixes marriages, ensures the American dream, cancels loneliness, gives us power, and generally makes us happy.

He is portrayed that way primarily because in our efforts to make Jesus appear relevant we have *cast the human dilemma in merely contemporary categories, taking our cues from the perceived needs of the day*. But if we follow Scripture, and understand that the fundamental needs of the race are irrefragably tied to the Fall, we will follow the Bible as it sets out God's gracious solution to that fundamental need; *and then the gospel we preach will be less skewed by the contemporary agenda...*If you begin with perceived needs, you will always distort the gospel. If you begin with the Bible's definition of our need, relating perceived needs to that central grim reality, you are more likely to retain intact the gospel of God."(Kursief in die oorspronklike teks.) (1996:221).

Die situasie binne die Kerk in Suider-Afrika vra vir 'n besinning oor Skrifgesag. 'n Simplistiese antwoord sou nie rigting gee nie. Die vinnige groei van die Kerk in Suider-Afrika; die voortslepende vraag na Kerkeenheid onder die Nederduitse Gereformeerde Kerkfamilies; die vervlakking van prediking en wegbeweeg van die gesag van die Skrif noodsaak deeglike navorsing. Die oplossings kan nie gevind word in die "ver-Amerikaansing" van die Kerk in Suider-Afrika nie. Afrika se probleme, alhoewel nie uniek nie, moet op Afrika bodem gesoek word. Die beste plek om te begin is om te let op die Kerkvaders uit Afrika, Tertullianus en Augustinus. Eersgenoemde het uitdrukking gegee aan sy Bybelse standpunte in 'n pluralistiese, pre-moderne en pre-Christelike era, waarin die Kerk haar pad moes vind. Hy en sy tydgenote se hantering van die Skrif was altyd in die hitte van die stryd en dan op polemiese wyse hanteer. Feit bly staan dat die Kerk in Afrika haar invloed laat geld het in 'n wêreld wat nie tolerant was teenoor die Christelike geloof nie. Augustinus weer, leef in 'n na-Konstantynse era waar die Kerk groter beskerming en erkenning geniet het, maar te doen gehad het met haar eiesoortige probleme wat meer intern van aard was.

'n Algemene fout wat gemaak word is om die geskiedenis van die Kerk te kompartementiseer en een era uit te lig as synde die liggpunt waarna teruggekeer moet word. Dis bloot nie haalbaar nie en ook nie verantwoordelik nie. God is op pad met sy Kerk. As daar vandag gesê word dat die "teologiese see in Afrika 'n kilometer wyd is en 'n sentimeter vlak" is, was dit ook waar van ander tye in die geskiedenis van die Kerk.

Bogenoemde manne moes antwoorde vind vir hulle eietydse teologiese probleme van vals leraars en teologiese strominge wat die Kerk van buite en binne bedreig het. Hulle konsekwente verwysing na die Skrif as die finale gesag is rigtinggewend ook vir die Kerk in Suider-Afrika in die 21ste eeu.

Die Kerk het 'n ryk tradisie – 2000 jaar. Hierdie kan nie geïgnoreer word nie. Intendeel dit moet ontgin word ten einde relevante antwoorde te bied vir die hede. Die waarheid en relevansie van die Skrif sal opnuut formuleer moet word vanuit hierdie ryk tradisie. Alhoewel die Kerk onder druk is, mag gelowiges nooit handdoek ingooi nie juis vanweë die uitspraak van Jesus Christus in Mat.16:16-18 “U is die Christus, die Seun van die Lewende God ... en op hierdie rots sal Ek my kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.” Ek glo in die heilige algemene Christelike Kerk! Die Kerk is en bly God se antwoord vir sinvolle bestaan en 'n lewende toekomsverwagting.

HOOFSTUK 2: HISTORIESE AGTERGROND

Afrika se bydrae tot teologiese ontwikkeling in die wêreld moet nooit onderskat word nie. Twee van haar grootste seuns het blywende indrukke gemaak op die Kerk deur die eeue heen. Soveel so dat John Piper van Augustinus skryf: “One of the greatest fathers of the Catholic Church, yet it was Augustine who gave us the Reformation.” B. B. Warfield is van dieselfde mening: “Augustine entered both the Church and the world as a revolutionary force, and not merely created an epoch in the history of the Church, but ... determined the course of its history in the West up to the present day. The whole development of Western life, in all its places, was powerfully affected by his teachings.”

Eweneens skryf B. B. Warfield van Tertullianus: “Ardent in temperament, endowed with an intelligence as subtle and original as it was aggressive and audacious,.. alert and robust mind. A jurist of note... and his insatiable curiosity had carried him into the depths of every form of learning accessible to his time and circumstances... When he gave himself in his mature manhood to the service of Christianity, he brought in his hands all the spoils of antique culture, smelted into a molten mass by an almost incredible passion.” (1970:3)

George W. Dollar beskryf Tertullianus as volg: “Tertullian, the Thunderer of North Africa,... he possessed keen theological insights and an extensive reservoir of razor-like words with which to clothe his vast knowledge.... a furious windmill with a spinning brain...using words like brickbats and rejoicing when the brickbats drew blood.... Denunciatory, violent in invective, and agile in passing from text to text and subject to subject, he stands as a maverick among the fathers and a feared investigator of men and movements at the end of the second century and the first third of the next. He produced some of the finest literary passages of his day.” (Biblioteca Sacra 117:467, Julie 1960:250)

Voorwaar geen liggewigte in die teologiese wêreld nie. Beide het binne ’n pluralistiese bestel geleef en gewerk. Beide het vanuit ’n sterk oortuiging van die absolute gesag van die Skrif antwoorde gebied op die vraagstukke van hulle dag.

Bykans 1800 jaar later worstel Afrika steeds met haar eiesoortige vraagstukke van rykdom en armoede; van onderdrukking en nepotisme; swak leierskap en die invloed van pluralisme, waaronder voorvader aanbidding sterk figureer en druk uitoefen op die Christelike geloof. Op teologiese gebied het haas elke leerstelling onder druk gekom – Is God nog in beheer? Is die Kerk nog relevant? Wat is waarheid? Is Christus wel die enigste weg? In die Praktiese teologie is die huwelik onder druk en vele meer. Tog is dit bekend dat Afrika vandag tien keer meer Christene het as in 1900. (Carson 1996:461). Tot so onlangs as vyf en twintig jaar gelede het die Kerk in Suid-Afrika nog sterk ondersteuning van die Staat geniet. Hierdie is dinge wat verander het. Tertullianus het hom nie in 'n staatsbeskermende omgewing bevind nie, tog moes hy binne sy eietydse omstandighede antwoorde bied oor sake soos armoede, weelde en aanhouding sonder verhoor en nog vele ander sake. As Christen teoloog was sy taak om vir die Kerk stewige Skrifgefundeerde antwoorde te bied ten einde hoop te bring.

Augustinus daarenteen bevind hom in 'n era na Konstantyn waar die Kerk groot beskerming van die Staat geniet het. Die aanslag teen die Kerk was hier nie net ekstern van aard nie, maar meer intern op teologiese gronde gerig. Hulle historiese agtergrond kan wel vir ons lig werp en hoop bied in die ontnugtering wat baie mense huidiglik beleef.

2.1. Quintus Septimius Florens Tertullianus

Historici verskil oor die presiese tyd wat hy geleef het. Alister E. McGrath plaas hom in 160-225 n.C. (1998:25) terwyl ander soos Roger Olsen hom ongeveer in 150-212 n.C. plaas. (1999:90-91). Hy is die seun van 'n kaptein in die Romeinse leër, wat sorg dat Tertullianus 'n goeie akademiese opleiding ontvang. Hy groei op in die tipiese Grieks-Romeinse agtergrond van die derde eeu n.C. in Noord-Afrika in die stad Kartago. Hierdie stad is in ongeveer 814 v.C. gestig toe Fenisiërs uit die stede Tirus en Sidon hulle hier kom vestig het. Hulle het ondertrou met die inheemse Berber bevolking en soos Needham skryf, “Carthage had received a strong dose of Hellenism too.” (2002:126).

Baie min is bekend oor die Christendom voor 180 n.C. in hierdie gebied. Juis in hierdie jaar het 12 Christene uit Scillium (Tunisië) in Kartago die martelaarsdood gesterf.¹ Kartago was die Romeinse hoofstad in Afrika – die derde grootste stad in die Romeinse Ryk. Dis hoe ons kennis maak met die Kerk in Afrika – mense wat vir hulle geloof in Jesus Christus gesterf het.

Vir baie jare het die Kerk in Afrika haarself gesien as 'n Kerk van martelare, God se uitverkorenes, geroepe om die heidense kultuur en samelewing van hulle dag teen te staan. Vir hierdie Afrikane van die 3de eeu n.C. was die lewe 'n bloedige stryd tussen lig en duisternis. Hulle lewens was ook gekenmerk deur hoë morele waardes en suiwer leerstellings.

Dis hier waar ons met Tertullianus kennis maak. Hy was 'n prokureur van beroep met 'n baie skerp en flink brein. Needham skryf: “Tertullian was one of the most warlike spirits ever to enlist in the army of Christ; his hawkish, fire-breathing personality perfectly expressed the uncompromisingly hostility of the North-West African Church towards the pagan society of the Roman Empire. He was also a talented, many-sided theologian, with a gift for winging his piercing thoughts with bold, colourful and dazzling words.” (2002:127) Vincent van Lerinus skryf van sy werke dat elke woord was omtrent 'n sin en elke sin 'n oorwinning.

Tertullianus het waarskynlik sy hele lewe in Kartago gebly afgesien van tye wat hy na Rome gereis het. Hy het laat in sy dertigerjare eers 'n Christen geword en was van meet af aan toegewyd daaraan om die Christelike geloof met elke greintjie energie te verdedig. Hy gebruik sy regsagtergrond en welsprekendheid om die ortodokse Christelike geloof te verdedig. Olsen skryf ook dat hy nooit as priester georden is nie en ook nie deur die ortodoks-katolieke kerk as heilige verklaar is nie. (1999:91).

Tertullianus was baie ontsteld oor die morele verval van die Kerk en die invloed van die filosofie op die teologie. Selfs die Afrika Kerk het dit nie vrygespring nie. Warfield maak melding dat vervolging van buite en skeurings van binne die Kerk se

¹ Mark Shaw in sy boek, *The Kingdom of God in Africa: A short history of Christianity in Africa*, gee 'n kort oorsig oor die gebeure wat die dood van hierdie 12 martelare beskryf. Die beskuldiging teen hulle was eenvoudig omdat hulle Christene was.

voortbestaan bedreig het en dis hier waar Tertullianus die offensief teen vals lering geloods het. (1970:4). Sy polemiese geskrifte reik egter verder as net die teologie. Sy een en dertig geskrifte wat behoue gebly het raak haas elke aspek van die Christen se lewe. Hy het geensins gehuiwer om die mistastings van die regering van sy dag aan te vat nie.

2.1.1 Die verhouding tussen die Christelike geloof en die Romeinse Ryk

Sy eerste groot werk verskyn in 196. Dit was in sy *Apologeticum* dat hy baie belangrike inligting deurgee oor die algemene gesindheid en wetsgehoorsaamheid van die Christene en kan beskou word as die eerste versoek vir godsdiensvryheid. (Philip Schaff, Vol. II, hoofstuk 13, par.197-199: Elektronies) Hy versoek die Romeinse owerhede om die vervolgings teen die Christene te staak aangesien hulle hul belasting betaal en vir die Keiser en die Ryk se welvaart bid. Hy bepleit die onvervreembare reg van elke individu om vry te wees in die samelewing, iets wat God aan elke mens gegee het en wat deur die staat erken en beskerm moet word. Hy vra geen ondersteuning of gunste nie, maar slegs regverdigheid. Boonop bring hierdie vervolgings die Romeinse Ryk niks in die sak nie aangesien die Christene net meer word, vervolgings en al. Hy beskou die martelaarsdood as die hoogste vorm van dissipelskap en voeg hy by, “the blood of Christians is seed [of the Church].” (Glimpses)² Ons weet ook dat hy getroud was uit die briewe aan sy vrou wat behoue gebly het.³

Hy het Christene sterk afgeraai om enigsins betrokke te raak by staatsinstellings. Binne ons moderne samelewing klink dit nie haalbaar nie, maar ook nie wys nie. Die Christen kan homself nie onttrek uit die samelewing en tog nog sy invloed as sout en lig in die wêreld laat geld nie. Tertullianus se houding was dat geen Christen behoort betrokke te wees in enige iets wat verband hou met die “heidense” gebruike van die samelewing nie. Volgens hom kon geen Christen vir die regering, weermag of enige ander staatsinstelling werk nie. Dit het ook die onderwys en besighede ingesluit wat

² Glimpses word 12 keer per jaar gepubliseer deur die Christian History Institute, Box 540, Worcester, PA 19490. Ken Curtis Editor. Writer, Diana Severance. Hulle kan gekontak word by <http://www.tertullian.org/chi.htm>

³ In ‘n artikel wat breedvoerig kyk na baie aspekte rondom die huwelik, egskeiding, huwelike tussen “gelowiges” en “ongelowiges,” haal Roberts-Donaldson ook briewe van Tertullianus aan sy vrou aan. [Http://www.earlychristianwritings.com/text/tertullian29.html](http://www.earlychristianwritings.com/text/tertullian29.html)

die heidense godsdienste ondersteun het. Baie hiervan het direk verband gehou met die pluralisme van vals godsdienste binne die staatsbestel. Christene het dus gevaar geloop om baie maklik kompromie aan te gaan. Hy raai Christene aan om die openbare spele in die groot stadions te vermy. Hy noem die hele Romeinse samelewing “die kamp van die duisternis” teenoor die Christene wat die “kamp van die lig” verteenwoordig. Dit blyk dat Tertullianus ’n baie negatiewe gesindheid teenoor die staat inneem. Hy verklaar: “Nothing could be more alien to us than the state. We Christians know of only one ‘state,’ of which we are citizens: the universe.” (Needham 2002:127). Tog moet die agtergrond van hierdie vroeë Christene binne ’n konteks verstaan word.

2.1.2 Sosiale en Politieke blootstelling

Dit was juis die hoë morele en sosiale waardes van die Christene wat hulle in botsing gebring het met hulle samelewing. Gedeeltelik was dit as gevolg van hoe die heidense godsdienste aangebied is in die Romeinse Ryk se sosiale en kulturele bestel. Christene kon byvoorbeeld nie deelneem aan amptelike staatsbankette, openbare vakansiedae of enige viering van groot belang binne die Romeinse Ryk nie. Dit het altyd gepaard gegaan het met die aanbidding en verering van die gode van die Romeinse Ryk. Openbare speles in die arenas was altyd gekoppel met offerandes aan die gode. Baie van die opvoerings op verhoë was uitbeeldings van hierdie heidense godsdienste wat eksplisiete seksuele immoraliteit adverteer het.

Christene het besware gehad om in openbare hospitale opgeneem te word as gevolg van die feit dat priesters van die god Aesculapis, die god van genesing, aangestel is om oor pasiënte te bid. Baie Christene het ook nie hul kinders na openbare skole gestuur waar heidense godsdienspraktyke geleer is. Christen kunstenaars kon weinig of geen werk doen nie aangesien sketse, skilder, houtsniewerk ensovoorts altyd heidense beelde ingesluit het.

Betrekings binne die regstelsel was gevaarlik omdat magistrats heidense aanbidding seremonies moes lei as deel van hulle werksomskrywing. Offisiere en soldate in die weermag moes die offerandes aan die Romeinse gode bywoon om daardeur hulle lojaliteit aan die staat te toon.

Philip Schaff haal Tertullianus treffend aan as laasgenoemde aan die owerhede skryf: “We conquer in dying; we go forth victorious at the very time we are subdued ... Many of your writers exhort to the courageous bearing of pain and death, as Cicero in the *Tusculans*, as Seneca in his *Chances*, as Diogenes, Pyrrhus, Callinicus. And yet their words do not find so many disciples as Christians do, teachers not by words, but by their deeds. That very obstinacy you rail against is the preceptress. For who that contemplates it is not excited to inquire what is at the bottom of it? Who, after inquiry, does not embrace our doctrines? And, when he has embraced them, desires not to suffer that he may become partaker of the fulness of God’s grace, that he may obtain from God complete forgiveness, by giving in exchange his blood? For that secures the remission of all offences. On this account it is that we return thanks on the very spot for your sentences. As the divine and human are ever opposed to each other, when we are condemned by you, we are acquitted by the Highest.” (Vol. II, hfst.13: Elektronies)

Christene was ook beskuldig van intoleransie met betrekking tot godsdiens. Daarom regverdig Pliny sy wrede optrede teen die Christene by Keiser Trajanus as hy aanvoer dat die Christene die Romeinse godsdiens en daarmee saam die samelewing demoraliseer. “Temples are deserted, ceremonies abandoned and no market for sacrificial animals.” (Paul McKechnie 2001:115). Dit toon die geweldige invloed wat die Christene gehad het.

Binne die reg kap Tertullianus terug: “Normally, when arrested criminals deny their crimes, torture is used to make them confess; but with people accused of Christianity, torture is used to make them deny the accusation against them. Criminals who deny their crimes are disbelieved, but Christians who claim not to be Christians are immediately believed. Criminals are normally punished for past actions, but when a suspect denies being a Christian (now), anything he or she did in the past is disregarded: there is no punishment for having been a Christian. What is punished is a name: and a harmless name too.” (Ibid, 2001:113).

Die vraag wat met reg gevra mag word vandag is dit: Is ons weer terug in die patristiek waar toleransie vir almal geld behalwe vir die Christelike geloof? Blykbaar ja, en die Christen sal homself moet staal deur onwrikbaar vas te hou aan die Woord van God as hoogste gesag vir geloof en lewe.

Dit alles in ag genome moet 'n mens begrip hê vir die sterk standpunte wat Tertullianus ingeneem het. Die Christene het hulself in 'n netelige posisie bevind en moes deur hulle daade bewys lewer van die andersheid van die Christelike geloof. Dit was egter nie net op die sosiaal-politiese vlak wat die Christen onder druk was nie, maar ook op die vlak van die praktiese teologie en die etiek waar hulle hulself moes laat geld.

2.1.3 Die terrein van die Etiek en Praktiese Teologie

Op die terrein van die Christelike etiek het die Christene ook rede gehad om ernstig besware aan te teken. Christene was baie uitgesproke oor die bywoning van die gladiator spele wat in die openbare arenas aangebied is. Hiervolgens het gladiators teen mekaar meegeding tot die dood toe. Die Kerk het sulke wreedhede verwerp vanweë die hoë waarde wat hulle aan lewe geheg het. Dit was juis as gevolg van hulle onwrikbare oortuiging dat Christus gekom het om lewe te gee – Joh.10:10, dat hulle vir die behoud van lewe gepleit het.

Needham skryf: “Christians also rejected the widespread Roman custom of unwanted abortion (killing unwanted unborn children) and infanticide (killing unwanted newly-born children). Hy haal ook verder aan en meld van die geval waar 'n heidense Romeinse man aan sy swanger vrou skryf: ‘If you give birth to a boy, let it live. If it is a girl, throw it away.’ (2002:76) Dit was die gebruik om “ongewenste” babas summier op die naaste vullishoop weg te gooi.

Die huwelik het ook onder skoot gekom en Tertullianus het sy stem hieroor laat hoor vanweë die maklike egskeidings wat hulle samelewing voorgestaan het. Hy skryf byvoorbeeld dat Romeinse vroue “long for divorce as if it were the natural consequence of marriage.” (Needham 2002:76) Tertullianus skryf as volg oor die huwelik: “How beautiful is the marriage of two Christians, two who are one in hope, one in desire, one in the way they follow, one in the religion they practice...Nothing divides them, either in flesh or spirit. They pray together, they worship together, they fast together; instructing one another, encouraging one another, strengthening one another. Side by side they visit God’s Church and partake of God’s Banquet; side by side they face difficulties and face persecution, share their consolations. They have

no secrets from one another; they never shun each other's company; they never bring sorrow to each other's hearts. They visit the sick and assist the needy. Psalms and hymns they sing to one another, striving to see which of them will chant more beautifully the praises of their Lord. Hearing and seeing this, Christ rejoices. To such as these He gives His peace." (Biblioteca Sacra 133:530, April 1976: 148). Dit is juis 'n teoloog uit Afrika, Byang H. Kato, wat binne die konteks van bogenoemde aanhaling uit sy artikel tot die volgende konklusie kom: "Only as the Bible is taken as the absolute Word of God can it have an authoritative and relevant message for Africa." (Ibid, 1976: 148)

Die wreedheid van ons samelewing in Suid-Afrika is juis daarom 'n saak van kardinale belang waarin daar gesoek moet word in die patristiek oor hoe die Christene 'n bydrae kan maak tot 'n oplossing vir die hoë vlakke van geweldsmisdad. Die Christelike Kerk in Suider-Afrika behoort as verenigde front, soos Tertullianus, skrywe te rig aan die owerhede en op konstitusionele gronde ernstige pleidooie te lewer vir die bekamping van hierdie geweldsmisdade. Die Kerk durf nie haar profetiese stem in die samelewing verontagsaam nie. Die sogenaamde "street marches" is nie vir die Kerk bedoel nie. Sulke optredes kan nie gefundeer word uit die Skrif nie en ook nie in die patristiek nie. Tertullianus se pleidooie was juis gebaseer op die feit dat Christene wetsgehoorsame burgers was en dat hulle streng Bybelse beginsels gehandhaaf het en dis waarna die Kerk in Suid-Afrika moet kyk. Sy het die vermoë en die geestelike krag om dit te doen. Dit was juis heel eerste van almal die profetiese stem van die Kerk wat druk uitgeoefen het en Apartheid tot 'n val gebring het. Dit is iets wat heeltemal onderskat word. Reeds so vroeg as 1949 het verskeie denominasies amptelik begin beswaar aanteken teen die beleid van Apartheid. Die Kerk het 'n profetiese stem en dit moet gehoor word. Haar bydrae mag nooit onderskat word nie en binne die konstitusionele reg van godsdiensvryheid moet sy praat.

2.1.4 Die Teologie

Dit is op die gebied van die Teologie wat hy sy mees positiewe bydrae gemaak het. Hy staan bekend as die vader van Latynse teologie. Hy was 'n oorspronklike, helderdenkende teoloog en formidabele opponent en boonop uit Afrikaanse bodem. Henry Chadwick beskou sy werk as – "Every page is written with the joy of inflicting

discomfort on his adversaries for their error and unreasonableness, but in such a manner as to embarrass his own friends and supporters.” (1993:91) Hy toon nie alleen aan dat Atene hemelsbreed verskil van Jerusalem nie, maar ook dat Kartago totaal verskil van Alexandrië. Dit spruit voort uit sy hewige reaksie teenoor die gebruik van die filosofie in teologie wat hom in botsing gebring het met Clemens van Alexandrië. Hierdie stem ooreen met Calvyn wat baie jare later ook aandui dat hy min of geen affiniteit gehad het vir die gebruik van filosofiese modelle in die teologie nie.

Tertullianus het baie gebruik gemaak van paradoks om die aandag van sy gehoor te trek. *Certum est, quia impossibile est* - “The gospel of a crucified God was certain because it is impossible.” (Shaw 1996:44).

Die grootste kenmerk van sy geskrifte teen die vals lering van sy tyd, *Praescriptioe Haereticorum*, was die feit dat hy hulle nie wou toelaat om die Skrif te gebruik vir hulle vals lering nie, juis omdat die Skrif volgens hom nie aan hulle behoort het nie.

Sy beskouing van die Kerk noop hom om van die geïnstitusioneerde Kerk of die “Great Church” weg te breek. Vir hom was die Kerk net soos die Skrif dit uitdruk in Ef.5 – “die bruid van Christus” en daarom heilig. Shaw som dit treffend op: “It was as a champion of holiness that Tertullian made his most lasting impact on African Christianity. Tertullian was a puritan who declared war against spiritual mediocrity in the Church.” (1996:45). Dit was sy passie vir die Kerk van Christus in Afrika. Shaw haal Friend aan: “Thanks to Tertullian the North African Church was and remained a gathered Church concerned with the maintenance of its integrity.” (1996:46). Dit is die Christen wat die wettige beskermer is van die Christelike geloof. (Schaff, Vol. II, hfst.13: Elektronies)

Alister E. McGrath se stelling dat Tertullianus sterk gekant was daarteen om die Christelike teologie afhanklik te maak van buite Bybelse bronne onderstreep bogenoemde stellings deur Shaw. (1998:25). Hy haal ook aan uit die werke van Tertullianus oor die invloed van filosofie: “For philosophy provides the material for worldly wisdom, in boldly asserting itself to be the interpreter of the divine nature and dispensation. The heresies themselves receive their weapons from philosophy.” (1998:91-92). Waaroms so ’n skerp reaksie? McGrath gee die antwoord: “He is

amongst the most forceful early exponents of the principle of the sufficiency of Scripture,..” (1998:25). Hierdie skerpheid van denke is juis wat die Kerk in Suider Afrika nou meer as ooit nodig het. As Kerk van Jesus Christus moet ons juis terug na die oorspronklike sin en betekenis van die Skrif ten einde blywende verandering teweeg te bring. Ons handeling met die teologie mag nooit ontaard in ’n wetenskaplike oefening wat tot niks lei nie.

Vir hom het die Christen se soektog na die waarheid geëindig in die Skrif. Volgens hom is die Christen wat steeds soek vir verdere waarheid sonder geloof. (Gonzales Vol. 1, 1984:75). Hy veroordeel enige spekulasie, want om te argumenteer waartoe die almag van God in staat is, is ’n mors van tyd, dit is ydel en riskante nuuskierigheid. (Ibid. 1984:75).

Warfield beskryf sy bydrae tot die teologie as van onskatbare waarde vir die Kerk. Hy noem dat in later jare sou Jerome na hom verwys as “a torrent of eloquence” en plaas hom tussen die enkele begaafde manne van die Kerk. Warfield noem ook dat Cyprianus hom nooit aangehaal het nie, maar dat laasgenoemde se werke deurspek was met die stille getuienis van Tertullianus, en, sê sy sekretaris, dat Cyprianus nooit ’n dag begin het sonder om te vra “Gee die Meester aan” nie. (1970:4-5)

Olsen skryf dat die begrippe *liberaal* en *konserwatief* nie tuis hoort in die vroeë Christelike teologie nie, maar dat Tertullianus vandag sou kon beskou word as die prototipe van ’n konserwatiewe of selfs ’n fundamentalistiese teoloog. Hy is selfs van mening dat hy ’n 20ste eeuse Karl Barth kon wees. (1999:85, 91)

Warfield praat met groot respek oor hierdie Afrika teoloog en noem hom die vader van die ortodokse leerstellings van die Drie-eenheid en die Persoon van Christus. Volgens hom is daar in die ganse literatuur van die patristiek geen geskrif wat opweeg teen sy geskrif teen Praxeas met betrekking tot die Drie-eenheid nie. (1970:5-6). Praxeas se leer sou later bekend staan as Modalisme. Volgens Olsen het Praxeas die ontologiese drieheid van God weggeredeneer. Hy ontken dat Christene glo in drie onderskeidende identiteite in die Godheid. Olsen skryf: “If Tertullian’s account of what Praxeas taught is correct, he reduced the Father, Son and Holy Spirit to three aspects or roles of the one person God.” (1998:92). Tertullianus het hierdie

verduideliking as gevaarlike kettery beskou en reageer op sy tipies polemiese styl: “Praxeas did a twofold service for the devil at Rome: he drove away prophecy and he brought in heresy; he put to flight the Paraclete and crucified the Father. (Ibid., 1998:92)

Tertullianus was die eerste persoon wat die woord *trinitas* gebruik in sy geskrif teen Praxeas. Hy praat van *una substantia, tres personae*. Hannah haal aan: “Everywhere I hold one substance in three cohering... All are one, by unity of substance; while the mystery of the dispensation is still guarded, which distributes the Unity into a Trinity, placing in their order the three, the Father, the Son, and the Holy Spirit; three however... not in substance but in form, not in power but in appearance. (2001:78)

Tweedens gebruik Tertullianus die woord *persona*, persoon. Hannah verduidelik: “He may have meant to imply that behind a mask (the term being from the stage) was one divine actor.” (Ibid., 2001:78) Derdens gebruik hy die begrip *substantia*, wese, dit wat persone in gemeen het.

Warfield verduidelik. “one of his favourite methods of indicating briefly the combined sameness and distinction is by employing distinctively the neuter and masculine forms of the words. ‘I and the Father are one,’ says our Lord; and Tertullian lays stress not only on the plural verb – ‘I and the Father *are*,’ not ‘*am*,’ one - but on the neuter form of the adjective – ‘*unum*,’ not ‘*unus*’ – as implying ‘not singularity of number but unity of essence,’ and the like. These three ‘are *unum*, not *unus* in respect of unity of substance, not singularness of number. (1970:36-37).

Hy het ook daarvan gehou om van analogie gebruik te maak om sy standpunte te verduidelik. “Now the Spirit indeed is the third from God and the Son; just as the fruit is third from the root, or as the stream out of the river is third from the fountain, or as the apex of the ray is third from the sun. Nothing, however, is alien from the original source whence it derives its own properties. In like manner the Trinity, flowing down from the Father through intertwined and connected steps, does not at all disturb the Monarchy [of the Father], whilst it at the same time guards the state of the Economy [of creation]. (Olsen 1998:97)

Met die “state of Economy” bedoel Tertullianus die Drie-enige God se betrokkenheid in die verlossing van die mens. Die Vader praat uit die hemel; die Seun staan in die rivier waar Hy gedoop word; die Gees daal neer in die vorm van ’n duif op Jesus; Jesus roep uit na die Vader, “nie My wil nie maar U wil geskied,” en later gee Hy Sy gees oor aan die Vader in Sy onderwerping aan ’n eensame dood. Die Gees word aan die Kerk gegee as ’n “ander Trooster.” (Ibid., 1998:97)

Tertullianus het hierdie selfde argument gevolg om die Godheid van Christus te verdedig. Met uitsondering van ’n paar wysigings het die hele Westers-Latynse Kerk sy teologie van die Drie-eenheid en die vleeswording van Christus aanvaar. (Needham 2002:129)

2.2 Augustinus

Hierdie talentvolle en geniale geloofsheld van 1600 jaar gelede word treffend deur Justo Gonzales beskryf: “Augustine is the end of one era and the beginning of another. He is the last of the ancient Christian writers, and the forerunner of medieval theology. The main currents of ancient theology converged in him, and from him flows the rivers, not only of medieval scholasticism, but also of sixteenth century Protestant theology.” (Vol. II 1979:15) Dit is inderdaad waar. Augustinus bevind hom, anders as Tertullianus, in die na-Konstantynse era, maar ook met die aanbreek van die Middeleeue. Dit was ook die begin van ’n era waarin die rol van die Kerk in die staat al groter sou word.

Aurelius Augustinus is op 13 November 354 in Tagaste, 250 kilometer oos van Die hoofstad Kartago en 35 kilometer suid van Hippo gebore. Dit was in die stad Hippo dat hy vir 35 jaar van sy lewe as talentvolle prediker en geniale teoloog sy werk sou verrig. Warfield haal Harnack aan as hy na waarskynlik een van die reuse van die Kerkgeskiedenis verwys “...between Paul the Apostle and Luther the Reformer, the greatest the Christian Church possessed.” (1970:114)

Augustinus se pa was Patricius wat eers kort voor sy dood ’n Christen geword het. Sy ma was Monica, ’n baie toegewyde Christen en sagmoedige mens wat veral swaar gebuk gegaan het onder die losbandige leefwyse van haar man en seun. Augustinus was egter baie geheg aan sy ma. C. G. De Groot meld dat Monica vir altyd die

simbool van 'n worstelende en biddende moeder geword het, wat meer as enige iets anders, die bekering van haar seun wou sien. (1988:8)

Sy lewe in die Romeinse Provinsie “Africa,” met Kartago as hoofstad, waar meer as 700 000 mense gewoon en werk het, was nie veel anders as die van Tertullianus nie. Dit was saamgestel uit 'n gemengde bevolking van Berbers, Fenisiërs en Romeine. Daar is 'n verskeidenheid van tale gebesig, naamlik die inheemse Berbertaal wat merendeels in die platteland gebruik is, Punies, afkomstig van die Fenisiërs en dan Latyns wat die *lingua franca* van die wêreld was. Benewens hierdie tale was die invloed van Grieks nog steeds voelbaar. Augustinus het egter nooit daarin geslaag om die taal onder die knie te kry nie. (Bentley-Taylor 2002:9-11)

Die hele kusstreek van Noord-Afrika was baie vrugbaar en dit het die kosmandjie van die Romeinse Ryk geword. Dis ook in hierdie streek waar die rasperde vir die Ryk geteel is en oral beroemdheid verwerf het. Die meeste wyn en olyfolie is ook hier gekweek. Daar was ook 'n goeie netwerk van paaie. Kortom, Kartago was naas Rome die belangrikste stad in die Romeinse Ryk.

Augustinus bevind hom dus in 'n landstreek met drie amptelike tale, mense van gemengde herkoms, 'n bloeiende ekonomie en die Christelike geloof wat deur die staat erken en beskerm is.

Dit was egter ook 'n tyd van onsekerheid. Die opbou van militêre magte uit die Germaanse stamme van Europa het die Ryk binnedring. Die volksverhuisings uit Europa het begin en orals verwoesting begin saai. In 410 n.C. het Alarik die Goot die Romeinse Keiserryk tot 'n val gebring. Hierdie was maar net die begin van die einde.

'n Ander groep Vandale het uit Spanje hulle aandag toegespits op Kartago, die Romeinse hoofstad van die Provinsie Africa (so gespel om dié Romeinse Provinsie te onderskei van die kontinent). Hulle het Noord-Afrika stelselmatig begin vernietig en baie mense het gesterf. Possidius, Augustinus se outobiograaf beskryf dit as volg: “He lived to see cities overthrown and destroyed, churches denuded of priests and ministers, virgins and monks dispersed, some dying of torture, others by the sword, others captured and losing innocense of soul and body, and faith itself in cruel

slavery; he saw hymns and divine praises ceasing in the churches, the buildings themselves often burnt down, the sacraments no longer wanted or, if wanted priests to administer them hard to find.” (Paul Johnson 1987:121)

Dit was die leefwêreld van Aurelius Augustinus.

2.1 Sy kinderjare en aanvanklike akademies agtergrond en die ontdekking van die diepte van sonde.

Augustinus se aanvanklike skoolopleiding het met moeite plaasgevind. Tog het hy aan die einde van sy laerskooldae akademies begin uitblink. Soveel so dat sy ouers begin geld bymekaar maak het om hom vir verdere opleiding te stuur. Hy moes egter ‘n volle jaar ledig tuisbly in die proses. Dit was in hierdie tyd dat hy betrokke geraak het by alles wat onheilig was. Hy skryf later met spyt oor hierdie dae: “Love and lust boiled within me and swept my youthful immaturity over the precipice of evil desire, to leave me half drowned in a whirlpool of abominable sins.” (Bentley-Taylor 2002:12)

Sy vader sterf gedurende hierdie tyd en dit bring by hom die onsekerheid van sy studies op die voorgrond. ’n Vriend van die familie het egter uitgehelp en later het Augustinus met groot genoegdoening hierdie goeie daad onthou. (Ibid, 2002:12-13)

In Kartago begin hy met sy studies en maak kennis met Cicero se filosofie. Cicero se werke het hom gefassineer, maar iets het kortgekom – die naam van Christus, wat hy uit sy kinderdae kon onthou van moedersknie. Hierdie gedagte dryf hom om die Skrif te ondersoek, maar hy vind dit so eenvoudig teenoor die werk van Cicero, dat hy dit weer laat vaar het, of soos hy dit stel, “they appeared to me unworthy to be compared to the dignity of Cicero.” (Walker 1963:161)

Vir die volgende nege jaar van sy lewe sou hy by die dualisme van die Manicheërs⁴ betrokke wees. Gaandeweg het hy egter die intellektuele en morele karakter van

⁴ Manicheïsme was die produk van Mani (wat in Babilon begin preek het en in 277 as martelaar sterf. Dit was sterk sinkretisties en sy idêe was die vorming van ‘n wêreldgodsdienst wat alle ander godsdienste sou oortref. Dit het ingesluit Zoroastrianisme, Buddisme, Judaïsme en die Christelike

hierdie beweging begin bevraagteken. Faustus, die leier van die Manicheërs kon nie sy ontnugtering en soeke beantwoord nie. Op aandrang van sy vriende vertrek hy in 383 na Rome. Hy ontvang die pos van professor in die retoriek in Milaan in 384.

Dit was hier in Milaan dat hy onder die kragtige prediking van Ambrosius gekom het. Sy ma Monica en 'n vriend Alypius het hier by hom aangesluit. Sy ma het begin druk uitoefen dat hy moes trou, maar die vrou wat sy vir hom gekies het was nog minderjarig en dit moes vir twee jaar wag. In sy *Confesiones 6:15* maak hy melding van die dwase besluit om van sy houvrou weg te breek by wie hy 'n seun gehad het met die naam Adeodatus vir wie hy geweldig lief was. Die pyn wat dit by hom gelaat het met net sy seun uit daardie verhouding om hom daaraan te herinner druk hy as volg uit: “My heart which was clave to her was cut, wounded and bleeding...Nor was the wound which was made by this amputation ...healed.” (E. M. Blacklock 1983:147-148).

Hy skryf ook dat dit die laagste punt van sy lewe was. Hy maak ook hier kennis met Neo-Platonisme⁵ Dit was ook die tyd dat hy met die stylvolle prediking van Ambrosius te doen gekry het. Die styl van sy prediking het Augustinus meer aangetrek as die inhoud van sy prediking, tog het God dit gebruik om hom tot geloof te bring. (Chadwick 1993:217)

2.2 Sy Bekering

Die invloed van Ambrosius op Augustinus was groter as wat hy self wou erken. Ambrosius was 'n sterk karakter. Blacklock skryf: “Ambrose defied an empress, and this moved Augustine, and gave weight to his teaching on theology. He was an

geloof. Hiervolgens is lig en duisternis, goed en sleg in 'n stryd gewikkel. Die mens is in wese 'n gevangene in die sfeer van die bose, maar in hom is ook iets van die sfeer van goed opgesluit. Die Vader het goeie boodskappers gestuur onder andere Jesus Christus en Mani self om mense van die binding waarin hulle verkeer te bevry. Redding word gebaseer op die korrekte verstaan van die mense se wese. Hy onderskei tussen die uitverkorenes en die hoorders. Laasgenoemde is diegene wat hulle laat deur hulle begeertes en drange. Die mens se grootste behoefte is om weg te kom van hierdie fisiese drange. Dit was verder ook 'n asketiese leefwyse – onthouding van alles wat aards is. Omdat dit sterk herinner het aan die Gnostisisme het dit geweldig veld gewen en was 'n bedreiging vir die Christelike Kerk.

⁵ Neo-Platonisme was 'n panteïstiese verklaring van Plato se lering dat die mens God in sy siel moet leer ken. Die mens moes die waarheid in sy eie binneste soek en dat die waarheid slegs in 'n suiwer hart wil woon. Die morele standaarde van die Neo-Platonisme was ook in 'n asketiese leefwyse vervat. Hierdie filosofie beskou God as 'n oneindige Gees wat die basis van alle dinge is.

orthodox Catholic. He believed in the Incarnation, and anathema to the Manichaeans. On the Church and the Old Testament he impressed Augustine with the reason of his beliefs.” (1983:181)

Dit was egter Ponticianus se getuienis oor die Monnike lewe van Antonius in Egipte wat sy aandag getrek het. Hierdie getuienis het sy reeds swaar gemoed laat verkrummel. Buite in die tuin het hy die eentonige gesing van ’n kind gehoor: “*Tolle lege, tolle lege*” “neem en lees.” Die naaste beskikbaar aan hom was die brief van Paulus aan die Romeine, hoofstuk 13: ¹³“Ons moet welvoeglik lewe soos dit in die daglig hoort. Daar moet geen drinkery en uitspattigheid, geen ontug en onsedelikheid, geen rusie en jaloesie wees nie. ¹⁴Nee, julle moet lewe soos volgelinge van die Here Jesus Christus en nie voortdurend daarop uit wees om julle sondige begeertes te bevredig nie.” Blaicklock beskryf die res: “I did not want to read on. There was no need. Instantly at the end of this sentence, as if a light of confidence had been poured into my heart, all the darkness of my doubt fled away.” (1983:204)

Tydens Paassondag in 387 is hy en sy seun Adeodatus deur Ambrosius gedoop. In die herfs van daardie jaar is sy ma oorlede in Ostia en keer hy terug na Afrika waar hy hom vestig in Tagaste. In 391 vestig hy hom in Hippo en in 395 volg hy Biskop Valerius op as biskop van die Kerk in Noord-Afrika.

2.3 Bydrae tot die Teologie

2.3.1 Sy Geskrifte

Sy geskrifte weerspieël sy werkvermoë. Soos Luther tydens die Hervorming die ganse verloop van die geskiedenis verander het, so het Augustinus dit tydens sy lewe gedoen. Sy skrywerstalent kom na sy bekering na vore. Tydens sy verblyf in Cassiacum skryf hy veral oor of teen:

- Die “Akademici” waarin hy hulle skeptisisme wysgerig ontmasker.
- Oor “ware geluk” beskryf hy dat die enigste geluk wat bestaan, is om God werklik te ken.
- Oor “die orde in die skepping” skryf hy dat selfs die teenwoordigheid van die kwaad binne die ordelike skepping van God bestaan.

Hierdie werke was almal religieus filosofies van aard waarin hy die basis lê vir ’n Christelike filosofie.

Sy aanvanklike geskrifte word opgevolg deur 'n hele aantal kontroversiële werke teen die Manicheërs, Donatiste en Pelagianisme, afgewissel deur Bybelse eksposisies asook dogmatiese en etiese studies.

Augustinus het 'n paar groot werke geskryf wat vir altyd 'n baie sterk invloed op die Kerk sou uitoefen.

- In sy *Confessiones* 397-400, gee hy 'n uiteensetting van sy eie geestelike reis en ervarings.
- Sy werk *de Doctrina Christiana* (397-426) is 'n verduideliking van die beginsels van sy Skrif verklarings.
- Die *Enchiridion Laurentium*, (421) handel oor geloof, hoop en liefde en wat waarskynlik sy grootste poging was om sy denke te sistematiseer.
- Die boek *De Trinitate* (395-420) was die voltooiing van die leer oor die Drie-eenheid.
- Waarskynlik sy grootste werk was *De Civitate Dei* waaraan hy vir dertien jaar gewerk het – 413-426. Hierdie werk was die grondlegging van 'n rasonale filosofie van die geskiedenis.

Warfield is van mening dat Augustinus bewus was van die belangrikheid van sy geskrifte en daarom het hy in sy laaste jare opsommenderwys 'n hersiening van al sy werke gedoen. Hy noem dit *Retractiones* 426-28. (1970:114-115)

2.3.2 Die Impak van sy geskrifte op die Teologie

Die kern van Augustinus se teologie was nie nuut in die vroeë Kerk nie. Baie kerkvaders voor hom het geleer dat God in beheer is en dat die mens van God se absolute genade afhanklik is. Hy het egter 'n nuwe wending daaraan gegee. Sy lering het uiting gegee aan *monergisme*.⁶ Dit is hierdie leerstelling wat in die 16de eeuse Reformasie die leer van Johannes Calvyn sou identifiseer en die invloed van Augustinus sou aandui. Roger Olsen skryf: “However, the broader perspective is Augustine’s monergistic ideas of providence and salvation in which God is the sole

⁶ Ferdinand Deist verduidelik die begrip monergisme as volg: “1. The doctrine that the two natures of Christ were completely united when he performed his deeds (from *mono+ergei* (Greek) ‘one way of working’) and that it is therefore impossible to say when he acted as a human and when as a divine person. 2. The doctrine that God alone is active in a person’s conversion, i.e there is no cooperation on the individual’s part.” (1987:107)

active agent and energy, and humans – both collectively and individually – are tools and instruments of God’s grace or wrath.” (1999:256)

Teologie voor Augustinus het anders daaruit gesien. Dit was eerder ’n geval van sinergisme.⁷ Daar was nooit in die vroeë Kerk twyfel dat God se heerskappy alles omvattend is nie, maar dit was wyd aanvaar dat die mens ’n mate van vryheid geniet het om sekere belangrike besluite te neem. Dit was nie asof hy die wil van die mens ontken het nie, maar hy verwerp summier enige vorm van die menslike wil om God se volmaakte wil te dwarsboom. Olsen haal Scott in hierdie verband aan: “While Augustine makes a titanic effort to preserve both human freedom and the goodness of God, it is clear that his God is, above all, the imperial ruler of the universe, and what cannot be sacrificed at any price is the absolute *power* of that God. This is the guiding thread of Augustine’s thought, that which gives shape to those doctrines most associated with his name.” (Ibid, 1999:256) Hieruit lei ons af dat die Soewereiniteit van God vir Augustinus van kardinale belang was.

Sy *Confessiones* is ’n blootstelling van sy hele lewe. Daarin vervat hy sy kinderjare, skoolopleiding, familie, sy stryd met sonde, sy bekering, sy teologiese ontdekkings en ontwikkeling asook sy geestelike en fisiese gesondheid. Hy maak geen geheim van sy sondes nie en daarmee beklemtoon hy dat die mens radikaal verdorwe is en die genade van God nodig het om hom te verander. Hy was soos iemand dit uitgedruk het “’n pessimis wat die mens betref, maar ’n optimis wat die genade van God betref.”

Sy eerste 33 jaar is ’n tipiese bewys van iemand wat onder die vaandel van die Christelike geloof grootgeword het, maar daarvan wegbeweeg het in ’n poging om homself te vind in ’n wêreld van weelde, wellus en ’n verskeidenheid van godsdienstige bewegings soos Manicheïsme en filosofieë.

Deur sy bestudering van neoplatonisme het hy begin glo dat die Christelike geloof en die Bybelse religie oor die algemeen nie die probleem van die sonde kon bekamp nie. Indien God dan almagtig is, waarom dan die teenwoordigheid van soveel kwaad en

⁷ Deist verduidelik dat sinergisme is die samewerking tussen God en die mens in die proses van verlossing. Dit is byvoorbeeld wanneer die mens God se genade aanvaar en God ondersteun hom om die genade te aanvaar. (1987:166)

ellende in die wêreld? God skep dan alles uit niks. Dus moes God die kwaad geskep het as deel van die skepping. Olsen beweer dat “Neo-Platonism – a pagan philosophy – gave him one of the keys to unlock the door that opened onto his mother’s religious faith.” (1999:257)

Augustinus se bekering is van wesenlike belang vir ’n Bybelse wêreldbeskouing. Die Christelike geloof is nie ’n byvoeging tot die mens se lewensbestaan nie. Dis ’n leefwyse op sy eie. Dis die sin van die lewe. Sy hele worstelstryd om by die punt van algehele oorgawe te kom word duidelik uitgedruk in sy *Confessiones*. Die Christelike geloof is ’n radikale breuk met die verlede. Die Christelike geloof is nie slegs om die waarheid te glo nie, maar ook *wat* om daarmee te maak. Augustinus se bekering het daartoe gelei dat hy nie meer net die Christelike geloof gesien het as “heilig” (geloof, moraliteit en verlossing) aan die een kant en aan die ander kant van die spektrum “sekulêr” (alles wat die wêreld kan bied) nie.

Sy geskrifte, soos bo genoem, openbaar sy wye kennis van die filosofie, psigologie en die teologie. Sy hantering van die skepping, Adam, die sondeval en vele ander aspekte rondom die mens se bestaan, het hy gebruik om die kredietwaardigheid van die Bybel in die denke en harte van die mense te vestig. “If anyone preaches either concerning Christ or concerning His Church or concerning any other matter which pertains to our faith and life; I will not say, if we, but what Paul adds, if an angel from heaven should preach to you anything besides what you have received in the Scriptures of the Law and of the Gospels, let him be anathema.” (White, 1995:41). Dieselfde boek wat hy as minderwaardig beskou het teenoor Cicero het hy nou verdedig as die enigste gesag vir geloof en lewe. Belangrik om te sien by Augustinus is dat die rol van die Skrif in die Christen se lewe allesoorheersend is. Die Christen kon die Skrif toepas op die sosiale lewe, die politiek, die ekonomie en die regstelsel. Die Christelike geloof was dus ’n wêreldbeskouing.

Wat ook van belang is, is om by Augustinus te bespeur dat die teologie nie ’n verstarde entiteit is nie, maar ’n ontwikkelende dissipline. Augustinus het altyd daarna gestrewe om konsekwent te wees, maar dis ook duidelik uit sy leer oor die Drie-eenheid dat dit beide misterieus en gevaarlik is. “As jy dit ontken verloor jy jou verlossing en as jy dit probeer verstaan verloor jy jou verstand.” (Olsen 1999:261)

Dit beteken egter nie dat hy nie die misterie daarvan bestudeer het nie, maar hy het ook toegelaat dat sy denke geslyp moes word deur die nood van die uur. So gebruik hy byvoorbeeld die geleentheid om sy gemeentelede toe te rus m.b.t. die Drie-eenheid in 'n preek oor die doop van Jesus deur Johannes die Doper. "In Jesus' baptism we behold and see as it were in a divine spectacle exhibit to us the notice of our God in Trinity, conveyed to us at the River Jordan. Jesus is baptized, the Spirit descends upon him as a dove, and the Father affirms his love for his only Son. Here then we have the Trinity in a certain sort distinguished. The Father in the Voice, - the Son in the Man, - the Holy Spirit in the Dove....The notice of the Trinity is here conveyed to us plainly and without leaving room for doubt or hesitation." (Hall 2002:74). Die ontwikkeling van die teologie is 'n erflating van Augustinus wat die Kerk in Suider-Afrika nie durf verloor nie. Augustinus se erflating is juis dat die Kerk haar by die omstandighede van die tyd en kultuur moet ingrawe en die nood van die uur aanspreek binne die raamwerk van die Skrif as die finale gesag.

2.3.3 Die Donatiste Stryd

Augustinus se stryd teen die Donatiste⁸ is ook 'n bewys van sy gebruik van die teologie binne sy leefwêreld. Om hierdie stryd te bowe te kom pak hy die probleem op drie fronte aan:

- Die wese van die Kerk
- Die sakramente
- Die verhouding tussen Kerk en Staat.

Die Donatiste se siening van die Kerk het hulle gedwing tot afsplintering van die Katolieke Kerk. Die Kerk was gesien as 'n heilige minderheid op aarde. Augustinus se antwoord hierop was dat die Kerk 'n "gemengde liggaam van gelowiges en ongelowiges is." Hy gebruik die gelykenis in Mat.13:24-31 om sy punt te staaf. Hiervolgens verklaar hy dat daar altyd "onkruid" tussen die koring sal wees. Om hierdie onkruid uit te trek voor die oes sou prematuur wees en die eenheid in die gemeente versteur. Sy verstaan van die Kerk as heilig, is eerste van alles geleë in die Hoof van die Kerk – Christus. Die Kerk op aarde is gekontamineer deur sonde, maar

⁸ Donatisme is 'n beweging wat in die 4de eeu sterk gefugireer het in Noord Afrika. Hulle het 'n sterk skeurings mentaliteit gehandhaaf. Hulle lede het geglo dat die geldigheid van die doop en die ordening van leraar verbeurd verklaar is wanneer persone sou swig onder die druk van vervolging. Hulle het ook enige vorm van verdrag tussen Kerk en Staat verwerp.

word heilig gemaak deur Christus en hierdie proses sal slegs voltooi wees by die Wederkoms van Christus.

Die Donatiste het enige sakrament wat deur teruggevalle leraars of leraars wat hulle skuldig maak aan kettery bedien is, verwerp. Olsen haal Bonner aan: “What we look for is the conscience of the giver, giving in holiness, to cleanse that of the recipient. For he who knowingly receives faith from the faithless, receives not faith but guilt.” (1999:266). Hierop het Augustinus gereageer dat dit nie die een is wat die doop of Nagmaal bedien wat belangrik is nie, maar Christus van wie dit afkomstig is. Die sakrament is dus heilig. Twee teologiese strome het uit hierdie debat na vore getree oor die sakramente wat McGrath as volg aandui:

- Sacraments are efficacious *ex opere operantis* – literally, “on account of the work of the one who works.” Here the efficacy of the sacraments is understood to be dependent upon the personal qualities of the minister.
- Sacraments are efficacious *ex opere operato* – literally, “on account of the work that is worked.” Here the efficacy of the sacraments is understood to be dependent upon the grace of Christ, which the sacraments represent and convey.” (1998:77)

Derdens het Augustinus Staatsinmenging verwelkom om die Donatiste terug te dwing in die Kerk. Hierdie is ’n beleid wat hy aanvanklik geopponeer het, maar later tevrede oor gevoel het, waarskynlik omdat die Donatiste gewelddadig begin raak het. McGrath noem dat Augustinus die Donatiste beskuldig het daarvan dat hulle nie hulle eie morele waardes toepas nie en “they were just as capable as catholics of getting drunk or beating people up.” (1998:75). Needham maak melding van die Donatiste wat “Circumcellions”⁹ was en geweld gebruik het deur aanbiddingsplekke te verwoes. Augustinus is byna om die lewe gebring deur een van hierdie Circumcellion bendes. (2002:246).

Die Westerse Keiser Honorius het druk op die Donatiste begin uitoefen deur hulle besittings te konfiskeer en hulle leiers te verban. Hierdie beleid het die gewenste

⁹ Die woord is van onsekere herkoms. Dit mag van Latynse herkoms wees wat beteken “rondom die selle’ as aanduiding vir plekke van aanbidding.

vrugte afgewerp en Augustinus het dit verwelkom omdat baie van die Donatiste lojale en soliede lidmate van die katolieke kerk geword het.

Aanvanklik het hy hierdie soort van optrede veroordeel, maar toe hy sien dat vervolging deur 'n “Christelike owerheid” tog positief werk, het hy dit teologies verantwoord. Hierdie standpunt van Augustinus het later negatiewe weerklanke in die Middeleeuse Kerk gehad. Die Kerk het nou begin om mense op die brandstapels tereg te stel. Augustinus is egter verkeerd geïnterpreteer. Hy het nooit die doodstraf teen opponente van die Kerk goedgekeur nie, maar slegs boetes en verbanning.

Die belang hiervan is om aan te toon dat hierdie teoloog nie gehuiwer het om sake van teologiese belang vir die eenheid van die Kerk aan te spreek in die lig van dwaalleringe wat die rondte gedoen het nie. Die dryfveer agter sy optrede was altyd Skrifgefundeerd binne die konteks van sy leefwêreld.

2.3.4 Die Pelagiaanse stryd

Die Pelagiaanse stryd was waarskynlik die felste gewees tydens sy lewe. Hierdie vraagstuk het geraak aan die oorsprong van sonde, die menslike wil, genade en regverdiging. In 'n Christelike wêreldbeskouing is dit van kardinale belang. Dit bepaal direk ons omgang met ons medemens, omgewing en die wêreld as geheel.

Pelagius, oorspronklik van die Britse eilande, word in die geskiedenis beskryf as van nature 'n askeet en moralis. Hy het nooit werklik die druk van versoekings ervaar nie en was daarom redelik onverdraagsaam met mense wat verwys het na die “gevalle menslike natuur” as 'n verduidelik vir sonde. Volgens hom het die mens niks makeer nie omdat God hom volmaak geskep het. Daar was die Wet van God wat gehandhaaf moes word in 'n morele leefwyse en die navolging van Christus as voorbeeld, wat genoeg was. Hall skryf dat volgens Pelagius is daar drie aksies wat geneem word in enige morele besluitneming:

- “We must be able to perform the action – *posse*. Pelagius assigns *posse*, the ability to perform a certain action, to human nature as created by God.
- We must be willing or desire to do the action – *velle*.

- The action must actually be performed – *esse*. Both *velle* and *esse*, unlike *posse* are to be referred to the human agent, since they have their source in his will.” (2002:134-135)

Augustinus daarenteen het die krag van sonde baie deeglik geken, soos beskryf in sy *Confessiones*, en beseft dat hy nooit sonder die genade van God enige ewigheidsbesluite kon neem nie.

Hy het Pelagius se hele lering opgesom in drie woorde: Vermoë, wil en optrede. Hiervolgens besit die mens die vermoë om moreel reg op te tree omdat God hom met daardie vermoë geskep het. Dit is dus moontlik vir die mens om tot ’n moreel korrekte besluit te kom om God te *wil* gehoorsaam. Gehoorsaamheid aan God hang dus ten nouste saam met die mens se *gewilligheid* om sy vrye wil te gebruik in ons *optrede*. So, beweer Pelagius, kan die mens hom dus self verheug in God wat hom volmaak geskep het. Hy was oortuig dat die sonde van Adam en Eva nie die menslike natuur geaffekteer het nie. As gevolg van hierdie standpunt kom hy tot die konklusie dat die mens se lewensloop bepaal word deur sy omgewing en indien hy die regte opleiding ontvang, kan hy ontwikkel tot ’n volmaakte wese. (McGrath 1998:78-79)

Dit kom min of meer neer op die 19de eeuse Liberalisme met hulle idee van bou meer skole dan kan die gevangenis gesluit word. Skakel dus die verkeerde voorbeelde of ideologieë uit en jy het ’n volmaakte omgewing. Die teendeel in Suid-Afrika en Europa is juis waar. Die verkeerde ideologieë is uitgeskakel en die wêreld sit steeds met die probleem: die verdorwenheid van die mens soos dit uitdrukking vind in geweld en korrupsie. Die mens word nie meer binne die Bybelse lering verklaar nie en vandaar die geweldige korrupsie en misdaad.

Vir Pelagius was Christus dus net ’n goeie voorbeeld. Augustinus wys op sy eie lewe wat deur sy moeder se goeie voorbeeld nog steeds die verkeerde pad geloop het. Sy eie pogings in die Manicheër beweging, sy studies in die retoriek en filosofie het ook nie die gewenste uitwerking gehad nie. Selfs sy bestudering van die Skrif het dit nie gedoen nie. (De Groot 1988:49)

Hy definieer sonde as 'n *siekte*, 'n *krag*, en as *skuld*. (McGrath 1998:82). Sonde is dus inherent aan die wese van die mens. Pelagius aan die ander kant beperk sonde tot wederregtelike dade.

Augustinus hanteer sonde eerstens op grond van *oorerwing* – Rom.5:12-19. Dit het die mens se vermoë sodanig vernietig dat hy Christus die Verlosser nodig het om hom te bevry – Jes.53:5. Sonder hierdie genadewerk kan die mens nie die lig sien en God erken nie. (McGrath 1998:82)

Die tweede analogie wat hy gebruik is sonde as 'n *krag*. Die menslike wil word gevange gehou deur die krag van sonde en slegs genade kan hom bevry. Daarom word Christus gesien as die Verlosser om die mens uit hierdie gevangenskap te bevry. (Ibid, 1998:82)

Die derde analogie is die van *skuld*. Dit is 'n juridiese of forensiese konsep. Dit was deeglik verstaan in die Romeinse kultuur met sy klem op die regte van sy burgers. Christus word dus gesien as die Verlosser wat ons vryspreek van die skuld. (Ibid, 1998:82)

Augustinus se bestudering van die Skrif bring hom dus tot die gevolgtrekking dat die menslike natuur 'n innerlik transformasie deur die genade van God nodig het. Dis in teenstelling met Pelagius wat God se genade beperk tot uiterlike verligting soos die Tien Gebooe en die morele voorbeeld van Christus na te volg. Vir Augustinus sou die basis vir die regverdiging van die individu wat uiteindelik die samelewing kan verander, gevind word in die goddelike belofte van God se genade. Hierdie belofte het uitdrukking gevind in Christus as Verlosser en nie as voorbeeld nie. Die ontdekking hiervan lê opgesluit in die korrekte beskouing en hantering van die Skrif.

Die belang van Tertullianus en Augustinus vir Suid-Afrika is 'n uitdaging. Die Kerk moet terugkeer na die grondbeginsels van 'n Christelike wêreldbeskouing ten einde 'n gesonde samelewing te kweek en die Kerk in Suid en Suider-Afrika relevant te maak.

HOOFSTUK 3: DIE GESAG VAN DIE SKRIF

“*Vox Scriptura, vox Dei*”- die stem van die Skrif is die stem van God! Dit is die standpunt van die Kerk vir reeds meer as 2000 jaar. Die Bybel is die Woord van God. Juis daarom praat ons van die gesag van die Skrif. Herman Ridderbos merk tereg op, “The authority of Scripture is the great presupposition of the whole of the Biblical preaching and doctrine.” (1978:20). Die Skrif is die uitdrukking van God se hart, denke en optrede. Die Skrif word selfs so verpersoonlik asof dit God self is – Gal.3:8 en Rom.9:17. Dit alleen, sê Ridderbos, impliseer die “gesag van God se Woord.” (1978:21). Grudem huldig dieselfde standpunt: “The authority of Scripture means that all the words in Scripture are God’s words in such a way that to disbelieve any word of Scripture is to disbelieve or disobey God.” (1994:73) MacArthur meld, “The Bible was written by God to reveal Himself. It is the only authoritative and absolutely reliable record of man’s origin, dilemma, salvation and destiny. It serves as man’s only moral and spiritual standard.” (1988:5)

Die Christelike geloof maak aanspraak op geopenbaarde waarheid. Hierdie geopenbaarde waarheid – God se denke en wil - is die begrip waarmee gehandel moet word in die verdediging van die gesag van die Skrif. Filosofie aan die ander kant word algemeen gesien as die produk van die mens se denke. As mense is ons gebonde aan tyd en ruimte. Daarom is ons in ons wese bewus dat êrens buite ons aardse bestaan, oorspan ons Skepper, die God van hemel en aarde, alles en almal met sy bo-menslike vermoë om te skep en te onderhou. Die mens is nie by magte om hierdie Skepper God op eie houtjie te ken en verstaan nie. God het dus op eie inisiatief die struikelblokke van die mens se onvermoë uit die weg geruim en Hom aan ons bekend gemaak deur sy Woord aan ons te gee. Die Christelike geloof is God se *apokalupto*. Hy het homself progressief aan die mens bekend gemaak tot en met die voltooiing van die kanon van die Skrif – Hebr.1:1 “In die verlede het God baiekeer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete,² maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun. God het Hom deur wie Hy die wêreld geskep het, ook erfgenaam van alles gemaak.”

Die gesag van die Skrif is dus nie gesetel in die mens se briljantheid om te kommunikeer nie. Dis nie te vind in die persone van die profete en apostels nie, maar in die soewereine God. Hy het sy eie Woord “geadem” deur hierdie menslike instrumente. God self staan agter elke stelling, leerstelling, belofte, opdrag en profesie wat gemaak word in die Skrif. Ons ontmoet God in elke menslike outeur van die Bybel. (Carson 1996:152) Let op hoe sterk Paulus dit stel in 1 Kro.14:³⁷ “Iemand wat dink dat hy ’n profeet is of ’n ander gawe van die Gees besit, moet erken dat wat ek aan julle skrywe, ’n bevel van die Here is.”

Bogenoemde definisies toon dat ‘n sterk saak uitgemaak is oor die gesag van die Skrif. Waarom dan hierdie sterk standpunte? Dis duidelik dat die gesag van God se Woord onder die loep gekom het en steeds is binne ons moderne samelewing.

Geestelike en morele verval is ‘n kenmerk van die mens se leefwêreld en is nie per sé uniek net aan ons post-moderne samelewing nie. Reeds in Gen.6 lees ons dat God diep bedroef was oor die verdorwenheid van die mens. Regdeur die Ou Testament was die een groot aanklag teen Israel dat hulle die Woord van God verwerp het en daarom die straf op hulle sonde wat uitdrukking vind in ballingskap op ballingskap. Die profeet Jesaja waarsku Israel en Juda dat die wat nie terugkeer na die Wet nie, die gramskap van God op hulle haal – Jes.8:20. Elkeen van die korter profete adem dieselfde gees as die van Jesaja.

Met die aanbreek van Jesus Christus se aardse bediening en sy versoeking in die woestyn – Mt.4 – beroep hy homself telkemale op die Woord van God. Sy antwoorde en optrede regdeur sy aardse bediening onderstreep die hoë en verhewe siening wat hy aan die Skrif gee. In sy gelykenis oor Lasarus en die ryk man, Lukas 16, maak hy dit duidelik dat “Moses en die Profete” aan die mense van sy tyd gegee is en daaraan moet hulle gehoor gee. Na sy opstanding en sy verskyning aan die dissipels op pad na Emmaus in Lukas 24:13vv toon Christus aan watter gesag hy aan die Skrif gee.

Dit is hierdie gees wat as’t ware geadem word deur die Kerkvaders wat aan ons toon dat die gesag van die Skrif ‘n onbetwiste gegewe was. Carson beweer dat om die rug te keer

op die gesag van die Bybel is om doelbewus die rug te draai op die tradisie van die vroeë Kerk en die getuienis van die Bybel self. (1996:153) Juis hierdie vroeë Kerkvaders kan antwoorde bied op die groot vraagstuk rondom die gesag van die Skrif. Hulle leefwêreld in 'n pluralistiese, pre-moderne, pre-Christelike samelewing toon ooreenkomste met die huidige pluralistiese, post-moderne en post-Christelike samelewing van die 21ste eeu, wat verskrimpel in elke denkbare vorm van relativisme waarin daar geen absolutes meer oor is nie.

3. 1. Die Ou Testament

Geleerdes wys daarop dat die vroeë Kerk geen vraagtekens gehad het oor die Wet, profete en die geskrifte nie. Vir hulle was dit God se Woord waaraan hulle hulself onvoorwaardelik onderwerp het. Die ontvouing van Christus se lewe en bediening was vir hulle bowendien die vervulling van die Wet, profete en geskrifte. Trouens, Bromiley meld die volgende: “From the very beginning then they gave Holy Scripture to the infant Church and taught the first believers, both Jews and Gentiles, to accept, read, study, revere, quote, and commend it as the written Word of God.”(1992:199).

Die enigste onduidelikheid wat onder hulle bestaan het, was die omvang van die Ou Testament. Die oorspronklike Ou Testament het bestaan uit twee-en-twintig of vier-en-twintig boeke. Hierdie boeke was verdeel in drie groeperings naamlik, die Wet, Profete en die Geskrifte. Dit was ook vertaal in die Grieks - Septuaginta, wat hoofsaaklik toegespits was op die Jode in die diaspora. Met die vinnige verbreiding van die Christelike Kerk in Klein Asië het die Septuaginta, wat ook verskeie apokriewe boeke bevat het, gou die populêre gebruik van God se Woord geword. Dit was juis onder andere manne soos Irenaeus en Tertullianus wat van hierdie Apokriewe boeke gebruik het in hulle lering op dieselfde manier as wat die Wet, Profete en Geskrifte gebruik is. Jansen meld byvoorbeeld Tertullianus se vrye gebruik van die Henog boek om verdere verduidelikings aan die profetiese geskrifte te verleen. (1982:193) Tog maak hy onderskeid in die Latynse uitdrukking daarvan. Hy meld byvoorbeeld dat hierdie

geskifte – *scriptum* is. ”Scriptum” is egter nie “*scriptum est*” of “*scriptura*” – die Heilige Skrif nie.

Later het onder andere die groot Athanasius die gesag van die Apokriewe boeke verwerp, alhoewel dit deur ander soos Johannes Chrysostomus gebruik en voorgeskryf is vir die “opbouende waarde” daarvan. (Bromiley 1992:200)

Alhoewel Hieronymus (aan wie Augustinus groot waarde geheg het) die kanon van die Skrif beperk het tot die uitsluitlike Hebraëuse werke, het Augustinus tog later in die vierde en vyfde eeu, na die sinode in Kartago van 397, die Apokriewe aangehaal, veral “*Die Wysheid van Salomo*” en “*Ecclesiasticus.*” (City of God 17:20). Trouens, Augustinus maak die volgende stelling oor die Septuaginta. “From this Septuagint a translation was made into Latin which the Latin-speaking Churches retain, although our time has produced the presbyter Jerome, a man of great learning, master of all three languages. He has translated the Old Testament into Latin, not from the Greek but from the Hebrew, and the Jews acknowledge his accuracy.” (City of God 18:43)

Alhoewel hy bewus was van die talle foute in die vertaling, en sy eie gebrekkige kennis van die oorspronklike tale, het hy nogtans die volgende as oplossing gebied vir hierdie tekortkoming. “The very same Spirit that was in the prophets when they uttered their messages was also at work in the seventy scholars when they translated them. Both sources should be employed as authoritative. Both are inspired by God. In this even I, in my small measure, follow the apostles, because they quoted from both sources, the Hebrew and the Septuagint.” (City of God 18:43-44)

Gegewe die pluralistiese samestelling van die Romeinse Keiserryk, het Augustinus nooit gehuiwer om homself duidelik uit te druk oor die gesag van die Skrif nie. Die Heilige Skrif vir hom was gevestig “upon the supreme and heavenly pinnacle of authority.” (“*sanctam Scripturam, in summo et caelesti auctoritatis culmine collocatam.*”) Hierdie geskifte, sê Augustinus, moet gelees word “in assurance and security as to their truth.” Elke stelling daarin moet aanvaar word as *absoluut* betroubaar. (Juis in ‘n pluralistiese

samelewing, is die woord *absoluut* nie ‘n “verbruikers vriendelike” begrip nie en tog gebruik Augustinus dit geredelik.) Hy was van mening dat nie een van die oorspronklike skrywers op enige manier foute begaan het in die neerskryf van God se Woord nie. Dit sou volgens hom suiwere kwaadwilligheid wees om die foutloosheid van die profetiese en apostoliese geskrifte te bevraagteken. In sy *Epist.* 82 aan Hieronymus maak Augustinus dit duidelik dat hy homself onderwerp aan die *absolute* gesag van die Skrif: “To these canonical Scriptures only does he owe that implicit subjection so as to follow them alone as to admit no suspicion whatever that their writers could have erred in them in any possible respect, or could possibly have gone wrong in anything.” (*sicut paulo ante dixi, tantummodo Scripturis canonicis hanc inginuum debeam servitutem, qua eas solas ita sequar, ut conscriptores earum nihil in eis omnino errasse, nihil fallaciter posuisse non dubitem.*”) (Warfield 1970:179)

Augustinus het dit baie duidelik gemaak dat die Christelike geloof en elke leerstelling daarin vervat, gebou is op die gesag van God se Woord. Juis in sy stryd met die Manicheërs wys hy daarop dat die Drie-eenheidsleer slegs aanvaar kan word op gesag van die Woord van God. (Paul D. Hanson 1989:58) In sake waaroor die Skrif swyg en wat nie betrekking het op die mens se saligheid nie, het ons nie nodig om dieper te delf nie. Hieroor skryf Augustinus in sy “De Genesi ad litteram II, 20: “People often ask me what Scripture has to say of the shape of the heavens. Many have argued about this subject, but our authors (of the Scriptures) have omitted to tell us about it, and with great wisdom, seeing that such knowledge is of no advantage in eternal life.” (Polman 1961:59-60) Tog, skryf MacArthur en haal aan uit Augustinus se *City of God* in ‘n hoofstuk getiteld, “*Of the Falseness of the History Which Allots Many Thousand Years to the World’s Past*” die volgende oor diegene wat ‘n “ou aarde teorie” gehuldig het: “They say what they think, not what they know. They are deceived, too, by those highly mendacious documents which profess to give the history of many thousand years, though, reckoning by the sacred writings, we find that not 6000 years have yet passed.” (2001:71) So ‘n stelling is insiggewend gesien in die lig van ons modern-wetenskaplike era waarin ons eerder praat van die gesag van die geleerdes. Hiermee ontken ons egter nie die wetenskap en die onskatbare waarde daarvan nie.

Die gesag van die Skrif is God se reg om te heers. Die Christendom buig voor God se gesag wanneer sy hierdie geopenbaarde waarheid van God onomwonde erken en aanvaar. Hierdie gesag is vervat in die Ou en Nuwe Testament.

3. 2. Die Nuwe Testament

Jesus Christus het Sy bediening in die konteks van die gesag van die Ou Testament begin en voortgesit. Hy maak dit duidelik aan die Samaritaanse vrou van Johannes 4, dat die verlossing is uit die Jode. Dit is op sterkte van Jesus Christus se hantering van die Ou Testament dat die apostels die Ou Testament aan die Kerk voor gehou het as die volledige openbaring van God. Dit was 'n gegewe en voltooidde kanon. Die Nuwe Testament was egter in wording en sou oor 'n tydperk van jare en deur groot vraagstukke dieselfde status verkry. Die vraag wat die vroeë Kerk egter moes beantwoord was die kriteria vir die erkenning van gesag. Sou dit alleenlik apostolies van oorsprong wees of sou dit ook kon beteken “in assosiasie met die apostels?”

Die vroeë Kerk het vroeg reeds aanhalings gemaak nie alleen uit die apostoliese geskifte nie, maar ook uit die geskifte van ander erkende predikers in assosiasie met die apostels. Die Ou Testamentiese “daar staan geskrywe” was nie iets wat aanvanklik in die Nuwe Testamentiese Kerk gebruik is nie. Tog het die eg apostoliese werke baie gou 'n gesagvolle beslag in die vroeë Kerk ontvang. So byvoorbeeld het skrywers van die eerste en vroeg tweede eeu na Christus begin verwys na die “Nuwe Testament.” Onder hulle was Clemens van Rome en Polikarpus wat gereeld uit werke van die apostels aangehaal het. Bromiley verwys na “Tertullian balanced the evangelical and apostolic books (Gospels and Epistles) over against the Law and the Prophets.” (1991:201) Vir Tertullianus, sê John F. Jansen, is die Ou en Nuwe Testament “*scriptura, divina literatura, sancti commentarii, sacrosanctus stillus,..*” (1982:198) Tertullianus was ewe duidelik oor die gesag van die Ou Testament. Dit het meestal na vore gekom in sy swaardkruisery met die dwaalleraars van sy tyd. In 'n argument met Marcion wat die Ou Testament in sy geheel verwerp het, kom Tertullianus na vore juis met 'n argument uit

die evangelie van Lukas 10:25-26. In hierdie gedeelte wys Jesus Christus die Wetsgeleerde daarop dat die ewige lewe juis verband hou met sy lees, verstaan en gehoorsaamheid van die wet – (Ou Testament). Die Lukas evangelie was juis dié evangelie wat Marcion aanvaar het as gesaghebbend.

Die kriteria in hierdie tydperk was apostolisiteit. Warfield meld die volgende oor Augustinus in hierdie verband. “Whatever is apostolic is authoritative, because behind the apostles lies the authority of Christ, who chose, appointed, and endowed the apostles to be the founders of His Church; and Christ’s authority is the authority of God, whose Son and Revelation He is. The great depository of the apostolic revelation is the Holy Scriptures,..” (1970:178)

Die vraag was egter wat gemaak moes word met ander geskrifte soos die “Herder van Hermas”, Polikarpus se geskrifte, Clemens se briewe en vele ander wat in omgang was in die Kerk? Jansen noem dat die Muratorian Canon aanbeveel het dat onder ander die Herder van Hermas aanbeveel is as “opbouende literatuur,” maar nie *scriptura* wat gelees moet word in gemeente byeenkomste nie. Dit mag ook nie gereken word as deel van die profetiese geskrifte nie, aangesien die Ou Testament reeds ‘n voltooide getal boeke was. (1982:193).

Wat dit nog meer kompleks gemaak het was die feit dat vals leraars ook die kerk ingesypel het en wat ewe sterk gestaan het op die feit dat hulle met “Bybelse gesag” praat. Tertullianus beskuldig byvoorbeeld Marcion daarvan dat hy die mes inlê in plaas van die pen met die gevolg dat die hele Ou Testament en groot dele van die Nuwe Testament uitgesny is. (*Prescription 40*) Vir hom was dit ‘n geval dat selfs die duiwel die Skrif kon gebruik tot sy misleidende voordeel. Tereg vra hy: “Who interprets the meaning of those passages which makes for heresy? The devil, of course, whose business it is to pervert truth...” (Jansen 1982:199) Juis sy stryd met Marcion noop hom om die gesag van die vier evangelies neer te pen. “I lay it down to begin with that the documents of the gospel [*euangelicum instrumentum*] have the apostles for their authors, and that this task of promulgating the gospel was imposed upon them by our Lord

Himself. If they also have for their authors apostolic men [*apostolicos*], yet these stand not alone, but as companions of apostles or followers of apostles ...” (Adversus Marcion IV. 12.1) Volgens hom het die apostoliese evangelies Matteus en Johannes die grondslag van die geloof in ons begin, terwyl die apostoliese tydgenote Markus en Lukas ons geloof hernu.

Tertullianus het die Nuwe Testament beskou as die bepalende “discipline” wat die suiwerheid van lering in die Kerk waarborg op dieselfde manier as die priester wat homself in die Ou Testament aan die regulasies van die Wet moes hou met betrekking tot sy bediening in die tempel.

Die outeurs van die Nuwe Testament het ongetwyfeld aan die Kerk behoort. Natuurlik was die kanon van die Skrif deur die Kerk erken. Dit het reeds bestaan op grond van die apostoliese gesag – deur God se roeping in Christus Jesus. Die Kerk het aan hierdie geskryfte volle gesag vir geloof en lewe toegeken. Dit was hierdie geskryfte se apostolisiteit wat aan hulle die objektiewe en inherente reg verleen het om as die Heilige Skrif bekend te staan. Augustinus se denke was uitgemaak dat die gesag van die Skrif die onfeilbare en onvervreembare rigtingwyser binne die Kerk is. Die gesag van die Skrif bepaal die lering van die Kerk (tradisie) en hierdie tradisie kan slegs deur die Kerk gesagvol uitgedra word. Wat egter bepalend was, was dat die Kerk slegs binne die raamwerk van apostoliese interpretasie moes bly.

Hierdie apostolisiteit moes egter binne ‘n raamwerk geskied – *histories* en *leerstellig*. *Historisiteit* sou bepaal watter werke was van apostoliese oorsprong of deur mense wat medewerkers van apostels was soos in die geval van Markus en Lukas. *Leerstellig* moes die inhoud ‘n weerspieëling wees van die apostoliese inhoud in prediking en uitleg van die Skrif. Hierdie kriteria was bepaal deur objektiewe beoordeling van die lering van die apostels. Lukas is hier ‘n goeie voorbeeld van noukeurige navorsing met betrekking tot dit wat geglo is. As gevolg van hierdie kriteria kan Warfield se navorsing oor Augustinus aanvaar word wanneer laasgenoemde se stelling lees dat, “outside the Church there can be no right knowledge of God.” (1970:216). Augustinus sou dus reg verstaan word dat

wanneer die Kerk getrou die apostoliese verkondiging van die Skrif handhaaf, die verlossingsboodskap daarmee saam die wêreld ingedra word met positiewe gevolge. Die Kerk is en bly dus die medium van genade waardeur God sy lewensveranderende werk in die wêreld verrig – moreel, sosiaal, ekonomies en polities.

3. 3. Die Ontstaan van die Skrif

3.3.1. Goddelik

Die Skrif, die Bybel, wat in elke Christen gelowige se huis te vinde is, is Goddelik van oorsprong. Kelly meld dat Tertullianus ‘n tweevoudige versameling van gelykwaardige gesag in die Ou en Nuwe Testament gesien het, wat hy beskou het as “*instrumentum utriusque testamenti.*” (1985:56). Jesus Christus se stelling dat die verlossing uit die Jode is, is waar, maar Israel of te wel die Jode, kan nie gesien word as die outeurs van die Ou Testament nie. Net so min kan die Kerk gesien word as die outeur van die Nuwe Testament. Die Skrif in sy geheel is ‘n gawe van God. David Bentley-Taylor kom tot die slotsom dat Augustinus se absolute vertroue in die goddelike oorsprong van die Skrif nie iets was waartoe hy “geredelik” gekom het nie. Dit was die produk van ‘n langdurige intellektuele stryd met die Manicheërs en veral Faustus. Augustinus het Faustus erken as ‘n formidabele opponent wat die gesag van die Ou Testament verwerp het. Bentley-Taylor haal Augustinus aan: “It is clearly your aim to deprive Scripture of all authority and to make every individual’s mind the judge of what passage in it is to be approved and what rejected. This is not to be subject to Scripture but to make Scripture subject to you.” (2002:85-86). Wanneer ons die goddelike oorsprong van die Skrif in sy geheel aanvaar moet ons daarmee saam ook aanvaar dat die Skrif elke opkomende geslag sal konfronteer met die eise van God se standarde vir geloof en lewe. Dit is en bly Goddelik. Dit is die slotsom waartoe die Afrika Kerkvaders Tertullianus en Augustinus gekom het.

Die Kerk in die huidige samelewing steier onder die druk van onsekerheid oor wat die taak van die Kerk is en hoe die boodskap van die Kerk verkondig moet word. As die

oorgrote meerderheid van die Kerk oor twee millennia die Skrif aanvaar het as goddelik van oorsprong, moet ons ook vandag aanvaar dat Augustinus korrek was in sy aanname oor die volgorde van gesag met betrekking tot die Skrif en die goddelike oorsprong daarvan – “.. the authority of ‘Scripture’ the authority of ‘tradition’ and the authority of the ‘Church;’ and if so then these three “authorities – the Scriptures, Tradition, the Church – took rank in his mind in that order. First and above all is the “authority” of Scripture, which is just the infallible Word of God, whose every word is to be believed and every precept obeyed just as it stands written.” (Warfield 1970:188).

J. I. Packer se opsomming is korrek oor die Kerk se onsekerheid juis op hierdie punt. “The outside observer sees us staggering on from gimmick to gimmick and stunt to stunt like so many drunks in a fog, not knowing at all where we are or which way we should be going. Preaching is hazy; heads are muddled; hearts fret; doubts drain our strength; uncertainty paralyses action.” (1979:20)

Die grootste soeke van die mens is na sekerheid. Dit is die sekerheid waarvan die vroeë Kerkvaders gepraat het – die Skrif is God se Woord en goddelik van oorsprong. Hierdie sekerheid was gebasseer op die feit dat die Woord op gesigwaarde aanvaar is. Jesus sê in Joh.7: ¹⁸”Wie uit sy eie praat, soek sy eie eer; maar Hy wat die eer soek van die Een wat Hom gestuur het, is geloofwaardig, en daar is niks oneerliks in Hom nie.” Diegene wat die Woord hanteer doen dit op gesag van God wat geroep het. Jesus Christus het telkemale in die evangelies daarna verwys dat Hy in opdrag en op gesag van God die Vader sy werk doen.

Bruce Milne meen dat baie evangeliesgesindes vandag sterk uitsprake maak soos: “If people don’t know Jesus they simply don’t know God at all, and that’s it. There’s no way that you will ever have peace with God except through Jesus.” Evangeliesgesindes mag van uitsprake soos hierdie hou, maar ons post-moderne samelewing mag terugkap met die volgende, sê Milne: “I’m sorry but with the greatest respect I have to disagree with you. Jesus is the center of it, for sure, but God has revealed Himself in many other ways. I have a friend who is into New Age and she really feels God within her.”

(1998:25) Wat is die werklike verskil hier? Op watter gesag word sulke sterk uitsprake gemaak? Die vraag is of ons eenvoudig 'n appél moet maak op wat ons *persoonlik* voel is reg, of dit wat *mense* beweer hulle proefondervindelik ervaar het? Nie een van die twee nie. Ons gesag berus op dit wat God self aan ons gegee het – Sy Woord!

Elke eksposisie van die Skrif of leerstelling van die Kerk het as basis hierdie goddelike oorsprong as vertrekpunt. Sy Woord bepaal hoe die Kerk in elke situasie moet antwoord en daarby moet volstaan word. Die Skrif bepaal hoe elke kultuurverandering binne die Skrif interpreteer en toegepas moet word. Die Skrif mag nooit buig voor kultuurskommelings en klimaatverandering binne die Kerk nie. As die teenpool van die vorige stelling aanvaar moet word, sou Augustinus se uitspraak teenoor Faustus ook vir die hede geld, naamlik: “This is not to be subject to Scripture but to make Scripture subject to you.”

3.3.2 Menslik

Die Kerkvaders het nie die inspirasie van die Skrif gesien as iets wat in 'n mistieke vakuum ontstaan het nie. Die mens is geskep na die beeld van God. God het gekies om deur die mens tot die mens spreek. Dit is God se beeld in die mens wat aan die mens die vermoë gee om te kan kommunikeer, te skep, onderhou en te heers. Dit was Sy opdrag in Gen.1 en 2. Daarom het God menslike instrumente gebruik om Sy gedagtes en wil aan die mens bekend te maak. Deur die bediening van die Heilige Gees is manne geïnspireer, om soos Augustinus dit uitdruk, nie as “passiewe instrumente” op te tree nie, maar om onder die gesag van die Heilige Gees binne hulle konteks en in mensetaal God se denke en wil neer te pen. (Bromiley 1992:205). God het in sy wysheid 'n geselekteerde groep manne gebruik om Sy Woord aan ons oor te lewer. Daarmee bevestig Hy dat sonder die mens wil Hy nie, maar ook, sonder Hom kan die mens nie.

Die Kerkvaders van die eerste vier eeue na Christus het nie die verhouding tussen Goddelike en menslike instrument in diepte deurvors nie. Uit Augustinus se hantering van Genesis 12:1vv blyk dit dat hy wel in sekere dele van die Skrif duidelik die

redenasievermoë van die mens bespeur en op ander plekke staan dit duidelik uit dat geen mens agter dit kon staan nie.

Bromiley is voorts van mening dat Augustinus en andere daarop wys dat die Skrif geensins aan sy Goddelike gesag inboet omdat menslike skrywers daarvoor gebruik is nie. “On the contrary, the ministry of the Spirit guaranteed the freedom of the authors from ordinary human error.” (1992:206).

‘n Baie eenvoudige opmerking kan hier gemaak word. Die Kerkvaders het nie soseer gesoek na tegniese historiese korrektheid nie. Vir hulle was dit eerder ‘n geval van die “waarheid” wat in die Skrif te vind is. Bentley-Taylor noem dit in die taal van Augustinus “die Skrif kan nie lieg nie,” want die waarheid is in die Skrif “absoluut.” (2002:85-90) Die post-moderne mens soek na antwoorde wat tevredenheid bring. Opsigself is dit nie verkeerd nie, maar in die Christelike geloof is ons nie op soek na “tevredenheid” nie, maar na waarheid. C. S. Lewis skryf in hierdie verband: “If you look for truth, you may find comfort in the end: if you look for comfort you will not get either comfort or truth – only soft soap and wishful thinking to begin with and, in the end, despair.” (1956:38).

Dit is waarskynlik hulle verdediging van die “waarheid” binne ‘n pluralistiese samelewing wat daartoe gelei het dat die verhouding tussen die Goddelike en menslike oorsprong van die Skrif nie genoegsaam gedefinieer is nie. Aan die anderkant kan ons reageer deur bloot daarop te wys dat God self nie in Sy Woord breedvoerig verduidelik wat in die proses van “inspirasie” bedoel word nie. As gevolg hiervan beweer Bromiley het dit hulle eksegetiese hantering en interpretasie van die Skrif baie sterk beïnvloed. (1992:207). Wat wel egter belangrik is, is om waar te neem dat die patristiek vir ons ‘n erfenis nagelaat het: hulle onwrikbare vertrouwe in die gesag van die Skrif.

3.4. Die Status van die Skrif

3.4.1. Bybelse Outoriteit.

Die Skrif het vir die patristiek 'n besondere gesagstruktuur gedra. Dit was die basis van hulle geloof en lewe in 'n pluralistiese samelewing. Die Skrif is nie elke keer herinterpreteer wanneer daar paradigmatiese in hulle kultuur plaasgevind het nie. Tertullianus se heel eerste geskrif sien die lig in 'n samelewing gekenmerk deur die onreg om mense gevange te hou omdat hulle Christene is. Sy hantering van die Skrif as God se Woord het hom 'n onverskrokke Christen gemaak met volkome vertroue in die gesag van die Woord. Hofmeyr skryf: "According to Tertullian, freedom lay in one's decision not to conform to oppressive structures but to accept God's offer of freedom after one abandoned the oppressive social structures of this world." (1991:53). Dit blyk uit sy geskrifte dat dit nie net 'n geval van "hoofstuk en vers" was wat hom tot sulke slotsomme laat kom het nie, maar sy beskouing dat die Ou Testament Christus profeties in die oog gehad het, terwyl die Nuwe Testament op grond van apostoliese gesag, Christus as die vervulling van die eeue voorgehou het.

Tertullianus het geredeneer dat wat ookal die Skrif leer, is waar en moet as sulks aanvaar word. (*Heresies 3.1.1*) Dis duidelik dat Tertullianus se lering oor "rykdom" deurspek was met 'n korrekte verstaan van die Nuwe Testament. Die Noord-Afrika waarin hy geleef en werk het, het ruimte gebied om groot rykdom te versamel. Sy lering was dat Christene uiters krities teenoor so iets moet staan. Dit pas volgens hom nie in 'n Christelike waardesisteem waar nederigheid die kenmerk is nie, skryf Hofmeyr. (1991:54). Sy lering oor byvoorbeeld, hoe vroue hulle behoort te gedra in die samelewing weerspieël die lering van Petrus dat vroue se uiterlike klededrag nie die aandag op hulself moet fokus nie, maar hulle innerlike sterkte is juis daarin geleë dat hulle Christus weerspieël in nederigheid. Dis duidelik dat Tertullianus ook 'n Bybelse beskouing van die vrou gehad het as hy daarop wys dat Adam ewe skuldig was in die eet van die verbode vrug. Hy het ook geglo dat mans en vroue ewe gelyk deur Christus bevry is van die straf van sonde, aldus Hofmeyr. (1991:54) Verder skryf Hofmeyr ook

dat vir Tertullianus is godsdienstige waarheid slegs te vinde in die Christelike geloof. (1991:55) Sy verstaan van die gesag van die Skrif in die lewe van die gelowige noop hom daartoe dat Christene geroep is om die samelewing te verander binne 'n geestelike struktuur, waar woorde en optrede die deurslag gee.

Bromiley meld dat vir Augustinus is die Skrif “the highest pinnacle of divine authority.” (1992:207). Hofmeyr skryf: “Because Augustine believed that God prescribes to Christians what they should believe, there is of course a limitation to free will.” (1991:58) Die gevolgtrekking wat ons hieruit kan maak is dat die Skrif en die apostoliese verklaring daarvan, daardie beperkende lyne trek. Sy Skriftuurlike perspektief is duidelik te sien daarin dat as die gelowige hierdie wêreld liefhet sonder God, word hy een met die goddelose wêreld. Alhoewel Christene vry is om hierdie keuse uit te oefen, stuur hulle daarmee 'n bepaalde boodskap dat hulle nie werklik burgers van die hemel is nie. (Hofmeyr 1991:59). Hierdie lering vind aansluiting by 1 Joh.2:15-17.

Daar is egter 'n klemverskuiwing tussen Tertullianus en Augustinus. Eersgenoemde skryf vanuit 'n hoofsaaklik nie-Christelike samelewing, terwyl Augustinus homself in 'n semi-Christelike samelewing bevind het. Dit het noodwendige klemverskuiwings tot gevolg gehad. Anders as Tertullianus het Augustinus geglo dat die rykes, teen wie eersgenoemde te velde getrek het, tog ook gered kan word. Met betrekking tot geweld, het Augustinus selfs in sy siening ruimte gelaat vir straf deur die Staat as instrument van God vir reg en orde op mense wat dwaalleringe huldig soos die Donatiste. So 'n vermenging van Staat en Kerk sou nie by Tertullianus opgegaan het nie.

Tertullianus het dit aan die Christene van sy dag duidelik gemaak dat hulle leef onder die gesag van die Skrif. Daarom moes Christene die vryheid gegun word om vry te wees van die kultuur en samelewing van die nie-Christelike omgewing. Die aard van hulle vryheid spruit voort uit hulle beskouing dat die Skrif genoegsaam is vir elke faset van hulle bestaan. Die hoogste vorm van hierdie vryheid was bereik in die martelaarsdood.

Hierdie beskouing was die norm tot minstens die vyfde eeu n.C. Dit was juis tydens Augustinus se lewe dat die Roomse owerhede, wat toe reeds Christelik georiënteerd was, hulle gesag op die Noord-Afrikaanse samelewing afgeforseer het en hulle daarteen rebelleer het. Hofmeyr beweer dat, “In practice it eventually forced many North Africans away from Christianity into Islam.” (1991:60). Ons kan dus die afleiding maak dat Tertullianus se Bybelse beskouing dat die Christen slegs vry is in soverre hy hom onderwerp aan die gesag van die Skrif en uiteindelik die prys vir gehoorsaamheid aan God betaal wat dit ookal vir hom mag inhou, meer gewig dra. Hier moet egter gewaak word teen ekstreme leefwyses wat tot onttrekking uit die samelewing kan lei, wat ook lynreg teen Bybelse lering sou wees.

Die Kerk in Suid-Afrika kan oorleef en ‘n groot impak maak in die toekoms, sou ons die beginsels van die patristiek met betrekking tot die gesag van die Bybel handhaaf. Die Bybel was die norm. Die Christen moet sy optrede regverdig beoordeel op grond van die Skrif. Ons is anders as die wêreld. Ons leef binne ‘n ander raamwerk. In die patristiek moes die kultuur van die dag buig voor die Skrif en nie anders om nie. Die probleem in ons dag is nie kultuur nie, maar sonde, soos dit nog altyd was. Ons kultuur dra die kentekens van sonde. Die Ou Testamentiese profete het nie die kultuur van hulle dag beskou as die bepalende faktor vir optrede en interpretasie van die Skrif nie, maar die mense se sondige optrede en uitbuiting van die armes, veral in die dae van die profeet Amos. God het nog nooit ‘n kultuur veroordeel of geregverdig wat korrup was nie, maar altyd individue binne daardie bepaalde kulture.

HOOFSTUK 4. TRADISIE:

DIE VERHOUDING TUSSEN SKRIF EN TRADISIE

Die Christelike geloof berus op die geloof dat God bestaan en dat Hy homself aan die mens bekend gemaak het deur goddelike openbaring. Hierdie openbaring was die proses waardeur God Homself aan die mens bekend gemaak het met betrekking tot dit wat andersins verborge sou bly vir die mens – Dan.2:22, 28vv, 47; 10:1; 1 Kor.2:9-10; Op.1:1. As sulks lê die Christendom sterk klem op hierdie goddelike openbaring in die Persoon, werk en woorde van Jesus Christus wat deur die Kerk oor meer as ‘n millenium geboekstaaf is. Hierdie proses van boekstaving was juis die metode wat God in gedagte gehad het om die mens te weerhou daarvan om Sy heilsboodskap foutiewelik te kommunikeer, hetsy *viva voce* of skriftelik. Jesus Christus is die klimaks van hierdie openbaring. Sy persoon, werk en lewe, m.a.w. Sy heilsgeskiedenis, moet daarom binne die konteks van hierdie openbaring bestudeer moet word. Dit bring verskeie vrae na vore wat nie bloot oppervlakkig beantwoord kan word nie. Wat of wie bepaal die egtheid van hierdie openbaring?

Om die eenheid van die Bybel, die wonderwerke daarin vervat, die wetenskaplike akuraatheid, die argeologiese bewyse, vervulde profesieë, of selfs die transformerende krag van die Bybelse boodskap te gebruik as bewyse vir die gesag van die Bybelse openbaring, sal mense nie noodwendig oortuig nie. ‘n Eenvoudige antwoord hierop is dat die Kerk deur die eeue heen die egtheid van hierdie goddelike openbaring gerugsteun het, ‘n openbaring wat gebou is op die objektiewe getuienis van die Skrif. Dit is juis hierdie objektiewe getuienis wat toenemend onder die loep kom in ons post-moderne samelewing. Dit bring ons noodwendig by ‘n volgende vraag: Hoe word bepaal hoe die Bybel (die goddelike openbaring) interpreteer moet word?

Sedert die einde van die eerste eeu na Christus het hierdie vrae herhaaldelik na vore gekom en is hierdie debat oor bykans tweeduisend jaar gevoer. Daar word selfs huidiglik verwys na “the battle for the Bible.” Oor die eeue heen is elke Christelike leerstelling aan die hand van die Bybel verdedig of weerlê deur opponente aan weerskante van elke

argument. Daar was altyd diegene gewees wat van die standpunt uitgegaan het dat elke leerstelling in die Christelike geloof bygelê kan word deur bloot 'n appél te maak op die Bybel. Tereg meld McGrath dat die patristieke era juis uitgewys het dat dit nie so eenvoudig is nie, aangesien manne soos Arius en Pelagius hulle ook beroep het op die Bybel om hulle besondere standpunte te verdedig. (1998:38) Dit was juis die Kerk wat in hierdie vroeë jare se debatvoering getoon het dat Arianisme¹ en Pelagianisme² ernstige en gevaarlike leerstellings dwalinge is. Beide hierdie manne het met indrukwekkende hoeveelhede Skrifgedeeltes hulle standpunte verdedig. Filosofiese beredenerings aan die ander kant sonder Bybelse substansie oor die heilsleer lei tot verwarring en uiteindelik tot die aanvaarding van vals lering. Bruce Bickel meld byvoorbeeld in die voorwoord tot die boek, *Sola Scriptura – The Protestant position on the Bible*, “All the efforts to get to know God by man created means lead to false religions or mysticisms.” (Don Kistler: General Editor 1995:x)

Die blote gebruik van die Bybel in die verdediging van leerstellings was dus nie genoeg nie. Daar moes bepaal word *hoe* dit gebruik is, watter hermeneutiese beginsels gevolg moet word. Die Bybel moes op 'n ortodokse manier interpreteer word, maar onmiddellik moet die vraag gevra word oor wie bepaal wat is *ortodoks* en wat *is nie*?

Hierdie probleem kan net bygelê word, sê Kelly, deur te bepaal wat die verhouding tussen Skrif en tradisie is. (1985:29) Die Bybel wat ons vandag in ons hande hou het eers in mondelinge vorm na ons gekom. Ons aanvaar dat die Bybel sy beslag by God self gehad het; dat Hy hierdie openbaring eerste aan profete en laastens aan Sy apostels opgedra, wat ooggetuies was van die vleesgeworde Woord en hulle het dit weer aan die Kerk oorhandig. Lukas praat van die “oorgelewerde waarheid – Lk.1:2. Paulus noem dit die “oorgelewerde leer” of van wat “ek ontvang het” - 1 Kor.11:2, 11, 23; 15:3. Judas noem dit die “geloof wat oorgelewer” is – vers 3. As dit dan waar is mag daarvan nie afgewyk word nie.

¹ Harold O. J. Brown bespreek breedvoerig die hele Ariaanse stryd in sy boek “Heresies: Heresy and orthodoxy in the History of the Church.” (pp.105-144).

Vir baie van die patristieke skrywers was dit belangrik om 'n appél te kon maak op die Skrif en tradisie om onortodokse interpretasies van die evangelie te weerlê. Dit sou dus belangrik wees om *tradisie* nie te verstaan in die moderne sin van die woord as “ongeskrewe oorlewering” nie – Mathison (2001:19). In hierdie vroeg Christelike era, sê John D. Hannah, was die gesproke woord (tradisie) en die geskrewe woord (die Skrifte) een en dieselfde en dat beide getroue en onweerspreeklike getuies van die evangelie is. (2001:69) Mathison is van mening dat hierdie begrippe, Skrif en tradisie, nie soortgelyke eksklusiewe begrippe was nie, maar dat dit vry algemeen gebruik is om na een en dieselfde konsep te verwys. Voorts beweer hy tereg dat daar konsensus oor hierdie saak is onder geleerdes. (2001:19-20) Die stryd tussen Skrif en tradisie kon oor baie eeue nie behoorlik bygelê word nie en daarom moet daar eerder gekyk word na die *verhouding* tussen Skrif en tradisie.

4.1 DIE APOSTOLIESE INVLOED

Die begrip “tradisie” by die vroeë kerk, soos deur die patristiek gebruik, het bloot gedui op die aanvaarde leerstellings wat aan die kerk oorgelewer is deur Jesus Christus en Sy apostels, hetsy woordeliks of in geskrewe vorm. Hoe dit gekommunikeer was, was nie van belang nie. Daar is geen aanduiding in die vroegste geskrifte dat die Apostoliese vaders enige besondere toegang gehad het tot geheime mondelinge oorlewering nie. Clemens gebruik die woord *paradosis* by uitsondering wanneer hy verwys na die heilsboodskap wat aan hulle oorgelewer is as “the glorious and holy rule of our tradition.” Die begrip *paradidonai* was meer algemeen bekend by die vroeë kerkvaders. (Michael W. Holmes 1999:36-37).

In die lig hiervan behoort die Bybel self te spreek oor hierdie verhouding tussen Skrif en tradisie.

4.1.1 Die Bybelse gebruik van “Tradisie”

² Ibid., pp. 200-207

Die Nuwe Testament was die “verskrifteliking” van die Apostoliese prediking (*kerugma*) en saam met die Ou Testament het dit die enkele gesagvolle bron van God se openbaring gevorm. Die Skrif moes deur die Kerk interpreteer word binne die hermeneutiese konteks van die *regula fidei*. Dit was konsekwent toegepas vir ten minste die eerste drie eeue van die Kerk se bestaan. Die vraag moet nou gevra word of dit wel die leer van die Apostels weerspieël? Niemand gaan na die Skrif sonder enige vooropgestelde idees of voorveronderstellings nie. Indien iemand beweer dat hy dit wel sou kon doen, het hy reeds die rubikon oorgesteek van ‘n relativiteitsteorie waarin alles eenvoudig oorgelaat word aan die individuele gelowige wat slegs die *Heilige Gees* en die *Skrif* nodig het. Dit is gewoon nie aanvaarbaar nie. In sy uiterste vorm sou dit beteken dat die leer van die Apostels ook uiteindelik verwerp sou kon word. Dit sou enige studie van die Bybel verwing tot ‘n wetenskaplike oefening, met geen waarde vir die Kerk van Christus wat geroep is om die heilsboodskap van Christus met oortuiging te verkondig en toe te sien dat dit toegepas word op alle lewensterreine, ten einde hoop en verbeterde lewensomstandighede aan alle mense te bring nie.

Die Evangelies van Lukas en Markus asook Paulus se tweede brief aan die Tessalonisense het betrekking op hierdie saak.

LUKAS 1:1-4.

Die begin van Lukas se evangelie werp belangrike lig op hierdie saak.

“Hooggeagte Teofilus! Daar is baie wat onderneem het om ’n verhaal te skrywe van die dinge wat onder ons gebeur het. ²Hulle het dit opgeteken soos dit aan ons oorgelewer is deur die mense wat van die begin af ooggetuies en dienaars van die Woord was. ³Daarom het ek dit ook goedgevind om self alles stap vir stap van voor af te ondersoek en die verhaal noukeurig in die regte volgorde vir u neer te skryf. ⁴So kan u te wete kom dat die dinge waarvoor u onderrig is, heeltemal betroubaar is.”

Met sy skrywe bewys Lukas hoe die Apostels die mens se leefwêreld binnegedring het met die prediking van die evangelie van Jesus Christus. Dit was juis hulle prediking van

die evangelie van Jesus Christus wat die mense van hulle tyd verander het in karakter, denke en optrede. Alhoewel daar ten tye van die skrywe van die Lukas evangelie, ongeveer 59 n.C., slegs van mondelinge oorlewering gebruik gemaak is omdat meeste van die ooggetuies van Jesus se lewe en werk nog geleef het, ag Lukas dit nodig om die evangelie te boekstaaf. Hierdeur vestig hy ons aandag op twee pole in die lewe van die Kerk. Die eerste is dat dit die werking van die Heilige Gees is wat die Kerk in die lewe roep en tweedens vestig hy die aandag op die organisasie en metode van die werk van die Kerk.

Sy beklemtoning in die openingsverse is dat die Kerk gebruik maak van goeie bronne, “ooggetuies en dienaars van die Woord.” Voorts wys hy daarop dat die Kerk nie buite die intellektuele leefwêreld van die mens beweeg om die egtheid en gesag van haar boodskap oor te dra nie en maak daarom gebruik van erkende navorsingsmetodes. Hy maak melding van die feit dat hy dit “*stap vir stap en met noukeurigheid nagevors en in volgorde opgeteken het.*” Verder verklaar hy ook die doel van sy skrywe: “*Die betroubaarheid van die dinge wat met oortuiging onder ons geglo word.*”

Lukas verduidelik in verse 1 en 2 dat die dinge wat die Kerk nou glo (59 n.C) is aan hulle “oorgelewer” deur ooggetuies van dit wat gebeur het in die verlede. Die woord “oorgelewer” is die werkwoord *paradwsan*, die aoristus indikatief van *paradidwmi*. Hierdie werkwoord beteken letterlik om “te oorhandig” of “toevertrou.” Dit is verwant aan die selfstandige naamwoord *paradosis*, wat in Grieks “tradisie” beteken.

Tereg vra Mathison as die Kerk dan in besit is van die volledige Apostoliese tradisie waarom is dit dan nodig vir Lukas om hierdie “tradisie” te boekstaaf? (2001:175) Lukas bring juis hierdie “oorlewering” onder die aandag van Teofilus sodat hy met sekerheid kan weet dat die dinge waarin hy onderrig is, betroubaar is. Teofilus het reeds die mondelinge verhaal van die evangelie gehoor, maar dit blyk nie genoeg te gewees het nie.

Dit blyk dus dat die mondelinge oorlewering inherent onstabiel is oor ‘n verlengde periode omdat die oorspronklike ooggetuies nie altyd daar sou wees nie. Met die skrywe

van die Lukas evangelie het meeste van die Apostels nog geleef. Alhoewel die gebeure rondom die werk en lewe van Jesus Christus nog vars in hulle geheue was sou dit egter nie vir altyd voortduur nie en daarom vind die skrywers dit nodig om die evangelie van Jesus Christus te boekstaaf as 'n meer stabiele vorm van getuienislewering. Dit is verder belangrik dat Lukas sy geskrewe verhaal op gelyke voet plaas met die “oorgelewerde” waarheid. Sy noukeurige navorsing sou dus die basis vorm van die apostoliese vaders en die Kerk deur die eeue heen.

MARKUS 7:5-13.

Hierdie gedeelte wys duidelik die konflik wat kan ontstaan wanneer interpretasie gebasseer is op 'n “tradisie” wat die geïnspireerde Woord van God negeer.

⁵Die Fariseërs en die skrifgeleerdes vra Hom toe: “Waarom handel u dissipels nie volgens die oorgelewerde gebruik van die voorgeslagte nie en eet hulle met onrein hande?”⁶Hy antwoord hulle: “Die profeet Jesaja het julle mooi opgesom. Julle is skynheiliges, soos daar geskrywe staan: Hierdie volk eer My met hulle mond, maar hulle hart is ver van My af. ⁷Dit help niks dat hulle My probeer dien deur leerstellings van mense as gebooie van God voor te hou nie. ⁸Julle laat die gebod van God los en hou aan die oorgelewerde gebruik van mense vas.”⁹Hy het verder vir hulle gesê: “Julle verstaan die kuns goed om die gebod van God opsy te skuiwe en julle oorgelewerde gebruike in stand te hou. ¹⁰Moses het gesê: ‘Eer jou vader en jou moeder’ en: ‘Wie sy vader of sy moeder vloek, moet sekerlik doodgemaak word.’ ¹¹Maar julle sê: ‘Iemand kan vir sy pa of sy ma sê: Enige gawe wat u van my sou kon kry, is korban,’ dit wil sê: ’n offergawe vir God. ¹²En so laat julle hom toe om hoegenaamd niks vir sy pa of sy ma te doen nie. ¹³So ontnem julle die woord van God sy gesag deur julle oorgelewerde gebruike wat julle op julle beurt weer oorgelewer het. Daar is ook nog baie ander sulke dinge wat julle doen.”

Die Jode het hulle eie mondelinge tradisie gevolg waarop hulle die Wet van Moses interpreteer en toegepas het. D. A. Carson werp lig hierop in sy kommentaar op die parallelle gedeelte van Markus in die Matteus evangelie.

“The “tradition of the elders,” the “tradition of men” (Mark7:8; Col.2:8), “your tradition” (Matt.15:3, 6; Mark 7:9, 13), and the “tradition of the fathers” (Gal.1:14) refer to the great corpus of oral teaching that commented on the Law and interpreted it in detailed rules of conduct, often recording the diverse opinions of competing rabbis. This tradition in Jesus’ time was largely oral and orally transmitted; but the Pharisees, though not the Sadducees, viewed it as having authority very nearly equal to the canon.” (1984:348)

Let op die kontras wat Jesus trek tussen die “oorlewering van die voorgeslagte” en die Woord van God. Die “leerstellings van mense” word deur die Fariseers gebruik om die “gebod van God,” die geskrewe Woord, opsy te skuif. Die punt is dus duidelik. God se geskrewe Woord, die Bybel is God se unieke norm waarmee Hy Sy onveranderlike heilsboodskap deur die eeue heen behoue laat bly het. Die Kerkvaders van die eerste drie eeue het hulle verkondiging van die evangelie van Jesus Christus hieraan geanker.

2 TESSALONISENSE 2:15

Hierdie vers is seker die mees positiewe evaluasie van die oorgelewerde waarheid of “tradisie.”

“Wees dan standvastig, broers, en hou vas aan die leer wat ons aan julle oorgedra het, of dit deur ons prediking of deur ’n brief was.”

Die opdrag van Paulus is baie belangrik vir ons verstaan van die Apostoliese invloed op die prediking van die vroeë Kerkvaders. Hierdie gemeente was vertroebel deur een of meer persone wat geleer het dat die wederkoms van Christus reeds plaasgevind het (2:2-3). Paulus herinner hulle daaraan dat hy alreeds aan hulle die waarheid verkondig het (2:5). Vanaf 2:3-12 gee hy aan hulle ‘n gedetailleerde verslag van alles wat moet gebeur voor die wederkoms van Christus. Sy opdrag aan hulle is nou om vas te hou aan die “leer wat ons aan julle oorgedra het, of dit deur ons *prediking* of deur ‘n *brief* was.” Let op die verhouding tussen die prediking van die Woord (mondeling) en die geskrewe verkondiging van die Woord (2:2 en 15). Die opdrag is om “standvastig” te wees en “vas te hou” aan dit wat “oorgedra,” (*paradosis*) is m.b.t die “Dag van Christus.” Die

begrip *paradoseis* word deur Leon Morris as volg beskryf in sy kommentaar op 2 Tessalonisense:

“Traditions” is a word which points us to the fact that the Christian message is essentially derivative. It does not originate in men’s fertile imagination. It rests on the facts of the life, death, resurrection and ascension of Jesus Christ. Paul disclaims originating these things, and expressly says that the things he passed on he had himself first received (1 Cor.15:3) (1959:240)

Hulle verlossing het dus afgehang daarvan of hulle aan hierdie oorgelewerde (tradisie) waarheid vashou. Paulus hou dus hier die Apostoliese *prediking* en *vertolking* van die Skrif voor as die *regula fidei*. Selfs al sou daar ‘n ander boodskap na hulle kom, by wyse van ‘n engel uit die hemel (Gal.1) of selfs onder die dekmantel van Paulus, bly die opdrag steeds dat hulle aan die oorspronklike “oorgelewerde leer” moet vashou. Dieselfde gedagte kom tuis by Paulus se skrywe aan die Galasiërs in 1:8. Daar is geen twyfel dat Paulus hier verwys na die Apostoliese “oorlewering” of “tradisie” wat konsekwent nagevolg is deur die Kerkvaders van die eerste drie eeue van die Christelike Kerk. Paulus se appèl op die Tessalonisense is dat alles wat aan hulle verkondig word – insluitende ander “tradisies,” selfs al sou dit van hom afkomstig is – moet aan die Skrif getoets word. Die Bybel is dus die skakel tussen die geopenbaarde gebeure van die verlede en die kennis van God in die hede. (J. I. Packer 1979:26)

4.2 TERTULLIANUS EN SY TYDGENOTE

Tertullianus en sy tydgenote het bekend gestaan as die apologete. Saam met Irenaeus was hy een van die groot denkers van sy tyd. Hulle voorgangers het die Christelike boodskap verkondig om bekeerlinge te wen. Die vervolging van die Christene het hierdie apologete genoop om die Christelike boodskap so te *verkondig (kerugma)* en te interpreteer dat dit begrip en verstaan sou bring van die evangelie van Jesus Christus by die breë massa.

Dit blyk nie asof hulle daarin geslaag het om konings en regeringsamptenare se denke teenoor die Christelike boodskap te verander nie, maar waarin hulle wel geslaag het was die vestiging van die Christelike geloof as a ‘n teologiese dissipline binne die Kerk en samelewing. Gnostisime, Marcionisme en Montanisme het gou bewys wat van die Christelike geloof sou word indien hulle nie ‘n “*regula fidei*” gehad het waarvolgens hulle die Christelike geloof sou kon verdedig nie.

Hierdie manne het standarde neergelê wat gebou was op die Apostoliese prediking. Hulle interpretasie van Paulus se briewe was meer as net ‘n gesindheid van vertroue. Dit was ‘n vertroue gebou op oortuigings. (Harold O. J. Brown 2003:78)

Irenaeus, kan ‘n mens sê, het geboorte gegee aan die teologiese besinning van die vroeë kerk, terwyl Tertullianus skerpheid daaraan verleen het. Eersgenoemde was ‘n Griekspreekende Christen uit Klein Asie terwyl Tertullianus ‘n boorling van Afrika was. Hy was ook die eerste erkende teoloog wat hom in Latyn uitgedruk het. Benewens die fondamentsteen vir ‘n Drie-eenheidsleer, was Tertullianus een van die mees eksplisiete eksponente vir die leer van die Volkommenheid van die Skrif en soos McGrath tereg opmerk, “denouncing those who appeal to secular philosophies (such as those of the Athenian Academy) for a true knowledge of God.” (1998:25-26)

Irenaeus (130-200 nC) was oortuig dat iedere vals lering in die Kerk slegs op een manier bestry kon word, naamlik deur dit wat opgeteken en oorgelewer is deur die Apostels van Jesus Christus. In sy werk “Against Heresies” skryf hy as volg:

“On this account are we bound to avoid *them*, but to make choice of the things pertaining to the Church with the utmost dilligence, and to lay hold of the tradition of the truth... For how should it be if the Apostles themselves had not left us writings.”³

³ Irenaeus, Against Heresies, 3, 4:1. Alexander Roberts en James Donaldson, redactors, *The Anti-Nicene Fathers*, Grand Rapids: Eerdmans, 1981, I:416-417. Hierdie gedeelte word aangehaal in die artikel “Traditions of God, Not Men” uit “This Rock.”

Irenaeus maak dit duidelik dat die “tradisie” waarna hy verwys niks anders is as die Bybel wat deur die Apostels en profete aan ons oorgelewer is nie. Hy skryf:

“These have all declared to us that there is one God, Creator of heaven and earth, announced by the Law and the prophets; and one Christ, the Son of God. If any one does not agree to these truths, he despises the companions of the Lord, nay more, he despises Christ Himself the Lord; yea he despises the Father also, and stands self-condemned, resisting and opposing his own salvation, as is the case with all heretics.”⁴

Volgens Irenaeus word die “tradisie” (geskifte) van die Apostels deur talle nasies geglo. Deur geloof word hierdie heilsboodskap op hulle harte geskryf, nie met ink op papier nie, maar deur geloof bewaar as die waarheid van God, Skepper van hemel en aarde deur Jesus Christus, die Seun van God. (Don Kistler, general editor 1995:34)

Tertullianus se beskouing oor die verhouding van Skrif en tradisie verskil nie wesenlik met die van Irenaeus nie. Historiese kontinuïteit was egter vir hom van wesenlike belang. Tertullianus druk homself baie duidelik uit:

“If any of these heresies dares to trace their origins back to the Apostolic era, so that it might appear that they had been handed down by the apostles because they existed under the apostles, we are able to say: let them therefore show the origins of their churches; let them unfold the order of their bishops, showing that there is a succession from the beginning so that their first bishop had as his precursor and predecessor an apostle or some apostolic man who was associated with the apostles” (McGrath 1998:43)

Wat die kerk dus *preek* en *leer* moet verband hou met die historiese konteks soos vervat in die Bybel. Hy kontrasteer nie Skrif en tradisie nie, intendeel, hy maak baie van die

⁴ Ibid., 3, 1:1. Irenaeus se besorgdheid oor die “tradisie” spruit voort uit sy stryd met Gnosticisme wat ontken het dat die EEN ware God alles in en deur Christus geskep het.

feit dat die Apostoliese prediking neergeskryf is in die Skrif. (Kelly 1985:39) Volgens hom het die Skrif absolute gesag. Wat dit ookal leer is noodwendig waar en weë hom wat leerstellings aanvaar wat nie in die Skrif te vinde is nie. (Ibid., 39) Byvoorbeeld, in sy stryd met Docetisme⁵ oor 'n spesifieke teologiese probleem, skryf Tertullianus dat daar geen bewyse daarvoor in die Skrif te vinde is nie. (Mathison 2001:25)

In sy geskryfte teen Praxeas maan Tertullianus dat ons tevrede moet wees dat die Skrif sê Christus het vir ons gesterf, die Seun van die Vader. (Against Praxeas hfs. 29) Teen Hermogenes se uitlating dat materie ewig is het Tertullianus dit duidelik gemaak dat hy dit nêrens kon vind in die Skrif nie en dit daarom verwerp. Hy voeg by; “If it is nowhere written, then let it fear the woe which impends on all who add or take away from the written word.” (Against Hermogenes, hfs. 22). Volgens Oberman is Tertullianus beslis oor die duidelike verskil wat daar bestaan tussen die “oorlewering van God (tradisie) wat bewaar is in die Skrif soos vervat in die kanon en die “oorlewering van mense” (*conseutudines*). (Oberman aangehaal deur Mathison 2001:25)

Tertullianus se vurige persoonlikheid het hom soms tot sterk uitsprake gelei. Die Gnostiese idee dat die Apostels nie alles vir “almal” geopenbaar het nie en dat sommige inligting rakende die evangelie aan slegs 'n klein groepie in die “geheim” geopenbaar is, word deur Tertullianus as “malligheid” verwerp. Vir hom bestaan daar nie 'n “geslote” of “geheime” oorlewering (tradisie) nie. Tertullianus was sterk gekant daarteen om die bestudering van die teologie en apologetiek afhanklik te maak van buite Bybelse bronne. (McGrath 1998:25)

In hoofstuk 20 van sy werk, *De Praescriptione Haereticorum* maak hy dit duidelik dat alles rakende die Kerk en haar leerstellings herlei moet word na die oorspronklike. Al is die Kerk hoe groot in getalle, bly dit volgens hom steeds die (“primitiewe”) oorspronklike Kerk wat deur die Apostels gevestig is. Hy noem voorts dat hierdie

⁵ Afgelei van die Grieks *dokein* wat beteken om “te dink” of “blyk te wees.” Dit was die leer dat Christus nie werklik 'n menslike liggaam gehad het nie, maar dat dit blyk so gewees het. Volgens Docetisme was die vlees en die menslike liggaam die oorsprong van alle kwaad en daarom kon Christus nie werklik kontak gehad het met die menslike liggaam nie. Alle Gnostici het hierdie siening gehuldig.

voorregte 'n gegewe is “which no other rule directs than the one tradition of the selfsame rule of faith.” (A New Eusebius: Edited by J. Stevenson 1983:177)

In hoofstuk 21 van *De Praescriptione Haereticorum* meld hy dat die prediking van die evangelie van Jesus Christus deur laasgenoemde aan die apostels oorgegee is en dat daar nie van afgewyk is nie. Volgens hom moet elke oordrag van hierdie evangelie, hetsy deur prediking of uiteindelik in geskrewe vorm getoets word aan die leer van Christus soos uiteengesit deur die apostels. Tertullianus se argumentasie is uitstekend dog prakties, gegewe die konteks waarin hy skryf oor die geldigheid van tradisie. Hy hou hom by die gebruike van die Kerk en vra die vraag “for how can anything come into use, if it had not first been handed down.” (Ibid 1983:182) In hierdie verband oor die ongeskrewe tradisies van die Kerk meld hy ‘n hele rits van gebruike wat klaarblyklik in omgang was en wat nogal sterk ooreenkomste toon met sommige gebruike in die hedendaagse kerk waar die duiwel “gebind” word. So byvoorbeeld noem hy dat by die doop word die duiwel eers ontnem van enige houvas op die gelowige – “we solemnly profess that we disown the devil, and his pomp, and his angels.” (Ibid 1983:183) Let op sy slotsom in hierdie verband. “If, for these and other such rules, you insist upon having positive injunction in Scripture, you will find none.” Dan maak hy die volgende stelling: “tradition will be held out to you as their originator, custom as their strengthener and faith as their observer.” (Ibid 1983:183)

Vir Tertullianus dan is die verhouding tussen Skrif en tradisie ‘n onbreekbare eenheid. Ongeskrewe tradisie is iets heeltemal anders. Dit is hier waar die moderne Kerk weer sal moet besin of sy nog steeds oor die vermoë en stukrag beskik om onderskeid te maak tussen beginsel en praktyk of dan tussen ongeskrewe tradisie en die Skrif. J. A. Stoop meld dat vir die vroeg Christelike Kerk was die Bybel die norm waaraan sy haar onderwerp het. Dit was volgens hom die lewensbron wat skeppend gewerk en die bestaande verander het. (J. A. Stoop 1983:33)

Tertullianus was hoegenaamd nie bang om die vraagstukke van sy dag terug te herlei na die Skrif vir ‘n finale beslissing nie. B. B. Warfield beskou hierdie Afrika kerkvader as,

“... not formed for defensive warfare” wanneer dit gegaan het oor aanvalle van binne die Kerk met vals lering wat die Kerk bedreig het nie, maar het selfs wanneer die Kerk deur vervolging van buite bedreig was “ ... he took the offensive.” (1970:4) Soos J. N. D Kelly tereg opmerk “for Tertullian what was believed and preached in the churches was absolutely authoritative because it was the selfsame revelation which they had received from the apostles, the apostles from Christ, and Christ from God.” (1985:36). Tertullianus beskryf hierdie oorspronklike boodskap wat aan die apostels oorgelewer is as die tradisie wat nagevolg moet word sonder om spanning te skep tussen “Skrif” en “tradisie.” (Kelly 1985:36). Dit is die grootheid van karakter wat ons in die Kerk nodig het in die 21ste eeu rakende die geloof en belydenis van die kerk. Ons het duidelike riglyne nodig wat stabiliteit en sekerheid kan gee in ‘n post moderne wêreld waarin alles relatief is. Die Kerk moet weer gesien en beleef word as die bastion van geloof in Christus Jesus – God se antwoord op die mensheid se onsekerheid.

4.3 AUGUSTINUS EN SY TYDGENOTE

Die vierde en vyfde eeue n.C. was gekenmerk deur groot teologiese debatte en die konsolidering van die Kerk se teologiese besinning. Een ding wat ons in ag moet neem is dat hierdie manne se teologiese besinning en ontdekking nie die gevolg was van abstrakte bepeinsing nie. Gonzales noem dat die slotsom waartoe hierdie manne gekom het in hulle teologiese besinning nie die produk was van ‘n “sisteem” wat ‘n antwoord gevra het nie, maar eerder in die hitte van die stryd ‘n antwoord moes gee op die vraagstukke van die dag. Teologie was dus geleef in die hitte van die oomblik voordat dit geboekstaaf is. (A History of Christian Thought Vol II, 1971:15). Hierdie was ook ‘n soort oorgangsperiode. Tydens hierdie tydperk was daar geen vraag gewees oor die gesag en plek van die Skrif in die lewe en werk van die Kerk nie. G. L. Prestige noem byvoorbeeld die volgende:

“The voice of the Bible could be plainly heard only if its text were interpreted broadly and rationally, in accordance with the apostolic creed and the evidence of the historical practice of Christendom.” (Florovsky 1987:80)

Heiko Oberman verduidelik dat hierdie “enkelvoudige bron-tradisie” oor twee primêre kwaliteite beskik, naamlik:

1. The immediate divine origin of tradition together with the insistence on a clearly circumscribed series of historical acts of God in the rule of faith or the rule of truth.
2. The rejection of extra-scriptural tradition. (The Dawn of the Reformation 1986:276)

Alhoewel Augustinus ‘n onafhanklike denker was, het van sy voorgangers en tydgenote tog ook ‘n invloed gehad op die vorming van sy denke. Sy denke is nie in ‘n vakuum ontwikkel nie, maar binne ‘n historiese konteks en die apostoliese prediking wat aan hom bekend geword het. Vir hierdie studie sal daar slegs breedvoerig na twee van hulle verwys word, naamlik Basil van Caesarea (330-379 n.C) en Athanasius van Alexandrië in Noord Afrika (296-373 n.C). James White in sy artikel “Sola Scriptura and the Early Church,” haal die volgende aan uit Basil se verhandeling oor die Heilige Gees.

“Of the beliefs and practices whether generally accepted or publicly enjoined which are preserved in the Church, some we possess derived from written teaching; others we have received delivered to us “in a mystery,” by the tradition of the apostles; and both in these in relation to true religion have the same force. And these no one will gainsay; - no one, at all events, who is even moderately versed in the institutions of the Church. For were we attempt to reject such customs as have no written authority, on the ground that the importance they possess is small, we should unintentionally injure the Gospel in its very vitals; or, rather, should make our public definition a mere phrase and nothing more.”
(1995:34)

Sommige mag nou dadelik reageer deur te beweer dat Basil juis hier sinspeel op ekstra-Bybelse tradisie. Dit is egter nie waar as daar na die breë konteks van Basil se geskryfte gekyk word nie. Hy vra byvoorbeeld in dieselfde artikel ‘n hele paar vrae wat lig werp op sy beskouing oor die verhouding tussen Skrif en tradisie.

“...who is there who has taught us in writing to sign with the sign of the cross those who have trusted in the name of our Lord Jesus Christ? What writing has taught us to turn to the East at the prayer? Which of the saints has left us in writing the words of the invocation at the displaying of the bread of the Eucharist and the cup of blessing? For we are not, as is well known, content with what the apostle or the Gospel has recorded, but both in preface and conclusion we add other words as being of great importance to the validity of the ministry, and these we derive from unwritten teaching. Moreover we bless the water of baptism and the oil of the chrism, and besides this the catechumen who is being baptised. On what written authority do we do this? Is not our authority silent and mystical tradition? Nay, by what written word is the anointing of oil itself taught? And whence comes the custom of baptizing thrice? (1985:36)

Dit was die posisie van die patristiek in die eerste drie eeue. By Basil merk ons egter ‘n klemverskuiwing wat baie maklik verkeerd interpreteer kan word. Basil vra dat daar met “respek” en “gehoorsaamheid” omgegaan moet word met die “geskrewe” en “ongeskrewe” tradisies van die Kerk. Hier moet ons egter verstaan dat baie van die sogenaamde “ongeskrewe tradisies” te doen gehad het met die liturgiese praktyke van die Kerk. Hy noem dit die *en musterio*. Dit beteken nie dat dit in geheimhouding oorgelewer is nie. Veel eerder beteken *en musterio* “in die vorm van liturgiese gebruike van die Kerk.” Basil self gebruik die regte begrippe hier as hy skryf: *ta pleista ton mustikon agraphos hemin empoliteuetai*. Wanneer Basil van hierdie gebruike praat verwys hy na die Doop en Nagmaal.(Mathison 2001:33-34)

Wat Basil dus hier noem is in harmonie met Tertullianus en sy tydgenote wat presies dieselfde argumente gebruik het. Hy trek ‘n duidelike lyn tussen die “geskrewe tradisie” of dan die Apostoliese tradisie en die “oorgelewerde tradisie.” Basil maak dit ook duidelik dat die luisteraar in die bank, aan die hand van die Skrif moet aanvaar wat in ooreenstemming is met die Skrif en moet verwerp wat nie die toets van die Skrif kan deurstaan nie.” (White1985:38). Die patristiek het myns insiens in drie honderd jaar nie afgewyk van die “tradisionele verstaan van die verhouding Skrif en tradisie nie.”

Ook Athanasius, die groot Afrika teoloog van Alexandrië het dieselfde standpunt gehuldig. Athanasius praat van die “tradisie” van die Apostels wat hulle van Christus ontvang het en wat nou deur die “Vaders” bewaar word. Athanasius het die teologie van die kerk aan hierdie tradisie vasgemaak, veral in sy verdediging van die Drie-eenheid van God. Hy stel dit as volg:

There is a Trinity, holy and perfect, acknowledged as God, in Father, Son, and Holy Spirit, having nothing foreign or external mixed with it, not composed of a fashioner and an originated, but entirely creative and fashioning ... and thus there is preached in the Church one God, “who is over all, and through all, and in all..” And because this is the faith of the Church, let them somehow understand that the Lord sent out the Apostles and commanded them to make this the foundation of the Church, when He said: “Go out and instruct every people, baptizing them in the name of the Father and of the Son and of the Holy Spirit.” (White 1985:44)

Athanasius het hier ‘n belangrike grondslag gelê, naamlik om die teologie van die kerk vanuit die Skrif te vestig en te verdedig. Hy maak geen appél op ekstra-Bybelse openbaring om die Drie-eenheid te bewys nie. Hy hou hom by die Skrif en daarom by die apostoliese prediking omdat hy geglo het dat dit deur die Skrif is dat God se kinders koers sal hou en hulle geloof nie sal skipbreuk lei nie. In ‘n aanhaling van hom in sy stryd met die Ariane wys hy op die gevaar om buite dit wat die Skrif leer te beweeg.

If such bewilderment and empty speaking be from ignorance, Scripture will teach them, that the devil, the author of heresies, because of the ill savour which attaches to evil, borrows Scripture language, as a cloak wherewith to sow the ground with his own poison also, and to seduce the simple.” (Ibid 1985:45)

Athanasius is geensins onduidelik oor sy verstaan van die verhouding Skrif en tradisie nie. In sy stryd met die Ariane oor die Godheid van Christus beroep hy hom weereens op die Skrif as die “oorgelewerde tradisie” van die Apostels en vra hy sy opponente om self die beslissing te fel wat waar is en wat nie.

“Which of the two theologies sets forth our Lord Jesus Christ as God and Son of the Father, this which you vomited forth, or that which we have spoken and maintain from the Scriptures? (Ibid 1985:46)

Augustinus adem dieselfde gees as sy voorgangers. Hy laat ook nie ruimte vir ekstra-Bybelse openbaring nie. In sy verhandeling “*On the Good of Widowhood*, 2 skryf hy die volgende:

“What more can I teach you, than what we read in the Apostle? For Holy Scripture setteth a rule to our teaching, that we dare not ‘be wise more than it behoveth to be wise.’”

Vir Augustinus was die vertrekpunt die Skrif. In sy verhandeling oor die *Eenheid van die Kerk 3*, noem hy byvoorbeeld dat dit die gesag van die geskrewe boeke van die Bybel is wat die gelowiges saambind as basis vir hulle geloof in Christus Jesus. Dit is in die Skrif waar ons die Kerk vind en ons rigting vind om in die samelewing ons merk te maak. Hy noem dat dit juis die dinge van buite die Skrif is wat die Kerk verdeel en verwarring meebring. Augustinus skryf, “I do not want the Holy Church proved by human documents but by divine oracles.”

Augustinus het die belydenisskrifte van die Kerk, of dan die *regula fidei*, beskou as ‘n opsomming van die Skrif. Daaruit kan ons aflei dat hy dieselfde siening huldig as die Kerkvaders van die eerste drie honderd jaar. Sommige mag egter objekteer en beweer dat ons by Augustinus en sy tydgenote alreeds ‘n twee-bronne teorie rondom die kwessie van tradisie begin handhaaf het, vanweë hulle uitsprake oor sekere sake rakende die liturgiese gebruike van die Kerk, byvoorbeeld oor die doop. In sy stryd met die Donatiste oor die doop skryf Augustinus:

“... if anyone seek for divine authority in this matter, though what is held by the whole Church, and that not as instituted by Councils, but as a matter of invariable custom, is rightly held to have been handed down by apostolic authority.” (On Baptism, Against the Donatists, IV:24)

Net soos by Basil moet ons egter in gedagte hou dat hierdie manne feitlik al hierdie uitlatings gemaak het in die konteks van die verdediging van die liturgiese gebruike van die Kerk en nie oor die fundamentele waarhede van die Christelike geloof nie. Augustinus het in sy geskryfte baie stellings oor die gesag van die Kerk gemaak. Seker een van die bekendste stelling hieroor was teen die leer van die Manicheërs.

“For my part, I should not believe the gospel except as moved by the authority of the Catholic Church.” (Against the Epistle of Manichaeus, ch. 5)

Hierdie stelling laat egter nie ruimte vir ‘n twee-bronne tradisie teorie nie. Heiko Oberman wys daarop dat die begrip “moved” ‘n vertaling is van die Latynse *commovit me* en dat “the Church must be understood to have an authority to direct (*commovere*) the believer to the door which leads to the fullness of the Word itself.” (1986:278).

Florovsky wys daarop dat stellings soos hierdie binne ‘n spesifieke konteks interpreteer moet word. Die gelowige moet ‘n duidelike antwoord kan gee wanneer sy geloof bevraagteken word. Binne daardie konteks sou die gelowige dan moet antwoord dat die gesag waarop hy so ‘n antwoord gee, is op gesag van die Kerk. Dit is van die Kerk dat hy die evangelie ontvang het: “*ipsi Evangelio catholicis praedicatoribus credidi* [I believe the Gospel itself, being instructed by catholic preachers.]” Hiervolgens is dit duidelik dat die Evangelie en die prediking van die Kerk onlosmaaklik verbind is. Die Evangelie word altyd in die konteks van die Kerk se roeping gevind. Dit is haar opdrag en moet binne die raamwerk van die apostoliese oorlewering geskied. (1987:92) Hiervolgens sou ons kon aflei dat die “gesag van die Kerk” nie gesien moet word as die begin van ‘n “ekstra gesaghebbende tradisie” van die Kerk nie. Dit moet eerder beskou word as die onvervreembare beginsel van gesonde en verantwoordelike interpretasie van die Skrif.

Die rol van die Kerk is dus baie belangrik in die bepaling en handhawing van die tradisie van die Kerk. In sy skrywe teen die Manicheërs noem Augustinus dat die evangelie nie aan hulle (Manicheërs) behoort nie. Vir hom was die gesag van die Kerk (*Catholicae Ecclesiae auctoritas*) nie ‘n onafhanklik bron van geloof nie. Dit was juis die Kerk wat verantwoordelik was vir die suiwere interpretasie van die Bybel.

Vir Augustinus was dit genoeg gewees dat God aan sy Kerk die Bybel gegee het - 'n vaste fondament teen verleidende dwaling. Hy waarsku en vra sy lesers om dit in hulle gedagtes vas te knoop, omdat die Skrif, God se Woord genoegsaam is. Hy rig 'n appél op elkeen om die Kerk in die Skrif te ontdek. (White 1995:40)

Hoe moet ons dus die verhouding tussen Skrif en Tradisie verstaan. D. H. Williams gee 'n duidelike antwoord hierop. Volgens hom verwys Tradisie na, “the core teaching and preaching of the early church which has bequeathed to us the fundamentals of what it is to think and believe Christianly” (1999:6)

Hy noem verder dat die Tradisie van die Kerk, “sits in indispensable relation—historically and theologically—to the Christian use of Scripture and to the development of doctrine and spirituality. This was true in the early church; it is still true today” (1999:6). Vanuit 'n historiese en teologiese perspektief gesien is die *apostoliese* kerk dan ook die *patristieke* kerk. Dit moet ook geld vir vandag. Die *apostoliese kerk* moet noodsaaklikerwys ook die moderne kerk wees.

Volgens Williams moet tradisie dus as volg gesien word:

“Tradition denotes the acceptance and the handing over of God’s Word, Jesus Christ (*tradere Christum*), and how this took concrete forms in the apostles’ preaching (*kerygma*), in the Christ-centered reading of the Old Testament, in the celebration of baptism and the Lord’s Supper, and in the doxological, doctrinal, hymnological and credal forms by which the declaration of the mystery of God Incarnate was revealed for our salvation. In both *act* and *substance*, the Tradition represents a living history which, throughout the earliest centuries, was constituted by the church and also constituted what was the true church (1999:36).

Om dus 'n appél te maak op die Skrif en die Heilige Gees alleen, *sonder* hierdie tradisie, sou beteken dat ons die wese van ons ortodokse geloof ontken. Volgens Williams is die Skrif sonder “Tradisie” kunsmatig en vreemd aan die vroeë kerk. (1999:14) Die apostoliese verkondiging van God se Woord het 'n teologiese fondament gelê wat ons nie

durf verander nie. As dit uit die oog verloor word sal die kerk met al haar hedendaagse kreatiewe bemerking strategieë nie antwoorde kan bied om die Christelike geloof te definieer, praktiese oplossing te bied aan mense wat rondtas in 'n relatiewe sisteem waar daar geen duidelike klaarhede is nie. Sonder hierdie beskouing van die verhouding Skrif en tradisie bly ons rondtas in 'n teologiese see wat slegs sentimeters diep en kilometers wyd is. In die Kerk se soeke na 'n Gees vervulde en Bybels afgeronde geloof, kon die Kerk nie daarin slaag om die voortgaande versplintering van die Kerk te stuit nie. Die oordrewe vrees en misplaaste Roomse beskouing van tradisie is waarskynlik 'n oorreaksie by Protestante wat die Kerk beroof het van haar *Apostoliese Tradisie*.

Dit was juis in soortgelyke omstandighede dat die Hervormers van die 16de eeu gemaak het teen radikale Skrifbeskouings wat juis die ryke *Tradisie* van die Kerk ignoreer het. Die Hervormers het juis die vroeë kerkvaders deeglik nagevors om hierdie verhouding positief te verdedig. So byvoorbeeld haal Calvyn 800 keer die patristiek positief aan.

Een ding moet ons wel goed verstaan en dit is dat die Kerk gebore is in 'n Joodse konteks waarin een van die vereistes was om getrou te wees aan die profetiese verkondiging van God se Woord. Die moderne Kerk neig meer daarna om nie die Bybelse profesie getrou na te volg nie, maar dit eerder te sien as “gekodeerde bloudrukke” om die toekoms te verklaar. In werklikheid pleit ons hedendaagse situasie vir 'n terugkeer na die erfenis en geloof van die Apostels en die patristiek.

Die huidige verwarring binne die Kerk vra vir deeglike beslissing. Williams gee myns insiens 'n baie goeie antwoord hierop:

It is not overly melodramatic to say that the very content of contemporary Protestant Christianity is up for grabs. We are in the process of radical revision within a climate that no longer assumes the church's doctrines and history ought to inform the direction of contemporary theology or ecclesiastical practice. Ideology is taking the place of theology, and faithfulness has less to do with doctrine than with following a conservative agenda of social or political concern. Theology and biblical hermeneutics

have become the domain of the “professionals” whose work need not be advised by a knowledge of and concern for the church. The question looms before evangelicals about how far they will accommodate their methods and aspirations to the present culture before they are no longer able to be distinguished from it. What kind of impact can such Christianity have if uniqueness of the Christian identity has become so fragmented or so secularized that its voice offers nothing different than what can be found elsewhere. (1999:26)

Die Christelike geloof is ook die geskiedenis van die Kerk, God se handeling met Sy uitverkorenes. Dit het geskied binne die konteks van die apostels, patristiek, middeleeue, hervorming en die moderne era. Die tradisie van die kerk is gevorm in die prediking van die apostels nog voordat die Nuwe Testament daargestel is. Tradisie was uitgedruk in die etiek, prediking en aanbidding van die Kerk. Hulle lewensstyl was eenvoudig, eties regverdig suiwer en moreel regverdig suiwer. Volgens Williams is dit “tradisie in aksie.” Die vroeg Christelike Kerk het die Here in eenvoud en opregtheid aanbid sonder dat hulle die volledige Nuwe Testament op Skrif gehad het. Hy voeg by, “the apparent absence of a written text in no way prevented the sacramental and didactic ministry of the Word from taking root in the lives of these believers” (1999:69)

Die vroeë Kerk was eerder “Bybel gedrewe Christene” in stede van die moderne “markgerigte gedrewe Christene” wat op die massas toegespits is. Die “doen-dit-self geestelikheid” van vandag is mode. Respek vir die historiese geloof van die vroeë Kerk en hulle geloofsbeoefening is uit. In sy opsomming hieroor is Williams korrek, “... only through Scripture and the consensual Tradition will the believer be enabled to find spiritual living that is within the shelter of the orthodox faith and of the church” (1999:70).

Die tradisie van die Kerk is dus nie ‘n ekstra stel reëls wat teenoor die Skrif staan nie. Tradisie was soos Tertullianus dit stel, “a sacred deposit in the churches of the apostles.” Die moderne oorreaksie teen “tradisie” spruit waarskynlik uit die misbruik van die Rooms Kerk daarvan voor en tydens die Hervorming. Ons leef *in* die wêreld, God se

wêreld, en dit is hier waar die Kerk se tradisie in verhouding met Christus op twee vlakke gevorm word. Horisontaal oor eeue heen en vertikaal deur die Skrif. Hierdie verhouding is lewensbelangrik vir die Kerk. Die Kerk is nie net lewend in die hede nie, maar ook histories lewend deur die verkondiging van die Woord in die tradisie van die Apostels.

Die moderne Kerk lê te veel klem op “issues” soos byvoorbeeld “geestelike oorlogvoering,” “innerlike genesing,” en “persoonlike ondervindings.” Dis alles relevante sake, maar oorheers die toneel slegs vir kort periodes. Die gevolg is dat die Kerk voortdurend “nuwe programme,” nuwe tegnieke en nuwe aanbiddingsvorme moet invoer. Wanneer alles nuut moet wees loop ons die gevaar om historiese kontinuiteit te verloor. Dit is dan wanneer die Kerk rondgewaai word deur elke wind van lering – Ef.4:14.

HOOFSTUK 5: DIE EKSEGETIESE HANTERING VAN DIE SKRIF

As die Kerk in Suid-Afrika leerstellig ortodoks en eksegeties getrou aan die Skrif wil bly, sal sy die tradisie van die vroeë Kerk diepsinnig moet ondersoek met betrekking tot verantwoordelike Skrifinterpretasie, teologiese ontwikkeling en geestelike groei. Williams skryf: “...there is no way one can remain faithful to the gospel without learning how the Fathers defended it, without sharing in their struggles to formulate it.” (1999:13)

Juis omdat die geskrifte van die patristiek so deurtrek is met Skrifverwysings en beelde uit die Skrif, het hulle die grondslag vir die eksegeese van die Skrif gelê. Stoop skryf dat motiverings van kerkhistoriese gebeurtenisse en soms van suiwer politieke verskynsels dikwels herken kan word in die uitleg wat die vroeë denkers aan bepaalde Skrifgedeeltes gegee het. (1982:36) Hy is ook van mening dat die eksegeese van die patristiek dikwels kan dien as teenvoeter vir die dorheid en geestelike leegheid van baie van die moderne kommentare wat onder die dekmantel van die wetenskap die basiese dimensie van die Skrif verloor. (Ibid. 1982:37)

5.1 Die Geskiedenis van Interpretasie in die Patristiek

Die geskiedenis van die vroeë kerk se eksegeese was gedoen in die hitte van hulle stryd met vals lering of wanneer hulle hul geloof moes verdedig teen die vals beskuldigings van owerheidsweë af.

Daar was egter twee basiese benaderings tot die interpretasie van die Skrif:

- Die Alexandrynse model
- Die Antiogiese model

Hierdie twee skole het verskillende metodieke toegepas. Die Alexandrynse model was *allegories*, terwyl die Antiogiese model die *histories-letterlike* model voorgehou het. Dit beteken nie dat beide mekaar se modelle verwerp het nie. Webster som dit so op: “The difference in approach was due to what these competing schools considered to be the primary meaning of Scripture.” (2001:165)

Wat wel van belang is, is dat die Alexandryne nou betrokke was met die filosofiese modelle van Plato wat duidelik weerspieël is in hulle benadering tot Skrifinterpretasie. Die primêre betekenis van die Skrif vir hulle was dus om te soek na die verskuilde of diepere betekenis van die Skrif wat deur die allegorie uitgelig moet word.

Die Antiogiërs aan die ander kant was weer meer beïnvloed deur Aristoteles wat die histories-letterlike benadering bo die allegoriese model gebruik het. Webster meld dat die Antiogiërs gemaan het dat die allegoriese model spaarsamig en verantwoordelik gebruik moes word. (2001:166).

Hierdie twee skole wat die Kerk in die Ooste verteenwoordig het, het 'n sterk invloed gehad op die patristieke skrywers van beide die Oostelike en die Westerse dele van die Kerk. Dit was eers in die tyd van Augustinus dat daar 'n sintese te bespeur is van beide modelle. (Corley et al 2002:99)

5.1.1 Die Alexandryse Skool

Die allegoriese model het sy ontstaan in die Griekse kultuur. Die vader van die Alexandryse Christelike allegorie was die Jood Philo. Joseph Trigg skryf oor Philo se invloed op die vroeë Kerk as volg: “The extensive works of Philo (c. 20B.C. - 50 A.D.), in particular, provided a foundation for Christian allegorical interpretation of the Old Testament. Philo, a loyal Alexandrian Jew who served courageously as a spokesman for his community, was also an original philosopher in the Platonic tradition. He believed that the Tora set forth, in symbolic language, philosophical doctrines which anticipated the teaching of Plato.” (1988:15)

Philo wou aantoon dat daar raakpunte bestaan tussen die Skrif en Plato se filosofie. Die allegoriese interpretasie sou dan hierdie verskuilde boodskappe na vore bring in die letterlike woorde van die Skrif. So is die letterlike betekenis dan op die kantlyn geskuif vir die meer geestelike en dieper mistieke betekenis van die teks. Hierdie is iets wat Tertullianus teengestaan het. Omdat die Christelike geloof vir hom hoofsaaklik bestaan het uit kennis van God, was daar nie ruimte vir die filosofiese modelle van Clemens van Alexandrië nie. Kennis van God kom vanuit die Skrif. (Falk 1979:39). Dit sou egter in Origenes wees dat die Kerk beide in die Weste en Ooste sterk beïnvloed sou word deur die allegoriese metode van Skrif verklaring.

5.1.2 Die Antiogiese Skool

Die Antiogiese skool het sterk besware gehad teen die allegoriese verklaring van die Skrif. Robert Grant druk dit so uit: “They were unwilling to lose it in a world of symbols and shadows.” (1984:66). Die fout moet egter nie gemaak word om te dink dat hulle allegorie totaal verwerp het nie. Volgens hulle moet allegorie beperk word tot die minimum. Die Skrif self moes die riglyn wees en ruimte bied vir allegorie as dit enigsins gebruik moes word.

Chrysostomus, ‘n tydgenoot van Augustinus som dit so op: “There is something else we can learn here. What sort of thing is this? It is when it is necessary to allegorize Scripture. We ourselves are not the lords over the rules of interpretation, but must pursue Scripture’s understanding of itself, and in that way make use of the allegorical method. What I mean is this. The Scripture has just now spoken of a vineyard, wall, and wine – vat. The reader is not permitted to become lord of the passage and apply the words to whatever events or people he chooses. The Scripture interprets itself with the words, ‘And the house of Israel is the vineyard of the Lord Sabaoth.’ To give another example, Ezekiel describes a large, great-winged eagle which enters Lebanon and takes off the top of a cedar. The interpretation of the allegory does not lie in the whim of the readers, but Ezekiel himself speaks, and tells first what the eagle is and then what the cedar is. To take another example from Isaiah himself, when he raises a mighty river against Judah, he does not leave it to the imagination of the reader to apply it to whatever persons he chooses, but he names the king whom he has referred to as a river. This is everywhere a rule in Scripture: when it wants to allegorize, it tells the interpretation of the allegory, so that the passage will not be interpreted superficially or be met by the undisciplined desire of those who enjoy allegorization to wander about and be carried in every direction. Why are you surprised that the prophets should observe this rule? Even the author of Proverbs does this. For he said, ‘Let your loving doe and graceful filly accompany you, and let your spring of water before you alone.’ Then he interprets these terms to refer to one’s free and lawful wife; he rejects the grasp of the prostitute and other woman.” (Webster 2002:170-171)

5.1.3 Tipologie en Allegorie

Stoop toon aan dat die eksegeese van die Ou Testament, Christologies en allegories was. Met ander woorde, die Ou Testament sou soek na getuienisse aangaande Jesus Christus. (1982:37). Daar is egter 'n verskil tussen allegorie en tipologie in die eksegeese van die patristiek. Soms word dié twee saam gegroepeer onder die geestelike betekenis van die Skrif, (iets anders as die letterlike betekenis), of tipologie as 'n soort “onderafdeling” van allegorie. Die patristiek het hulle egter onderskei van mekaar as erkende metodes van Skrifeksegese. Tipologie is 'n vorm wat sterk profeties na vore kom en word nie geskei van die historiese narratiewe van die Skrif nie. Dis ook waar van baie allegorie in die Skrif.

Webster haal Carroll aan om dit te illustreer: “Typological exegesis is the search for divine intentional links between events, persons or things within the historical framework of revelation, whereas Allegory is the search by man for a secondary and hidden meaning underlying the primary and obvious meaning of the narrative. The secondary sense of the narrative, discovered by allegory, does not necessarily have any connection at all with the historical framework of revelation; indeed it is only when the secondary allegorical sense has an accidental reference to God’s self-revelations in history that there is an accidental resemblance between allegory and typology. On the other hand, typology is the corollary of prophecy, for biblical types (*tupoi*) are as much the inspired events of the Holy Spirit as the parables (*logoi*) are his inspired utterances.” (2002:172)

Beide hierdie metodes word toegepas in hulle eksegetiese modelle.

Soos vroeër aangedui, het Augustinus 'n middeweg begin volg en beide die histories-letterlike model sowel as allegorie gebruik in sy eksegeese van die Skrif. Augustinus se benadering het later die model geword in die Kerk. Vir hom was dit ook belangrik dat selfs die lidmaat en nie net die leraars van die kerk nie, sy beginsels moes toepas. Vir hom was daar twee breë perspektiewe wat gevolg moes word in die verstaan van die Skrif. Die een was *deursigtigheid* en die ander een was *verborgenheid*. Deursigtigheid handel oor Skrifwaarhede wat duidelik waarneembaar is. Die essensiële waarhede van die Christelike geloof is duidelik en ondubbelsinnig

waarneembaar in die Skrif. Hy beskryf dit as volg: “The fact is, after all, that in the passages that are put plainly in Scripture is to be found everything that touches upon faith, and good morals, that is to say hope and charity, which we dealt with in a previous book.” (Webster 2002:174)

Augustinus het in bogenoemde aanhaling uit *de Doctrina Christiana*, die beginsels uiteengesit hoe om die meer “onverstaanbare” gedeeltes te verklaar. Sy interpretasie van die Skrif het veral gefokus op liefde vir God en die naaste. (Ibid, 2002:174) Dit sluit in aspekte soos:

- Ware bekering en die vrees van God
 - Kennis
 - Berading van bedroefdes of die wat ontmoedig is
 - Dood vir die sonde
 - ’n Heilige lewenswandel
 - Wysheid
 - Gebed vir die verligting van die Heilige Gees m.b.t. die verstaan van die Skrif.
- (Ibid, 2002:174)

Met betrekking tot die meer “verskuilde” of verborge gedeeltes in die Skrif noem hy dat Skrif met Skrif vergelyk moet word. Die meer duidelike gedeeltes lig dan hierdie verborge gedeeltes toe. Augustinus maak ook die baie belangrike stelling dat elke gedeelte binne die konteks van die gedeelte en uiteindelik die groter geheel interpreteer moet word. Verder moet die intensies van die oorspronklike skrywer bepaal word en daarby gehou word en ook dat die Skrif daaglik gelees en bestudeer word om by hierdie beginsels uit te kom. Augustinus is ook duidelik dat waar die betekenis van die gedeelte nie bevredigend gevind word nadat al die bogenoemde stappe gevolg is nie, moet die *regula fidei* – die lering van die Apostels en die Kerk gevolg word. Met ander woorde, hoe het die Kerk oor die eeue heen hierdie gedeeltes interpreteer. (Ibid, 2002:174)

Ten spyte van al hierdie beginsels wat neergelê is, het die patristiek nog steeds verskil oor die interpretasie van sekere Skrifgedeeltes.

'n Goeie voorbeeld hiervan is byvoorbeeld Augustinus se verklaring van Johannes 6. Philip Schaff meld dat Cyril van Jerusalem byvoorbeeld van mening was dat daar 'n wonderwerklike verandering intree by die elemente van brood en wyn wanneer die Nagmaal bedien word, iets soos die transsubstansiasie van die later eeue. (Nicean and Post Nicean Fathers, Second edition Vol. 7, Catechetical Lectures, 22:1-2, Elektronies)

Hierop reageer Augustinus dat Johannes 6 figuurlik verklaar moet word: "If the sentence is one command, either forbidding a crime or vice, or enjoining an act of prudence or benevolence, it is not figurative. If, however, it seems to enjoin a crime or vice, or to forbid and act of prudence or benevolence, it is figurative. 'Except ye eat of the flesh of the Son of man,' says Christ, 'and drink His blood, ye have no life in you.' This seems to enjoin a crime or a vice; it is therefore a figure, enjoining that we should have a share in the suffering of our Lord, and that we should retain a sweet and profitable memory of the fact that his flesh was wounded and crucified for us." (Ibid, Augustine on Christian Doctrine, 3.16.24, Elektronies)

Augustinus glo dus nie dat Christus fisies teenwoordig is in die Nagmaal nie, omdat hy fisies in die hemel is tot met Sy wederkoms. Sy waarskuwing is dat die wat die Skrif interpreteer onderskeid moet maak tussen Christus as mens en Christus as God. As God is Hy alomteenwoordig, maar as mens is Hy slegs teenwoordig in die hemel van waar die gelowige Hom verwag op die wolke van die hemel. Ons deelname in die Nagmaal is dus geestelik en nie fisies nie. (Webster 2002:181-182). Wat Augustinus hier geleer het was ook nie nuut nie, want Tertullianus het reeds 200 jaar vroeër geleer dat die elemente, brood en wyn in die Nagmaal figuurlik verstaan moet word. (Philip Schaff, ANF Vol. 3 Against Marcion 4.40: Elektronies)

5.2 Algemene riglyne van Skrifverklaring by die Patristiek

Hierdie is meer 'n sistematiesing van die beginsels wat reeds aangeraak is in die voorafgaande bespreking. Alhoewel daar verskille by die patristiek bestaan het, was daar tog algemene konsensus oor die volgende:

5.2.1. Die kontinuïteit tussen die Ou en Nuwe Testament

Die patristiek het in Jesus Christus die saambindende Persoon gevind tussen die Ou en Nuwe Testament. Daarom was die Skrif vir hulle hoofsaaklik Christosentries. Augustinus skryf aan Faustus die Manicheër: “To enumerate all the passages in the Hebrew prophets referring to our Lord and Saviour Jesus Christ, would exceed the limits of a volume, not to speak of the brief replies of which this treatise consists. The whole contents of these Scriptures are directly or indirectly about Christ. Often the reference is allegorical or enigmatical, perhaps in a verbal allusion, or in a historical narrative, requiring diligence in the student, and rewarding him with the pleasure of discovery. Other passages, again, are plain; for, without the help of what is clear, we could not understand what is obscure. And even the figurative passages, when brought together, will be found so harmonious in their testimony to Christ as to put to shame the obtuseness of the sceptic.” (Philip Schaff, NPNF1, Vol. 4, Book X111:7 – Elektronies)

Soos reeds vroeër aangedui was tipologie gebruik as ’n vorm van profesie. Jesus Christus gebruik byvoorbeeld in Joh.3:14 “Soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word.” Hierdie was ’n tipologiese verwysing na Sy versoening van die mensdom aan die kruis. Die hele offerandestelsel van die Ou Testament was ’n tipologie van die lewe en werk van Jesus Christus, die Lam van God. Deur hierdie tipes het die patristiek die eenheid tussen die Ou en Nuwe Testament verbind.

5.2.2 Die *Regula Fidei*

Die patristiek was dit eens dat die boodskap van die Christelike geloof opgesom was in die *regula fidei* - die apostoliese nalatenskap. Hoe die Skrif interpreteer is en hoe dit vervat is in die Apostoliese belydenisskrifte, was die norm. Niemand binne die *katolieke kerk*, binne die ortodokse geloof, het hierdie harmonie bevraagteken nie. Hierdie saambindende *regula* het verhoed dat die Kerk ontspoor in ’n doolhof van verwarring, maar ook verseker dat die leefwêreld van die patristiek ’n radikale verandering in hulle samelewing teweeggebring het.

5.2.3 Die Deursigtigheid van die Skrif

Die patristiek was dit eens dat die Skrif duidelik, deursigtig en ondubbelsinnig is. Geen geslag oor 'n paar millennia kan beskuldiging inbring teen die onomstootlike openbaring wat God van Homself gee in die Skrif nie. Die Skrif is in mensetaal, gekleur met kultuur en agtergrond en het die vermoë om binne die gebrokenheid van omstandighede die mens in sy sondenood radikaal te verander.

Tertullianus skryf dat die Skrif eenvoudig en duidelik in betekenis is. Die Skrif is ondubbelsinnig en sonder enige verskuilde agendas. (Philip Schaff, ANF, Vol. III, On the Resurrection of the Flesh, Chapter III: Elektronies). In sy skrywe teen Praxeas noem hy 'n paar beginsels van interpretasie. Die eerste beginsel is die van konteks. Individuele tekse moet altyd in die lig van die Skrif interpreteer word. Die tweede beginsel, wat ook by Irenaeus gevind word, is die van Skrifgedeeltes waarin daar nie 'n voor-die-hand-liggende verklaring is nie. Sulke gedeeltes moet verklaar word in die lig van gedeeltes wat duidelik verstaan kan word. (Ibid, Against Praxes, Chapter XX: Elektronies). Dit is die *regula fidei* – die maatstok van die Christelike geloof.

Niemand vang dit so goed vas soos Augustinus nie: “Accordingly the Holy Spirit has, with admirable wisdom and care for our welfare, so arranged the Holy Scriptures as by the plainer passages to satisfy our hunger, and by the more obscure to stimulate our appetite. For almost nothing is dug out of those obscure passages which may not be found set forth in the plainest language elsewhere.” (Against Praxes, Chapter XX: Elektronies)

5.2.4 Die beginsel van Konteks: Die hele Skrif

Die patristiek was dit eens dat een van die grootste ewels wat deur die vals leraars van hulle tyd gebruik was, was naamlik, om betrokke Skrifgedeeltes buite die onmiddellike en algehele konteks van die Skrif aan te haal. Eerder as om die Skrif toe te laat om te spreek, moes die Skrif inpas by eie persoonlike vooropgestelde gevolgtrekkings. Op hierdie manier is die Skrif gebruik om “nuwe” en “vreemde teologie” te verkondig wat nie alleen die karakter van die Kerk sou vernietig nie, maar ook die boodskap van die evangelie ontoeganklik maak vir miljoene mense. Die

evangelie is God se boodskap om by mense 'n radikale verandering tuis te bring. Dis nie 'n filosofie nie, maar 'n wêreldbeskouing.

5.2.5 Die Skrif verklaar die Skrif

Hierdie beginsel was reeds te vinde by Tertullianus se voorganger Irenaeus, en vind neerslag by die res van die patristiek. Laasgenoemde skryf as volg: “If therefore, according to the rule which I have stated, we leave some questions in the hands of God, we shall both preserved our faith uninjured, and shall continue without danger; and all Scripture, which has been given to us by God, shall be found by us perfectly consistent; and the parables shall harmonize with those passages which are perfectly plain; and those statements the meanings of which is clear, shall serve to explain the parables; and through the many diversified utterances [of Scripture] there shall be heard one harmonious melody in us, praising in hymns that God who created all things.” (Philip Schaff, ANF, Vol. I, Irenaeus, Against Heresies, II:28:3, Elektronies)

Die patristiek het hierdie beginsels deurgaans gehandhaaf in hulle hantering van die Skrif. So skryf Augustinus: “Our thoughts, my dearest brothers and sisters, in reflecting on and discussing the holy Scriptures must be guided by the indisputable authority of the same Scriptures, so that we may deal faithfully both with what is said clearly for the purpose of giving us spiritual nourishment, and what is said obscurely in order to give us spiritual exercise. Who, after all, would dare to expound the divine mysteries otherwise than has been practiced and prescribed by the mind and mouth of an apostle.” (John E. Rotelle, aangehaal deur Webster, 2002:205)

Hiervolgens is dit duidelik dat die patristiek van oortuiging was dat diegene wat die Skrif hanteer in prediking en lering moes soek na die betekenis *van* die Skrif *in* die Skrif en nie elders nie. Dit sou nie alleen dien as vrywaring teen vals lering nie, maar ook teen die formulering van teologiese modelle wat die gesag van die Skrif sou ondermyn en sodoende die geloof van baie laat skipbreuk lei.

Die patristiek het so vroeg as Irenaeus dit beklemtoon dat die Skrif sy eie inherente betekenis dra. Hulle het juis die vals leraars van hulle tyd daarvan beskuldig dat hulle die Skrif verdraai het vir eie gewin en nie gehou het by die oorkoepelende boodskap

van die Skrif nie. (Philip Schaff, ANF, Vol. I, Irenaeus, Against Heresies, Book I:8:1, Elektronies)

'n Verdere punt van belang, en wat reeds vroeër aangesny is, is dat die patristiek hulle lesers en luisteraars aangemoedig het om die Skrif voortdurend en noukeurig te bestudeer ten einde in staat te wees om self die Skrif te verklaar. 'n Tydgenoot van Augustinus, Johannes Chrysostomos, het in sy geskrif, *Homilies on the Gospel of St. John*, die gelowiges van sy dag aangemoedig om hulle met noukeurigheid en toewyding in te graawe in die diepte van die Skrif. Hy maak dit duidelik dat die boodskap van die Skrif nie op 'n lukrake wyse ontdek word nie, maar in diepe bepeinsing met baie gebed. (Philip Schaff, NPNF1, Vol. 14, Homily 21, John 1:49-50)

5.3 Tertullianus en die Eksegese van die Skrif

Enige studie wat aangepak word m.b.t. die eksegetiese hantering van die Skrif by Tertullianus, is baie nou verweef met sy geskrif *De Praescriptione Haereticorum*. Baie van sy eksegese van die Skrif kom ook uit die Pentateug. Baie van sy eksegese was ook gedoen in die hitte van die stryd met Marcion oor die verhouding tussen die Ou en Nuwe Testament. Dat die Skrif deur God geïnspireer is, was vir hom vanselfsprekend, maar die metode om by die regte uitleg van die Skrif te kom moes gedefinieer word. Tertullianus het die Ou Testament as deur en deur Christelik beskou, juis omdat dit die gedagtegang van die Apostels en Christus was. Dit was die reël en daarby moes gehou word, want dit het uitdrukking gegee aan die “vrede” wat daar bestaan het tussen die Ou en Nuwe Testament. (Kelly, 1985:69)

Wat egter ook verstaan moet word is dat die noodigheid vir eksegese in Tertullianus se milieu nie bestaan het nie. Die oorkoepelende beginsel was dat die hantering van die Skrif *ortodoks* moes wees. Die vraag is nou wat word beskou as *ortodoks*, omdat beide die vals leraars en die patristiek 'n appèl gemaak het op die openbaring van Jesus Christus.

In die eerste paar hoofstukke van *De praescriptione haereticorum* hanteer Tertullianus hierdie vraag oor wat *ortodoks* is, eties en prakties eerder as leerstellig.

Sy argument is dat vals lering 'n werklikheid is binne die kerk, net soos wat koors (*febris*) in die menslike liggaam bestaan. Beide besit die vermoë om te vernietig en daarom moet dit ons maan tot versigtigheid. (Roberts and Donaldson, ANF, Vol. 3, hoofstuk 2: Elektronies). Dat daar vir Tertullianus 'n duidelike verband was tussen vals lering en 'n immorele leefwyse was 'n gegewe. Daar was 'n duidelike verband tussen geloof en praktyk (*praxis*), dogma en etiek, en vals lering en afgodery. (Merill, 1987:154). Vir Tertullianus was vals lering en afgodery 'n intieme entiteit. (Ibid, 1987:155). Hy skryf dat elke valsheid omtrent God afgodery is. Hy antwoord self waarom daar so 'n nou verband bestaan tussen geloof en 'n eties korrekte leefwyse: “*Doctrina index disciplina est,*” “'n Gedissiplineerde leefwyse is opsigself bewys van die waarheid.” (Ibid, 1987:155)

Vervolgens wys Tertullianus daarop dat vals leraars hulle eksegetiese bou op dubbelsinnige en onduidelike Skrifgedeeltes. Die Skrifgedeeltes wat hulle nie isoleer uit die konteks nie, die verdraai hulle onherkenbaar. Hy beweer byvoorbeeld dat Hermogenes tot die slotsom kom dat *principium* dieselfde is as *materiam*, (wat duidelik nie waar is nie) bloot omdat hy die betekenis van die woord verdraai (*torquere*) het. (Meril 1987:156). Verder skryf Merill, “This meaning, the *ratio verborum*, cannot be disregarded for it is crucial to a proper understanding of the *vox divina*.” (1987:156)

Tertullianus se argument is dat korrekte eksegetiese in harmonie was met die *regula fidei*. Waar die *regula* dus nie gehandhaaf word nie lei dit tot *ingenia*. *Ingenia* kan ook vertaal word as “uitvindings” wat 'n totaal ander boodskap aan 'n betrokke Skrifgedeelte gee. (Ibid, 1987:155-156)

Om dus by die waarheid van die Skrif te bly, het Tertullianus sekere riglyne neergelê vir goeie eksegetiese. Die *disciplina rationis* wat hy voorstel was as volg: “*in re, in tempore, en in modo*” – “wat gesoek moet word, *wanneer* dit gesoek moet word en op *watter* manier of *hoe* lank daarna gesoek moet word.” (Roberts and Donaldson, ANF, Vol. 3, hoofstuk 10: Elektronies). Hulle verduidelik verder: *Waarna* gesoek moet word, is om vas te stel wat Christus daarvoor geleer het – *in re*. Die soeke daarna duur voort solank as wat dit nie gevind word nie – *in tempore*. Die soeke eindig wanneer Christus se verklaring daarvoor duidelik is – *in modo*. (Ibid, hoofstuk 10: Elektronies)

Die *regula fidei* is dus die bepalende faktor. Roberts en Donaldson vertaal: “But at the outset I lay down (this position) that there is some one, and therefore definite, thing taught by Christ, which the Gentiles are by all means bound to believe, and for that purpose to “seek,” in order that they may be able, when they have “found” it, to believe. However, there can be no indefinite seeking for that which has been taught as one only definite thing. You must “seek” until you “find,” and believe when you have found; nor have you anything further to do but to keep what you have believed provided you believe this besides, that nothing else is to be believed, and therefore nothing else is to be sought, after you have found and believed what has been taught by Him who charges you to seek no other thing than that which He has taught. (Vol. 3, hoofstuk 10: Elektronies). Sy slotsom is dat dit beter is om onkundig te bly as om enige iets anders te leer as wat die *regula* toelaat. Merrill som dit as volg op: “Lack of attention to proper exegesis leads inexorably not only to doctrinal aberrations, but in consequence thereof to an ungodly way of life.” (1987:161)

Soos reeds aangedui, het Tertullianus se eksegeese binne die konteks van sy polemiese geskifte plaasgevind. Meeste van die aanhalings, sowat vyf en sewentig persent, kom uit die Pentateug. Interessant is dat Genesis 2:7 meer as sestig keer aangehaal word. (Ibid, 1987:166-168). In die bestudering van Tertullianus se geskifte, in byvoorbeeld Schaff, Roberts en Donaldson, kom sy retoriese vermoëns meer na vore as strenge eksegeese van die Skrif. Tog moet ’n mens toegee dat *de praescriptione haereticorum* duidelik weerspieël dat Tertullianus in die gewoonte was om die Skrif te interpreteer in ’n styl wat die konteks van sy tyd omvat het en in antwoord op die vals leraars. Dit blyk uit ’n bestudering van sy bogenoemde werk, dat die vals leraars van sy dag nie die bekering van die heidene as doel gehad het nie, maar om verwarring te saai in die geledere van die ortodokse kerk.

Merrill is korrek in sy waarneming dat daar nie in Tertullianus se eksegetiese hantering van die Pentateug gesoek moet word na ’n hermeneutiese standaard nie, maar eerder na ’n eksegetiese werklikheid. (1987:162). Tertullianus was meer besorg oor die konteks. In sy hantering van die monogame huwelik wys hy juis dat daar vir Adam slegs een vrou, Eva, geskep is – een rib, een vrou. Hy ontken nie die feit dat die aartsvaders meer as een vrou gehad het nie, maar dat die skeppingsverhaal van een

man en een vrou in die monogame huwelik die *intensie* van God uitdruk vir alle daaropvolgende huweliksverhoudings. Sy opponente se argument dat Abraham bigamie beoefen het, het Tertullianus 'n interessante skuif laat maak. In sy verdediging van die aartsvader noem hy dat Abraham se bigamie begin het met sy besnydenis en omdat hierdie opponente van hom die besnydenis verwerp het, behoort hulle ook daarom bigamie te verwerp. (Roberts-Donaldson, Book I, Hoofstuk 2: Elektronies). Hiervolgens blyk dit dat Tertullianus dus sy eie *in re*, *in tempore* en *in modo* omseil en eerder van 'n skerpsinnige retoriese element gebruik maak om sy opponente te uitoorlê. Die gebruik van allegorie waaroor hy redelik skepties gestaan het kom tog ook na vore in sy polemiese geskrifte, byvoorbeeld dat die gevalle engele die oorsprong was van die okkulte en die astrologie. (Ibid, On Idolatry: Elektronies).

In sy hantering van die Pentateug het hy eenvoudig die historisiteit van die skepping en ander narratiewe gedeeltes aanvaar. Vandaar sy skerpsinnige reaksie dat God uit niks – *creatio ex nihilo* – geskep het. Hermogenes byvoorbeeld, het die standpunt gehuldig dat God uit materie (*materia*) en die reeds bestaande (*substantia*) geskep het (“*aut deum de semetipse fecisse cuncta aut de nihilo aut de aliquo*”). (Ibid, Against Hermogenes: Elektronies).

Wanneer hy dus die Pentateug aanhaal is dit om vals lering te korrigeer. Let op dat hy in sy polemieë met Marcion skryf dat God nie vir Adam vra waar hy is, of vir Kain waar hy is omdat Hy nie weet of onkundig is nie, maar God gee aan beide Adam en Kain die geleentheid om 'n morele beoordeling te maak en hulle te bekeer. (*cuius caelum thronus, et terra scabellum*). (Ibid, Against Marcion: Elektronies).

Marcion se aanname dat God “*moreel minderwaardig*” was teenoor Moses in die hele goue kalf narratief, en dat God Homself in 'n benarde situasie bevind het toe Hy die Israeliete wou uitwis en Moses toe as bemiddelaar moes intree, is van alle waarheid ontbloot. Tertullianus se uitleg van hierdie situasie is dat Moses in hierdie verhaal 'n *figura* van Christus is en dat ons deur Sy bemiddeling verlos word van die wraak van God. (Ibid, Against Marcion: Elektronies). Hiervolgens maak Tertullianus dan die gevolgtrekking dat die Ou Testament nie verwerp moet word ten gunste van die Nuwe Testament nie, maar dat beide as 'n eenheid beskou moet word. Die God van die Ou Testament is ook die God van die Nuwe Testament. Die vleesgeworde Christus van

die Nuwe Testament is die verskuilde Christus in die Ou Testament. Hy is die Historiese Jesus van die Nuwe Testament, die Lewende werklikheid van God op aarde.

Om Tertullianus se eksegese bloot te beoordeel op grond van *De Praescriptione* sou hom 'n onguns bewys. Al sy ander werk behoort ook betrek te word, maar tyd en ruimte in hierdie studie sou dit nie toelaat nie. Wat egter wel van belang is, is om te noem dat sy gebruik van die Pentateug in sy polemiese geskrifte 'n sterk toon van besorgdheid dra vir die morele en geestelike suiwerheid van die Kerk in Afrika van die derde eeu na Christus. Sy verhewe siening van die Skrif word duidelik weerspieël. Alhoewel die Skrif sogenaamde “vuurhout” voorsien vir die kettere van sy tyd, voorsien dit ook 'n definitiewe *praxis* vir die Kerk in die samelewing. Sy eksegese van die Pentateug is dus eties en prakties van aard. Daar is nie 'n poging om die vals leraar te bekeer nie. Trouens, Tertullianus het beweer dat argumente met valse leraars lei slegs tot 'n ontstelde maag en kopseer! Dit blyk dat hy eerder 'n verband wou skep tussen leerstelling en praktyk – *doctrina index disciplina est*.

Tertullianus se gebruik van die Skrif was egter nie net beperk tot die Ou Testament nie. Hy was die eerste Westerse Kerkvader wat eksegetiese kommentaar gelewer het op Matteus 16. Hierdie gedeelte was en is al baie gebruik deur verskeie groeperings van die Kerk om spesifieke standpunte te stel. Uit Rooms Katolieke geleedere is hierdie gedeelte gebruik as bewys dat Christus sy gesag aan Petrus oorgedra het as hoof van die Kerk. In Charismatiese kringe word hierdie gedeelte gebruik as bewys van die geestelike krag van leiers om “oop te sluit” of “te bind” in die naam van Jesus Christus.

Tertullianus se gebruik van hierdie is nie om beide van hierdie standpunte toe te lig nie. Roberts en Donaldson vertaal: “Was anything withheld from the knowledge of Peter, who is called the ‘rock on which the church should be built’ who also obtained ‘the keys of the kingdom of heaven,’ with the power of ‘loosing and binding in heaven and earth?’” (Ante Nicene Fathers, Vol III, Prescription Against Heretics 22: Elektronies)

Bogenoemde stelling kan baie pro-Rooms Katoliek gebruik word indien dit in isolasie gebruik word. Verder kan dit ook pro-Charismaties gebruik word om op die krag van die geestelike leier te fokus. Tertullianus se kommentaar op Mt.16:16-18 moet binne konteks verstaan word. Roberts en Donaldson vertaal verder en wys wat Tertullianus bedoel met Petrus wat die ‘rots’ is en wat hy bedoel met “oopsluit” en “toesluit.” “If, because He has said to Peter, ‘Upon this rock I will build My Church,’ ‘to thee have I given the keys of the heavenly kingdom;’ or, ‘Whatsoever thou shalt have bound or loosed in earth, shall be bound or loosed in heavens,’ you therefore presume that the power of the binding and loosing has derived to you, that is, to every Church akin to Peter, what sort of man are you, subverting and wholly changing the manifest intention of the Lord, conferring (as that intention did) this (gift) personally upon Peter? ‘On thee,’ he says, ‘I will build My Church;’ and ‘I will give thee the keys’...and, ‘Whatsoever thou shalt have loosed or bound’... In (Peter) himself the Church was reared; that is, through (Peter) himself; (Peter) himself essayed the key; you see what key: “Men of Israel, let what I say sink into your ears: Jesus the Nazarene, a man destined by God for you,” and so forth. (Peter) himself, therefore, was the first to unbar, in Christ’s baptism, the entrance to the heavenly kingdom, in which kingdom are ‘loosed’ the sins that were beforetime ‘bound;’ and those which have not been ‘loosed’ are ‘bound,’ in accordance with true salvation...” (Ibid, Vol IV, On Modesty 21: Elektronies)

As Tertullianus dus sê dat Petrus die rots is en dat die Kerk op hom gebou is, bedoel hy dat die Kerk *deur* hom gebou word wanneer hy die evangelie van Christus verkondig. Deur die *prediking* word die sleutels van die Koninkryk van God gebruik om oop of toe te sluit. Wanneer die evangelie aanvaar word, word die Koninkryk oopgesluit en wanneer die evangelie verwerp word, word die Koninkryk toegesluit. (www.monergism.com : Church History)

5.4 Augustinus en die Eksegese van die Skrif

Net soos by Tertullianus huldig Augustinus ook ’n hoë en verhewe siening van die Skrif en die Kerk. Volgens James T. Spivey glo Augustinus m.b.t. die Skrif: “divinely inspired, it is without error and of supreme authority in matters of faith. With respect to its purpose, to bring salvation, the message is simple; but beyond that it is

sublimely suprarational. Because unaided human reason cannot penetrate its profound truths, one must come to the Bible first in faith. It is faith which informs understanding, not vice versa.” (2002:101) Van die Kerk skryf hy: “Attributing to it authority secondary only to Scripture, he said there is no salvation apart from the Church. Only within the Church is the law of love truly operable: it mediates the knowledge for salvation, and a pure life cannot be maintained outside of it. God saves by grace: first by the drawing power of the Holy Spirit, then by the witness of the Church which leads to faith in the truthfulness of Scripture.” (Ibid, 2002:101-102).

Augustinus het die mense van sy dag aangemoedig om die Skrif deeglik te bestudeer omdat daarin ‘n liefde vir God en die naaste ontdek word. Terselfdertyd sou dit die gelowige onderskraag om die leerstellings van die Kerk self te ontdek en te bewaar. Hy waarsku egter teen ‘n private uitleg van die Skrif wat individualiteit weerspieël en wat slegs lei tot vals lering en verwarring. As teenvoeter daarvoor praat hy dieselfde taal as Tertullianus wanneer hy verwys na die *regula fidei*. Die *regula fidei* is daar om die suiwere leer van die Kerk te waarborg en die gelowige te beskerm. Dit vind uitdrukking in die Apostoliese prediking soos vervat in die ekumeniese geloofsbelydenisse van die Kerk. Volgens Spivey kan Augustinus se hermeneutiese beginsels as volg opgesom word: “..he developed a hermeneutical scheme based on three principles: come to the Bible in faith, stay within the *regula fidei*; and apply the law of love.” (Ibid, 2002:102). Die “law of love” kan volgens Augustinus slegs ontdek word deur die Skrif te bestudeer, wat die gelowige sal leer om beide God en sy naaste lief te hê. Hiervolgens sou die gelowige nie slegs die nodige kennis van God ontdek nie, maar ook die mensdom binne sy konteks kon verstaan.

Uit sy werke *On Christian Doctrine* en *City of God* kan duidelik afgelei word dat hy besonder versigtig was om die Skrif korrek te verstaan en te interpreteer. Hy waarsku teen ‘n wetties-letterlike interpretasie wat kan lei tot vals lering, maar daarmee negeer hy nie die histories-letterlike interpretasie nie. Aan die ander kant waarsku hy ook teen “vindingryke vergeesteliking.” Die figuurlike beelde wat gebruik word, moet gebou word op die letterlike verstaan van die Skrif en dit moet binne die raamwerk van die *regula fidei* bly. Ook Bromiley is van dieselfde mening in hierdie verband. (1992:209)

Augustinus het soos reeds vroeër aangedui, die Alexandrynse en Antiogiese modelle – letterlik en figuurlik - gebruik in Skrifeksegese. Alhoewel hy baie van allegorie gebruik gemaak het, was sy doel daarmee om die metafisiese realiteite te ontsluit. Alhoewel daar ‘n kwalitatiewe verskil tussen die Ou en Nuwe Testament was, was die boodskap dieselfde.

Belangrik om op te let, is dat Augustinus vier belangrike kategorieë van die klassieke retoriek gebruik het in sy eksegeese van die Skrif: die historiese element om aan te toon wat gedoen was; die aetiologiese element, waarom dit gedoen is; die analogiese element, die bevestiging van die eenheid tussen die Ou en Nuwe Testament en die allegoriese element, om die figuurlike betekenis aan te toon. (Spivey, 2002:102).

Die Skrif was nie vir Augustinus ‘n tegniese gids tot die wetenskap en die geskiedenis nie. Dit was God se Woord. Alhoewel God onvolmaakte mense gebruik het om sy boodskap in mensetaal te kommunikeer, was die boodskap volmaak sonder enige misleiding en onfeilbaar in die bereiking van sy doel, die verlossing van die mens. Augustinus was baie duidelik oor die eenheid wat daar bestaan tussen die twee Testamente en Bromiley som dit as volg op: “...the New Testament is latent in the Old and the Old Testament is patent in the New.” (1992:213)

Beide Spivey (2002:101) en Norris (2003:399-403) is dit eens dat Augustinus, ironies genoeg, sterk beïnvloed was deur die Donatiste teoloog, Tyconius. Tyconius se “*Book of Rule*” bevat, soos Spivey dit noem, “seven mystical principles for unlocking hidden scriptural treasures by seeking bipolar themes in the text. His goal was ecclesiological: to explain the biblical message to and about the Church.” (2002:101). Volgens Tyconius was die kerk ‘n liggaam waarin beide goed en kwaad aanwesig is. (Norris, 2003:400). Tyconius het sy *Book of Rules* ‘n paar jaar voor Augustinus se doop geskryf en is minder as ‘n dekade daarna oorlede. Volgens Norris was die doel van Tyconius se boek tweeledig. “..first to formulate, in the shape of seven ‘mystical rules,’ a guide for understanding the Scriptures that would reflect the patterns according to which the thought of the Scriptures themselves moved; and second, to set out, in the very act of disengaging these rules, a theological understanding of the Church as it exist in the present age – that is Tyconius’ view, as a body in which good and evil are mixed until their final separation in the end time.” (Ibid, 2003:400)

Hierdie twee opponente, verteenwoordigend van die *katolieke kerk* en die *Donatiste kerk*, was die groot geeste van die vierde eeu met betrekking tot die teologiese besinning van wie en wat die Kerk is. Tereg noem Norris dat hierdie ‘n vraagstuk was wat sedert die dae van Tertullianus in die brandpunt gestaan het. (Ibid, 2003:400).

Augustinus wys in sy eksegese heel eerste op die sondigheid van die Christen. McGrath noem dat vir Augustinus, “the Church is not meant to be a body of saints, but a “mixed body” of saints and sinners.” (1998:75) Hy verdedig sy standpunt in sy stryd met die Donatiste aan die hand van Mt.13:24-31 in die gelykenis van die onkruid en die koring. Die boer wat die goeie saad saai en die bese wat die onkruid tussenin saai. Die vraag is wat daaraan gedoen kan word? Om die onkruid en koring te skei in die groeiproses kan meer skade aan die koring aanbring as goed. Die skeiding moet in die oestyd plaasvind en nie vroeër nie. Die skeiding tussen goed en kwaad vind aan die einde van die tyd plaas, nie in die verloop van die geskiedenis nie.

Volgens Augustinus verwys hierdie gelykenis na die Kerk in die wêreld. Die kerk kan verwag dat beide gelowiges en ongelowiges in haar geledere gevind sal word. Om ‘n absolute skeiding in hierdie milieu te bereik is beide prematuur en nie haalbaar nie. God bring volgens hom die skeiding aan die einde van die geskiedenis. Geen mens kan daardie oordeel namens God maak nie. (Ibid, 1998:75). Dan wys Augustinus die suiwerheid van sy verstaan van die Skrif as hy aantoon dat die Kerk se heiligheid nie geleë is in haar lidmate nie, want hulle is besmet met sonde, maar in die Hoof van die Kerk, Jesus Christus. Die Kerk is geheilig en word heilig gemaak deur Jesus Christus – ‘n heiligheid wat slegs finaliteit bereik aan die einde van die tyd. Augustinus se eksegese van die Skrif het egter nooit in die teoretiese “lug gehang” nie. Daarom maak hy die praktiese toepassing wanneer hy aantoon dat beide Donatiste en katolieke ewe vatbaar is vir wangedrag om dronk te word en mekaar te lyf te gaan. (Ibid, 1998:75).

Terwyl Augustinus in sy *City of God* geskryf het oor Christus en sy Kerk, was hy verwonderd (en soms ergerlik) dat Tyconius wat hierdie beginsels reg verstaan het en tog ‘n Donatist gebly het in die vorm van ‘n *pars Donati*, ‘n “suiwer” kerk en dit slegs in Noord-Afrika. Alhoewel hy op baie punte met Tyconius verskil het, het

Augustinus tog laasgenoemde se boek sterk aanbeveel by sy studente as 'n handige stuk gereedskap om die Skrif te verstaan. (Norris, 2003:402)

Augustinus het eerlik met die Skrif omgegaan. In sy strewende daarna dat die Kerk relevant moet bly in haar historiese konteks maak hy in sy eksegetiese van Mt.16:18 dit duidelik dat hy verander het in sy hantering van hierdie teks. In sy *Retractiones* maak hy melding van die fout wat hy m.b.t. hierdie teks vroeër in sy lewende gemaak het. Aan die begin van sy bediening het hy na Petrus verwys as die rots waarop Christus sy Kerk sou bou. Kort daarna, en so word dit regdeur sy bediening aangedui, verwys hy egter na die rots as Christus, of dan Petrus se getuigenis wat verwys na die persoon van Christus.

Augustinus skryf: "In a passage in this book, I said about the Apostle Peter: 'On him as on a rock the Church was built'.. But I know very frequently at a later time, I so explained what the Lord said: 'Thou art Peter and upon this rock I will build My Church,' that it be understood as built upon Him whom Peter confessed saying: 'Thou art the Christ, the Son of the living God,' and so Peter, called after this rock, represented the person of the Church which is built upon this rock, and has received 'keys of the kingdom of heaven.' For, 'Thou art Peter' and not 'Thou art the rock' was said to him. But the rock was Christ,' in confessing whom, as also the whole Church confesses, Simon was called Peter. But let the reader decide which of these two opinions is the more probable." (Retractiones 20.1: Elektronies)

Met sy laaste stelling toon hy ook aan dat die gelowiges self ook 'n verantwoordelikheid het om die Skrif verantwoordelik te ondersoek en tot 'n geldige eksegetiese slotsom te kom.

John Rotelle hall Augustinus aan: "You are Peter, Rocky, and on this rock I shall build My Church, and the gates of the underworld will not conquer her. To you shall I give the keys of the Kingdom. Whatever you bind on earth shall also be bound in heaven; whatever you loose on earth shall also be loosed in heaven.' (Mt.16:15-16) In Peter, Rocky, we see our attention drawn to the rock. Now the Apostle Paul says about the former people, 'The drank from the spiritual rock that was following them; but the rock was Christ' (1Cor.10:4). So this disciple is called Rocky from the rock,

like Christian from Christ...Why have I wanted to make this little introduction? In order to suggest to you that in Peter the Church is to be recognized. Christ, you see, built his Church not on a man but on Peter's confession. What is Peter's confession? 'You are the Christ, the Son of the living God.' There's the rock for you, there's the foundation, there's where the Church has been built, which the gates of the underworld cannot conquer." (1993:327)

Augustinus se verklaring van die Skrif is in lyn met die ortodokse (*regula fidei*) aanvaarding dat Christus die somtotaal van God se openbaring is – die Woord van God. Die Woord van God, ook God se Wysheid, het in nederigheid mens geword en so kommunikeer God met mens in Christus Jesus die mens. Norris vat dit treffend saam uit die *Confessiones* van Augustinus: "It descends to the discrete bits of sound that we make" (*ad particulas sonorum nostrorum*) so that 'the single utterance of God is spread out over all the Scriptures,' and 'the one Word sounds through the many mouths of the saints.'" (2003:406) Wat staan die Bybelse eksegeet dan te doen? Norris verduidelik aan die hand van Augustinus se gebruik van die Skrif: "The essential exegetical precept, then, is that human beings must for their part imitate the humility of God: they must with docility and love apply themselves to treating the linguistic signs given by God as means of attuning themselves to the Wisdom that the signs intimate and embody. This process no doubt involves, in Augustine's mind, all the arts of *grammaticus* and the rhetor – arts that he himself practiced with a fascinated devotion. The fruit of the process, however, is not merely knowledge but understanding (*intellectus*) – a having of something in common with God through the interpretive and self-transforming passage from the letter to spirit." (2003:406)

Augustinus se bydrae tot Skrifeksegese het diep spore gelaat in die geskiedenis van die Kerk. Daar is egter baie min wat oorspronklik is in sy hantering van die Skrif. Dit is egter die sterk punt van Augustinus se eksegese. Hy het nie gepoog om oorspronklik te wees nie, maar om juis te hou by die oorspronklike, die apostoliese benadering. Alhoewel hy beide die Alexandrynse en Antiogiese modelle toegepas het, is daar tog iets besonder in sy eksegese. Hy slaag daarin om die eksegetiese (*modus inveniendi*) en eksponerende (*modus proferendi*) tegnieke te verenig. Die uiteindelijke doel vir Augustinus was dat God se Woord suiwer aan die woord moet

kom ten einde blywende verandering in die samelewing teweeg te bring. “He was not the founder, nor in any narrow sense the follower, of a school.” (Norris 2003:407)

HOOFSTUK 6: DIE FORMULERING VAN DIE WAARHEID

“Wat is waarheid? Voor sy kruisiging het Jesus aan Pilatus gesê dat hy oor die *waarheid* getuienis moet aflê. Die reaksie van Pontius Pilatus in Joh.19:38 is tiperend van die post-moderne samelewing waarin *waarheid* ’n relatiewe begrip geword het. Hierdie tendens het selfs neerslag gevind binne die Kerk van Christus. Die *waarheid* het vloeibaar geword. Selfs die omgang met die Skrif in die hande van predikante het ’n warm patat geword vanweë relativisme. Die pluralisme met sy toleransie van alle gelowe in die 21^{ste} eeu het intolerant geword wat die Christelike geloof aanbetref. Die Bybel maak klinkklare uitsprake oor baie sake soos die huwelik, integriteit en basiese eerlikheid in die werkplek, ensovoorts. In ons huidige samelewing dikteer hierdie neiging selfs die interpretasie van die Skrif in ’n kultureel eksistensiële verstaan en daarom is absolutes nie meer aanvaarbaar in ons moderne bestel nie.

So byvoorbeeld vra sommige teoloë vir ’n ander interpretasie van die bekende huwelikbeskrywing van Paulus in Efesiërs 5:21vv. ’n Interpretasie wat pleit vir ’n meer huidige wêreldkonteks waarin “manlike paternalisme” nie meer die pas aangee nie. Die gevolg is dat geslagsgelykheid op alle terreine nou bepaal wat die rigting vir die interpretasie van hierdie en ander soortgelyke gedeeltes in die Skrif behoort te wees. Natuurlik behoort die Skrif kontekstueel interpreteer en toegepas te word. Wat egter nie kan gebeur nie is om praktyk te verhef bo beginsel. Die beginsel hier is dat man en vrou gelyk is voor God, maar dat daar rolverskille in die twee geslagte is. Paulus sinspeel in hierdie gedeelte op die funksie van elke geslag binne die huwelik in die Godgegewe leiersraamwerk en nie om die een geslag teen die ander af te speel nie. Waar hierdie gelyke beregting voor God erken word vind dit uitdrukking in ’n Geesvervulde lewe en ’n gesonde samelewing, veral binne die Kerk. Alhoewel die Kerk midde in die samelewing staan en werk is sy nie gebonde aan ’n sekulêre wêreldbeskouing nie, maar aan ’n Bybelse wêreldbeskouing.

Die patristiek het met soortgelyke vraagstukke geworstel. Selfs die vroeë apostoliese vaders, Ignatius en Polikarpus se grootste besorgdheid was getrouheid aan die Bybelse (Ou Testament) en apostoliese lering. Alhoewel daar ’n sekere mate van “vloeibaarheid”

in die formulering van hulle prediking was, soos duidelik waarneembaar is in polemiese geskrifte rondom hierdie tyd, was daar tog 'n uniformiteit in hulle verstaan van die grondliggende leerstellings van die Christelike geloof. Eric Osborne stel dit so: “The success of the second century was the affirmation that there was a true gospel; this was more important than any particular account of the gospel.” (1988:58)

Die groot probleem van ons dag is dat veral Protestantse geleerdes skeidslyne trek tussen die apostoliese era, die patristiek en die post-moderne era. Daar het nie en mag nie 'n diskontinuiteit wees wat betref die gesag van die Skrif nie. Geeneen van hierdie “eras” verskil histories-inhoudelik van mekaar wat die boodskap van die Skrif betref nie. Die Nuwe Testament is openbaringsgeskiedenis. Hierdie feit word selde bevraagteken. Dit is die wese van die Christelike geloof. Daar is egter 'n ander tendens waarna ook gekyk moet word. Die prediking van die Kerk ná die voltooiing van die Nuwe Testamentiese kanon is nie opsioneel nie. In soverre die prediking direk hou by die apostoliese interpretasie van die Skrif, is dit gesaghebbend.

Twee sake is hier van belang: Eerstens is daar geen patristieke skrywer wat ooit die algehele gesag van die Skrif bevraagteken het nie. Die probleem wat die moderne Kerk met die gesag van die Skrif het, is haar onvermoë om die kontinuïteit te sien tussen die Nuwe Testamentiese era en die res van die Kerkgeskiedenis. Die vroeë Kerk is nie 'n enkelvoudige geïsoleerde entiteit op haar eie nie. Die Kerk is op pad. Skrifinterpretasie kan nie in isolasie met die patristiek gesien word nie. Geeneen van die patristieke skrywers sou die moderne kompartementisering van die kerkgeskiedenis verstaan nie. Vir hulle was die apostels leraars by uitnemendheid. As ooggetuies van die lewe en werk van Jesus Christus is hulle duidelik in 'n ander kategorie van gesag geplaas. Dit beteken egter nie dat daar 'n radikale breuk tussen hulle prediking en dit wat gevolg het moet wees nie. Die apostoliese lering soos uiteengesit in die Skrif bly die norm. Dit is die *Regula fidei* – die maatstok van die Christelike geloof.

Tweedens het geeneen van die patristieke skrywers ooit vir hulleself dieselfde gesag toegeëien wat die apostels van Christus gehad het nie. Hulle het weliswaar hulle geloof

en die oordrag van daardie geloof as een met die van die apostels gesien. Indien hierdie kontinuïteit dan nou gehandhaaf word, sou daar minder probleme ontstaan rondom die gesag van die Skrif. Hierdie kontinuïteit sou ook die onsekerheid van omgang met die Skrif tot 'n baie groot mate uitskakel, want dit sou verseker dat predikers hulle beroep op die eeue oue boodskap van die evangelie sonder om af te wyk van die *regula fidei* van die patristiek.

6.1. Tertullianus en die *Regula Fidei*

Tertullianus was onbeskaamd oortuig daarvan dat die leer van die Kerk suiwer op die Skrif gebaseer moes wees. Vir hom was dit die neerslag van die geloof. (ANF, Vol.III, Prescriptions Against Heretics 14; Elektronies) Die waarheid van die evangelie kan dus nie verstaan word buite God se openbaring van Homself in die Skrif nie. Hoe hierdie waarheid verkondig word, was van wesenlike belang gewees vir Tertullianus. Sy hoë en verhewe siening van die Skrif dwing hom om by die regte interpretasie van die Skrif te hou. Hy noem dit soms die “tradisie” - die prediking van die apostels of die “*regula fidei*.” Hierdie “*regula fidei*” was deur die apostels aan ons oorgelewer en hy beskryf dit as volg: “The rule of faith, indeed, is altogether one, alone immovable and irreformable.” (ANF, Vol. III, Veiling of virgins 1: Elektronies)

Die vraag is nou of die *regula fidei* vir hom 'n sekondêre instrument van die gesag van die Skrif was? Die antwoord is nee. Die *regula fidei* was die verklaring van dit wat die Kerk glo. William Webster haal Flesseman-van Leer aan: “*Regula* can signify for Tertullian a number of formulated religious truths, more particularly those which are to him the most fundamental ones... a summary, formulated according to the need of the moment, of the entire Christian faith... But even when *regula* signifies a more or less well-formulated summing up of the Christian doctrine in its entirety, it is not being given its most fundamental meaning... When Tertullian speaks here of *regula* he has in the mind the real purport of revelation, the essence of the events of the holy history and preaching of Jesus Christ, something so closely linked with revelation that it can never be separated from it. This, however, does not mean that it is fully the same as revelation; it

is rather the implicit, essential meaning of revelation... not merely the fixation of faith, but its inmost meaning.” (Vol. II, 2001:40)

Waar laat dit die moderne prediker? Die inhoud van die prediking van die moderne prediker moet dus 'n direkte weerspieëling wees van die inhoud van die Skrif soos verkondig deur die apostels van Christus. Die uitdaging van ons tyd is om by die oorspronklike onveranderde boodskap te bly en dit binne die huidige konteks toe te pas. Hierdie beginsel is toegepas selfs lank voor die Apostoliese geloofsbelydenis sy beslag gekry het. In sy debat teen Marcion maak Tertullianus dit duidelik dat Paulus juis na Jerusalem gegaan het om sy verkondiging van die evangelie te gaan “toets” aan die *regula* van die apostels. (Against Marcion Vol.3.1: Elektronies) Teen Paxeas skryf hy dat hierdie “Rule came down from the beginning of the Gospel.” (Against Praxeas 2: Elektronies). Dit is die skakel tussen die apostoliese verlede en die hede. Dit is die oorspronklike boodskap waarvan die moderne prediker nie durf afwyk nie, want dit gaan terug tot op die openbaarmaking van die heilsgeskiedenis en heilshandeling van God met die mens in Christus Jesus. Vandaar Tertullianus se rondborstige stelling dat die *regula fidei* onomstootlik en nie hervormbaar is nie.

Tertullianus se vroeëre voorganger, Irenaeus, was die mening toegedaan dat die apostels se prediking is juis later geboekstaaf om die verwarring van vals lering teen te staan. Tertullianus, in tipies juridiese styl, stel dit as volg in sy debat teen die vals leraars van sy dag: “Indeed Marcion, by what right do you hew my wood? By whose permission, Valentinus, are you diverting the streams of my fountain? By what power, Apelles, are you removing my landmarks? This is my property. Why are you, the rest, sowing and feeding here at your own pleasure? This (I say) is my property. I have long possessed it; I possessed it before you. I hold sure title-deeds from the original owners themselves, to whom the estate belonged. I am the heir of the apostles. Just as they carefully prepared their will and testament, and committed it to a trust, and adjured (the trustees to be faithful to their charge), even so do I hold it.” (Prescription Against Heretics 37: Elektronies)

Die Christelike geloof, volgens Tertullianus, het dus sy neerslag gevind in die *regula fidei* en hierdie *regula* is die prediking van die apostels. Daarom kan met reg gesê word dat die Skrif die basis van die Christelike geloof is of dan die *Apostoliese tradisie (regula)* van die Kerk. Vir hom is die *Apostoliese tradisie* die leerstellige waarhede van die kerk, die fundamentele waarhede met betrekking tot verlossing. Hy maak tog ook verder melding van die besondere *gebruike* van die kerk as *tradisie – fides quae creditur* – wat C.S Lewis na sou verwys het as “mere Christianity.” Hierdie *gebruike* beweer hy vloei voort uit die tradisie van die kerk, die *regula* of soos Hägglund tereg opmerk, ‘n distillering van die Tradisie in die sin van dit wat sinoniem is met die apostoliese geloof. (1958:23). So byvoorbeeld maak Tertullianus melding van die drievoudige onderdompeling en verskeie ander *gebruike* wat toegepas was in sy tyd, waarvoor daar nie noodwendig Skriftuurlike bewyse was nie, maar vry algemeen toegepas in die breë. Sy slotsom is, “If, for these and other such rules, you insist upon having positive Scripture injunction, you will find none. Tradition will be held forth to you as the originator of them, custom as their strengthener, and faith as their observer.” (Prescriptions Against Heretics: De Corona 3-4: Elektronies).

Wat hier van belang is, is dat Tertullianus ’n onderskeid gemaak het tussen *praktyk* (tradisie) en *beginsel* (leerstellings). Bogenoemde *gebruike* was toegepas op sake van sekondêre belang vir die Kerk. *Beginsel* was bepalend vir die fundamentele waarhede van die Kerk. Tertullianus erken nie *Apostoliese gesag* waar dit by sake van sekondêre belang was nie. J. N. D. Kelly merk tereg op dat dit vir Tertullianus as volg van belang was: “In its primary sense, however, the apostolic, evangelical or Catholic tradition stood for the faith delivered by the apostles, and he never contrasted tradition so understood with Scripture. Indeed it was enshrined in Scripture, for the apostles subsequently wrote down their oral preaching in epistles. For this reason Scripture has absolute authority; whatever it teaches is necessarily true, and woe betides him who accepts doctrines not discovered in it.” (1985:39)

In sy geskrifte teen die vals leraars van sy tyd maak hy dit duidelik dat die *regula* oorgelewer is deur Christus aan die Apostels en by implikasie is dit die toetssteen om te

bepaal of iemand 'n Christen is en of 'n spesifieke kerk op Apostoliese gesag bestaan al dan nie. (Against Heretics 37: Elektronies). Hy is verder ook reg dat die *regula* die wegwysers is vir die korrekte eksegeese van die Skrif. Aan Praxeas skryf hy dat die vals leraars maak die Skrif sê wat hulle wil hoor en nie wat dit werklik beteken nie, juis omdat hulle die *regula* verontagsaam. (Against Praxeas:20: Elektronies)

Dis juis stellings soos hierdie waaroor die Kerk in die 21ste eeu duidelik moet besin. Die boodskap van die Skrif moet duidelik oorgedra word binne die raamwerk van die gesag waarmee dit spreek. Die Skrif het slegs een betekenis: Die oorspronklike! Enige wegbreek daarvan lei tot allerlei tendense van vervlakking binne die Kerk wat die Kerk juis irrelevant maak binne haar samelewing. Indien die Kerk hou by die oorspronklike betekenis van die *regula* sal sy altyd vars antwoorde kan bied vir die vraagstukke van haar leefwêreld. Die geskiedenis van die Kerk is genoegsame bewys daarvan hoedat sy binne driehonderd jaar die wêreld positief beïnvloed het sonder om die boodskap van die Skrif te kompromitteer. Die *regula fidei* is gefundeer in die Skrif. Daarom kan die stelling gemaak word dat slegs die Skrif die genoegsame *regula fidei* is vir wat geglo en geleef moet word. Dit is die Kerk se tradisie en om dit te verwerp is om die Skrif te verwerp, maar ook *vice versa*.

6.2. Augustinus en die *Regula Fidei*

Die mees invloedryke teoloog sedert Paulus in die eerste 450 jaar van die Kerk se geskiedenis was Aurelius Augustinus. Net soos sy voorganger, Tertullianus, twee honderd jaar vroeër, het hy ook ondubbelsinnig die gesag van die Skrif verdedig. Sedert die middel van die derde eeu n.C. word daar baie min oor die *regula fidei* gepraat as 'n aparte mondelinge instrument waarmee die waarheid getoets is. Trouens, die gebruik van mondelinge tradisie in die Kerk het nou meer neerslag gevind in die praktiese gebruike van die Kerk. Teen die vierde eeu het beide hierdie begrippe, "Tradisie" en die *regula fidei* uitdrukking gevind in die kategetiese materiaal van die Kerk. In hierdie lig verklaar Augustinus dan die volgende in sy werk *On the Good of Widowhood*, "For holy Scripture setteth a rule to our teaching, that we dare not 'be wise more than it behoveth to be wise;'

but be wise, as himself saith, ‘unto soberness, according as unto each God hath allotted the measure of faith.’ Be it not therefore for me to teach you any other thing, save to expound to you the words of the Teacher, and to treat them as the Lord shall have iven to me.” (Philip Schaff, History of the Christian Church, Volume 3, Elektronies)

Augustinus se geskrifte is deurdrenk met aanhalings uit en verwysings na die Skrif. William Webster noem dat vir Augustinus is die Skrif, “the foundation of the Church and the supreme authority over her.” (Vol.II, 2001:75). Sy verwysings na die gesag en genoegsaamheid van die Skrif word met meer nadruk beklemtoon as by enige van die ander vroeëre Kerkvaders. Webster verwys na ten minste elf van Augustinus se werke waarin hy dit onomwonde stel dat die Skrif die (“maatstok”) finale gesag is waarop die Kerk haar moet beroep: “..he refers to the written Scriptures as holy, divine, sacred, divinely inspired, the divine oracles, the Scriptures of God, spoken by God, the word of God, the voice of God, the face of God, and the divine utterance.” (2001:75)

Geen wonder dat hierdie groot man uit Afrika se teologiese denke sulke verreikende gevolge gehad het in die geskiedenis van die Kerk nie. Sy verstaan en beskouing van die Skrif weerspieël ’n absolute vertroue in die Outeur daarvan. Die Skrif was vir hom foutloos, sonder enige weerspreking en valsheid.

Volgens Augustinus staan die Skrif verhewe bo enige vorm van besluitneming, hetsy deur individue of Kerk hiërargiese strukture. Sy verhewe siening van die Skrif word duidelik weerspieël in sy lering oor die doop wanneer hy noem dat Kerkvergaderings of in die Suid Afrikaanse konteks, Sinodes, slegs gesag dra in soverre dit hou by die waarheid van die Skrif. Hy noem ook voorts dat Kerkvergaderings of Sinodes foute kan begaan en daarom nie verhewe bo die Skrif staan nie. “You are wont, indeed, to bring up against us the letters of Cyprian, his opinion, his Council; why do ye claim the authority of Cyprian for your schism, and reject his example when it makes for the peace of the Church? But who can fail to be aware that the sacred canon of Scripture, both of the Old and New Testament, is confined within its own limits, and that it stands so in a superior position to all later letters of the bishops, that about it we can hold no manner of doubt or

disputation whether what is confessedly contained in it is right and true; but that all the letters of bishops which have been written, or are being written, since the closing of the canon are liable to be refuted if there be anything contained in them which strays from the truth, either by the discourse of some one who happens to be wiser in the matter than themselves, or by the weightier authority and more learned experience of other bishops, by the authority of Councils; and further, that the Councils themselves, which are held in the several districts and provinces, must yield, beyond all possibility of doubt, to the authority of plenary Councils which are formed for the whole Christian world; and that even of the plenary Councils, the earlier are often corrected by those which follow them, when, by some actual experiment, things are brought to light which were before concealed, and that is known which previously lay hid, and this without any whirlwind of sacrilegious pride, without any puffing of the neck through arrogance, without any strife of envious hatred, simply with holy humility, catholic peace and Christian Charity.” (Philip Schaff, History of the Christian Church, Vol.4, *On Baptism*, Elektronies)

Augustinus was ook van mening dat Cyprianus geen skade berokken word as daar onderskeid gemaak word tussen sy geskrifte en die Skrif nie. Trouens, sy geskrifte moet beoordeel word in die lig van die geïnspireerde Woord van God. “Thus we can accept from Cyprian only what agrees, and safely reject what does not agree, with Scripture.” (Webster 2001:77) Philip Schaff verwys na Augustinus se briewe, nommer 148, dat hy homself en ander hooggeplaastes binne die Kerk aan dieselfde kriteria onderwerp. “For the reasonings of any men whatsoever, even though they be Catholics, and of high reputation, are not to be treated by us in the same way as the canonical Scriptures are treated. We are at liberty, without doing any violence to the respect which these men deserve, to condemn and reject anything in their writings, if perchance we shall find that they have entertained opinions differing from that which others or we ourselves have, by the divine help, discovered to be the truth. I deal thus with the writings of others, and I wish my intelligent readers to deal thus with mine.” (Elektronies)

Indien Augustinus dus reg verstaan word, hang die Kerk se relevansie en voortbestaan ten nouste saam met haar vermoë om in alle sake te hou by die Skrif. In sy werk “*On the*

Unity of the Church” maak hy dit duidelik dat in alle sake moet die Skrif die finale antwoord bied. Geen vergaderings van Katolieke leraars, Donatiste, verslae van Afrikane of die uitkoms van vergaderings het enige gesag as hulle die Skrif weerspreek nie. Hiervolgens sou die Kerk haar relevansie in die samelewing verloor as sy nie by die Apostoliese standaard hou nie. (Elektronies)

Die vraag is hoe Augustinus die vraagstukke van sy dag geantwoord het? Altyd met die Skrif. Philip Schaff haal aan: “Our belief is determined ...by the declaration of Scripture, resting as they do on foundations of the strongest and surest evidence.” (History of The Christian Church, Vol.4, Reply to Faustus the Manichaeon 26.3: Elektronies). Augustinus se standaard antwoord was altyd: “Laat ons na die Skrif gaan vir ons antwoorde.”

In sy stryd met die Donatiste antwoord hy as volg: “Let us not bring in deceitful balances, to which we may hang weights we will lend how we will, saying to suit ourselves, ‘This is heavy and this is light;’ but let us bring forward the sacred balance out of holy Scripture, as out of the Lord’s treasure-house, and let us weigh them by it, to see which is the heavier; or rather let us not weigh them for ourselves, but read the weights as declared by the Lord.” (Philip Schaff, *On Baptism, Against the Donatists, Book II, chapter 6:* Elektronies)

Augustinus het hom dus nie beroep op die Kerk as hoogste gesag nie, maar op die Skrif. In soverre die Kerk dus gehou het by die korrekte interpretasie van die Skrif was sy suiwer en gesaghebbend in haar uitsprake. Haar korrekte interpretasie was om te hou by die apostoliese *regula*.

Wanneer hy gemeentelede onderrig het, het Augustinus dit duidelik gemaak dat die Skrif juis daar is om hulle te beskerm teen vals lering en teen lewenswyses wat tot niks lei nie. Die Skrif is daar om gebrokenes van hart op te hef en moedig hy sy luisteraars en lesers aan om die Skrif te lees en te memoriseer. Hy vra van hulle om die Skrif sonder twyfel te glo en dit toe te pas op elke lewenssituasie. (Webster, 2001:84)

Van Tertullianus in 200 n.C. tot Augustinus in 400 n.C. bly die boodskap dieselfde – die konsekwente navolging van die *regula* soos deur die Apostels neergelê. Die Skrif is die enigste bron van waarheid vir die geloof en die lewe van die Kerk. Dit het die Kerk relevant en aktief binne haar samelewing gehou vir 450 jaar. Die Kerk was nooit in ’n eutopia nie, maar sy het koers gehou. Hierdie twee Afrika Kerkvaders was nie stemme in ’n woestyn nie. Dit was ook waar van Irenaeus, Clement van Alexandria, Origenes, Cyril van Jerusalem, Johannes Chrysostomus, Basil van Caesarea, Grogorius van Nyssa en Gregorius van Nazianzus. Hierdie patristieke vaders het die kontinuïteit met die Apostoliese *regula fidei* gehandhaaf.

Ter opsomming kan dus met sekerheid gesê word dat die Afrika Kerkvaders Tertullianus en Augustinus Bybels oortuig was daarvan dat hulle lering en prediking in lyn moes wees met die Apostoliese prediking. Dit het hulle dan ook met verantwoordelikheid gedoen. Die “Tradisie” in die vorm van die “*Regula fidei*” was nie ’n aparte stel reëls as byvoegsels tot die Skrif nie. Dit was nie iets buite die geloof van die Kerk nie. Intendeel, die kontinuïteit van die Apostels se prediking is gevolg juis as vrywaring teen valsheid om die Kerk skerp en relevant te hou binne hulle konteks. Tertullianus merk tereg op in *Against Marcion IV.5*: “Let us see what milk the Corinthians drank from Paul; to what rule (of faith) the Galatians were brought for correction; what the Philippians, the Thessalonians, the Ephesians read by it; what utterance the Romans give.” (Elektronies) Die “Tradisie” of dan wel die *Regula fidei* – hetsy in hul eie prediking, kategetiese onderrig of die geloofsbelydenisse van die Kerk was altyd die kriteria.

HOOFSTUK 7: DIE RELEVANSIE VIR SUIDER-AFRIKA

God het ons nie in die duister van kulturele relativisme gelaat nie. Hy het ons Sy Woord gegee. Die soeklig van die Skrif moet op die Kerk gefokus word in elke kultuur en taal. Wanneer die Skrif korrek geïnterpreteer word, skryf Mayhue (2002:195), sal die boodskap van die Skrif bokant elke kultuur en omstandigheid uitstyg. Die Woord van God is lewend en kragtig – Heb.4:12, en skryf Greidanus dat predikers nie geroep is om die Skrif relevant te maak nie. Predikers is juis geroep “to search deeply enough into the text and its original situation and intentions to find its relevance.” (1988:157-58). Grudem skryf en rig die uitdaging aan almal wat aanvaar dat die Skrif deur God geïnspireer en onfeilbaar is (2 Tim.3:16-17; 2 Pet.1:19-21), en om ook die implikasies daarvan te aanvaar – dat dit absoluut waar en vir altyd relevant is. (1994:127-134). Hierdie is nie vreemd vir diegene wie se wortels uit die Reformasie kom nie.

Die uitdaging is groot, maar die vlam van hoop behoort hoog te brand vir almal wat die Kerk in Afrika liefhet. John Piper skryf in sy boek, *Brothers we are not professionals*: “The beginning of the twenty-first century is a good time to be a pastor, a time full of uncertainty and danger. The political and religious atmosphere of the world pushes us – if we have ears to hear – relentlessly toward the unprofessional center of faith and ministry: the brutal, bloody, hideous, heaving, crucified God-man Jesus Christ... Insulated Western Christianity is waking from the dreamworld that being a Christian is normal or safe. More and more, true Christianity is becoming what it was at the beginning: foolish and dangerous.” Hy haal dan aan uit 1 Kor.1: ²³ maar ons verkondig Christus wat gekruisig is. Vir die Jode is dit ’n aanstoot en vir die ander is dit onsin, ²⁴ maar vir dié wat deur God geroep is, Jode sowel as Grieke, is Christus die krag van God en die wysheid van God.” (2004:ix)

Om op die skouers van die groot Afrika kerkvaders te staan moet die besef duidelik deurdring dat ons gekonfronteer sal word met die gekruisigde en opgestane Jesus Christus – die historiese Jesus van die evangelies. Let op Rom.4: ⁵ Hy [Jesus] is vanweë ons oortredings oorgelewer en Hy [Jesus] is opgewek sodat ons vrygespreek kan word.”

Die Kerk het die duidelike en klinkklare antwoorde nodig: Is haar leiers mondstukke van Gods Woord of is hulle professionele vredemakers en toleransie jagters van 'n onwerkbare harmonie wat hulle te pletter gaan laat loop teen die rots van Golgota? Uit hierdie verhandeling was dit aangetoon dat beide Tertullianus en Augustinus nie gehuiwer het om dit duidelik te maak dat die spilpunt van die Christelike geloof en die pastorale bediening draai om die dwase, wrede, maar ook heerlike realiteit van die gemartelde Godmens Jesus Christus nie. Jesus Christus is die kwessie van die eeu. John Piper se waarskuwing is tydig vir Suider-Afrika: "Beware of replacing real truth-based tolerance with spurious professional tolerance." (Ibid, 2004:xi)

Hierdie Afrika kerkvaders was Skrifgebonde, God-gesentreerde en Christus-gefokusde predikers wat nie gehuiwer het om die kultuur van die dag te konfronteer met dit wat die Skrif ondubbelsinnig verklaar het nie. Die situasie binne die Kerk in Suider-Afrika is in baie gevalle dit wat Piper beskryf: "For every sick shepherd who offends unnecessarily, a hundred are so frightened to offend that the sword of the Spirit has become rubber in their mouths and the mighty Biblical mingling of severity and kindness has vanished from their ministry. For every incompetent pastor who justifies himself with spiritual coverings, a hundred incompetent pastors are desperately doubling their spiritual incompetence by seeking remedies from Babylon." (Ibid, 2004:xii)

Baie stemme gaan vandag op, veral in Suid-Afrika, dat die Kerk weer moet Reformeer. Dit sou egter nie reg laat geskied aan die Reformasie van die sestiende eeu nie, omdat die slagspreuk - *ekklesia semper reformanda*, die Reformerende Kerk, dan niksseggend sal wees.¹ Dit wat reeds ontdek is in die Hervorming moet weer herontgin word. Die Hervorming was juis 'n herontdekking van die waarhede van die patristiek. Mayhue is korrek: "By God-breathed, infallible revelation, Christ has communicated to us what He thinks about the Church. The Scriptures particularize what He commends and specify

¹ In die Kerkbode van 27 Oktober 2006 gee Piet Naudé drie kenmerke van wat 'n Hervorming van die Kerk vereis: (1) Die Bybel – wat beteken die Kerk moet na die Skrif terugbeweeg. Dit beteken dus dat die Skrif as vertrekpunt gebruik moet word en nie om die Skrif uit te skakel nie. (2) Tradisie – tereg merk Naudé op dat die tradisie van die Kerk duur is en die winste daarvan kan nie uitgewis word. Dit moet gesien word as 'n kontinuïteit met die ryke verlede oor honderde jare. (3) Konteks – die Kerk moet haar konteks in ag neem. Die kerk moet ver-inheems en aanpas by die omstandighede sonder om Bybelse waarhede prys te gee. Die Skrif mag egter nooit voor die kultuur buig nie, maar juis anders om.

what He condemns. No one ever need be in doubt over how to go about the unfinished work of building God's Church or what the outcome will be." (2002:21)

7.1 Die "Nuwe Hervorming"

'n Nuwe Hervorming sou juis dit doen waarteen ons waarsku dat die geskiedenis nie gekompartementaliseer moet word nie. Die kontinuïteit met die verlede moet gehandhaaf word. Die sogenaamde Nuwe Hervorming se wortels gaan maar terug oor 'n skrale een honderd jaar toe liberale teoloë rasionalisme en die Christelike geloof begin vermeng het. Die uitkoms daarvan was 'n dodelike gif vir die Kerk, naamlik die *higher criticism*. In die "*The Jesus Crisis*" onder redaksie van Robert Thomas en David Farnell, skryf MacArthur: "The historical critics subjected the Bible to a cynical brand of scholarship. They devised speculative literary theories – all rooted in skepticism – about the authorship and origin of various biblical books. They routinely denied both the authenticity and historicity of Scripture. Before long the critics' theories themselves were canonized, and the word *scholarship* became synonymous with higher criticism in many people's minds." (1998:9)

Seker die grootste Kerk in Suider-Afrika, die NG Kerk, beleef dié tendens die ergste. Die uitvloeisel daarvan is verreikend, omdat elke ander Christelike Kerk in 'n mindere of meerder mate opgekyk het in die verlede na hierdie bastion van geloof wat die pas aangegee het vir die Christendom in groot dele van Suider-Afrika. As hierdie bastion val, val die res van die Kerk. Stemme vanuit hierdie Kerk² gaan voortdurend op as 'n noodkreet teen hierdie omarming van Historiese kritiek teen die Skrif. Johann Cilliers in

² Indien die Kerkbode van die afgelope vier jaar deeglik gelees word, blyk dit duidelik dat die NG Kerk as Gereformeerde Kerk, onder groot teologiese druk verkeer. My eie beskeie mening as nie-NG lidmaat, is dat daar "angs" aan die lidmaat se kant is juis omdat die gesag van die Skrif toenemend ondermyn word deur die "geleerdes" en aan die ander kant 'n klaarblyklike onvermoë bestaan aan die kant van die "geleerdes" om klinkklare Bybelse uitsprake te maak oor Kernwaarhede soos, Skrifgesag, homoseksualiteit en die uniekheid van die Christelike geloof te midde van ander gelowe onder andere, van die Gereformeerde tradisie. Hierdie tradisie het niks te doen met 'n "dooie ortodoksie" nie, maar met 'n lewende herontdekking van suiwere Skrifbeginsels – beginsels wat herontdek is in die Skrif deur manne soos Luther en Calvyn. Die invloed van die patristiek op hierdie manne was groot. Calvyn haal die patristieke skrywers meer as 160 keer aan in van sy geskrifte. Indien hierdie tradisies oorboord gegooi word het dit om Prof. J. W. Hofmeyr se woorde te gebruik "baie laat in die dag geword vir Gereformeerde Kerke" in Suider-Afrika. (Sien Kerkbode van 27 Oktober 2006)

sy boek “*Sal die regte Jesus opstaan asseblief*” beskryf 52 uitdrukkings rondom die uniekheid van Jesus. Hierdie is maar een van die vele noodkrete wat opgaan om terug te keer na die Bybelse gegewens rondom die historiese Jesus. Cilliers is korrek as hy noem dat ten spyte van die karige biografiese materiaal oor Jesus, bevat die evangelies tog alles wat ons moet weet oor Hom. (1997:9-263). Cilliers erken dat met die skryf van hierdie boek moes hy telkemale sy pen neersit en erken dat Jesus die Christus, die Seun van die lewende God is. Die rede wat hy gee is dat uit sy bestudering van die Skrif, hy ontdek het dat die regte Jesus opgestaan het. (Ibid, 1997:12) Jesus Christus is die Alfa en Omega. Hy is God se finale spreke tot die mens – Hebr.1:1-3.

Baie denominasies is vandag slegs ’n dop van dit wat hulle vroeër was – monumente ter ere van liberalisme, skeptisisme en humanistiese rasionalisme. Hierdie beweging het nou sy neerslag gevind in die “Jesus Seminaar” gelei deur ’n groep liberale intellektuele wat daarop aanspraak maak dat hulle hulle daartoe verbind het in ’n soeke na die “historiese Jesus.”³ Die vertrekpunt van hierdie groep is dat hulle van die voorveronderstelling uitgaan dat die Skrif *nie* genoegsame betroubare historiese bronne is nie.

Hierdie beweging is niks anders as vyandiggesind teen die Christelike geloof nie. Verder is dit antagonisties teen die historiese Christendom se hoë en verhewe siening van die Skrif. J. A. Stoop waarsku reeds in 1982 dat die talryke moderne kommentare, onder die dekmantel van wetenskap die basiese dimensie van die Skrif as Woord van God verbygaan. (1982:37). Tom Wright skryf dat hierdie tendens is “a ruthless application of the hermeneutic of suspicion to everything that the post-Enlightenment Western world has held dear.” (www.monergism.com/threshold/articles/contemporary.html) J. I. Packer skryf in hierdie verband: “The theories we form, however, must always keep in view what the theorists of "higher criticism" forgot -- that Holy Scripture is the true and trustworthy Word of God.”(www.geocities.com/CollegePark/Classroom/1284/crit.html)

³ Carson, Moo en Morris in hulle werk “An Introduction to the New Testament,” verduidelik op bladsy 50-52 dat die ontstaan van die historiese Jesus reeds in die 1800’s by Rudolph Bultman sy beslag gekry het.

Die tragiese tendens is dat Teologiese fakulteite en hoogleraars wat voorheen sterk Bybelse standpunte gehuldig het in die verlede oor die Kernwaarhede van die Christelike geloof, nou ingekoop het in twyfelagtige teorieë wat die historisiteit van die Skrif onder verdenking plaas. Professor Hofmeyr verwoord die vrees van baie so: “Wanneer daar ook stemme in bepaalde geledere, selfs onder kerklike hoogleraars gehoor word, dat die sogenaamde outonome mens vry moet wees en in die naam van menseregte en gewaande akademiese vryheid nie meer veel met die kerk en kerklike toesigliggame te doen wil hê nie, mag kerke dit oorweeg om op hulle eie met teologiese opleiding aan te gaan.” (Die Kerkbode 27 Oktober 2006:7)

Hierdie is ’n Bybels-geldige standpunt wat nie as ’n negatief beskou moet word nie. Gesien in die lig van die Geneve Akademie wat deur Johannes Calvyn in die lewe groep is, is myns insiens die antwoord. Teologiese opleiding het in die veiligheid en sekuriteit van die plaaslike gemeente gebeur waar die ouderlinge sterk leiding gegee en toesig verleen het en verseker het dat daar by die Skrif en die apostoliese prediking gehou word. Professor Hofmeyr se stelling dat teologiese fakulteite die ruimte moet wees waar daar teologies besin en beredeneer word is van kardinale belang, (Ibid. 2006:7) maar dit mag nie losstaande van die praktiese gemeente bediening wees nie. Teologiese opleiding is juis daar om die student se geloof en entoesiasme vir die Koninkryk te versterk. Die praktiese gemeente bediening is die Koninkryk van God in aksie. Wanneer Paulus die Galasiër gemeente aanspreek oor die vals lering wat hulle toelaat, spreek hy nie die teologiese fakulteit aan nie, maar die gemeente wat onder die leiding van die ouderlinge funksioneer.

As daar van ’n “Nuwe Hervorming” gepraat moet word, moet daar geldige redes daarvoor wees. Die skrywer is nie oortuig dat hierdie beweging enige geldige redes tot so ’n stap het nie. Hervorming vra ’n terugbeweeg of herontdekking van dit wat verlore geraak het. Dit is nie die ontdekking van ’n nuwe beweging wat die gesag van die Skrif en die apostoliese tradisie van 2000 jaar tot niet wil maak en die geloof van baie laat skipbreuk lei nie. Enersyds voel ’n mens om soos Tertullianus dit gestel het, dat om met diesulkes in gesprek te tree veroorsaak net maagongesteldheid en hoofpyne. Andersyds

dring die vrees van God en 'n liefde vir sy Woord en Kerk ons daartoe om tot die stryd toe tree.

7.2 Die Historiese Jesus

Ongetwyfeld het hierdie denkrigting sy wortels in die “Jesus Seminaar.” Die argitek van hierdie beweging is Robert W. Funk. Die volgende stellings is deur hom gemaak:

- Jesus het ons nie gevra om te glo dat sy dood die offer van sy bloed beteken het nie, of dat hy vir ons sondes moes sterf nie.
- Jesus het ons nie gevra om te glo dat hy die Messias is nie. Hy het nooit gesuggereer dat hy die tweede persoon in die Drie-eenheid is nie. Trouens hy het selde na homself verwys.
- Jesus het nie 'n beroep op mense gemaak om hulle te bekeer, of om te vas, of die Sabbat te onderhou nie. Hy het mense nooit gedreig oor die hel, of die belofte van die hemel gemaak nie.
- Jesus het ons nooit gevra om te glo dat hy uit die dood opgewek sou word nie.
- Jesus het ons nooit gevra om te glo dat hy uit 'n maagd gebore is nie.
- Jesus het nooit die Skrif as onfeilbaar of selfs as geïnspireer gesien nie.
(www.leaderu.com/orgs/probe/docs/jesussem.html)

Dis duidelik dat hierdie soort stellings nie die kontinuïteit van die Ou en Nuwe Testament handhaaf nie. Jesus het nie nodig gehad om hierdie sake pertinent te noem nie. Hy dit reeds in sy handeling met Israel op wat hy teenoor Nikodemus in Johannes 3 genoem het, op 'n “aardse manier” aangespreek.

Interessant genoeg het die aanvanklike 200 wat in die middel tagtigerjare byeengekom het, gekwyn tot 74. Daar is aanvanklik gekonsentreer op die “spreke van Jesus” soos opgeteken in die vier evangelies. Hulle wou dan bepaal of dit wat aan Jesus toegedig is, werklik deur hom geuit is. Die uitkoms van hulle bevinding is per stemming bepaal. Jimmy Williams verduidelik die proses: “Each scholar offered his/her opinion on each "Jesus" statement by voting with different colored bead:

- Red: Jesus undoubtedly said this or something very like it.

- Pink: Jesus probably or might have said something like this.
- Gray: Jesus did not say this, but the ideas are close to His own.
- Black: Jesus did not say this; it represents a later tradition.

Their voting conclusions: Over 80% of the statements attributed to Jesus in the Gospels are, by voting consensus, either gray or black. This means that only 20% of Jesus' statements are likely to have been spoken by Him. The other 80% are most assuredly, they say, unlikely to have ever been uttered by Jesus. (Ibid.)

Die bevindings van hierdie groep is in 'n boek vervat onder die titel: *The Five Gospels: The Search for the Authentic Words of Jesus*. Die sogenaamde vyfde evangelie is dié van Tomas. Die evangelie van Tomas is eers in 1940 in Egipte ontdek by Nag Hammadi en dateer uit 400 n.C. en is geskryf in die Koptiese taal. Hierdie “vyfde evangelie”, die van Tomas, word dan saam met die Q⁴ bron by die ander evangelies gevoeg. 'n Ander belangrike figuur in hierdie beweging is John Dominic Crossan, van DePaul Universiteit in Chicago. (Ibid.) Hy het onder andere die volgende boeke geskryf: *The Historical Jesus: The Life of a Mediterranean Jewish Peasant*, *The Essential Jesus*, *Jesus: A Revolutionary Biography*. Nodeloos om te sê is dat die media hierdie bevinding as die “snykant” van Nuwe Testamentiese studies beskou. Niks kon egter verder van die waarheid wees nie.

Hierdie is die uitvloeisel van die teorie dat daar 'n onderskeid gemaak moet word tussen die Jesus van die geskiedenis en die Jesus van die geloof. Dié aanname is dat Jesus wel 'n historiese persoon was rondom wie daar fantastiese mites en verhale gebou is, oor sy

⁴ Die Q bron verteenwoordig “Quelle”, die Duitse woord vir bron. Hiervolgens sou dit beteken dat daar 'n simbiotiese verhouding tussen Markus en die ander evangelies bestaan het. Hiervolgens sou hulle dus saam van dieselfde of ander bronne gebruik gemaak het om hulle evangelies te skryf. Volgens hierdie teorie het Markus sy evangelie eerste geskryf en daarna is die evangelies van Matteus en Lukas geskryf, met materiaal wat hulle van Markus geleen het. Matteus en Lukas bevat egter sowat 250 verse wat nie in Markus voorkom nie, soos byvoorbeeld die geboorte van Christus en groter klem op gebeure rondom die opstanding van Christus. Omdat daar dan materiaal is in Matteus en Lukas wat glad nie in Markus is nie, word aanvaar dat daar 'n ander bron – Q - bestaan het, waarvan die 250 verse afkomstig is. Buiten die sinoptiese evangelies is daar egter geen dokumentering van so 'n Q bron nie. Liberale teoloë kom dan vorendag met 'n teorie dat hierdie Q bron die evangelieskrywers voorafgegaan het wat dus die datering van die Bybelse boeke van die NT vorentoe skuif. Al die evangelies sou dan hiervolgens tussen 80 en 100 n.C. geskryf gewees het, maar interessant genoeg word die evangelie van Tomas tussen 70-100 n.C. gedateer. Hierdie 250 verse beskryf Jesus dan as 'n “normale mens.” Hy dan die “historiese Jesus.”

vermoëns en uitsprake van vrede en liefde en dat hy nou vir baie die “Christus van die geloof” in storienvorm en simbole geword het. Die groot momente en grepe uit sy lewe het nou ook metaforiese betekenis gekry en nie meer die histories-letterlike interpretasie wat die Kerk oor baie eeue gehandhaaf het nie. Hierdie skeiding rondom die persoon van Christus, beweer geleerdes, is die bewys dat Bybelse geskiedenis nie belangrik is nie. Wat wel van belang is, is die individu se persoonlike belewenis, sy soeke na die “tydlose waarheid.”

Die bevraagtekening van die geldigheid en gesag van die evangelies raak aan die kern van die Christelike geloof. Die hoekstene van die Christelike geloof - die dood en opstanding van Christus kom hier onder skoot. Hierdie naturalisties-filosofiese wêreldbeskouing ontken kategorieë die bonatuurlike. Daarom waarsku die voorstanders van hierdie beweging teen die volgende:

1. **Prophetic statements.** Predictions by Jesus of such things as the destruction of the Temple, or of Jerusalem, or His own resurrection are later literary additions or interpolations. How do we know this? Because no one can predict the future. So they MUST have been added later by zealous followers.
2. **Miracles.** Since miracles are not possible, every recorded miracle in the Gospels must be a later elaboration by an admiring disciple or follower, or must be explained on the basis of some physical or natural cause (i.e., the Feeding of the 5,000: Jesus gave the signal, and all those present reached beneath their cloaks, pulled out their own "sack lunches," and ate together!).
3. **Claims of Jesus.** Christ claimed to be God, Savior, Messiah, Judge, Forgiver of sin, sacrificial Lamb of God, etc. All of these, say the Jesus Fellows, are the later work of His devoted followers. The historical Jesus never claimed these things for Himself, as Funk infers in his above-mentioned statements. Reality isn't like this. It couldn't be true. (Ibid)

Daar is ook stellings wat hierby inskakel wat deur Robert W. Funk uitgewys word en wat gevaarlike gevolge het vir die geloof van baie. “The methodology for detecting an "authentic" Jesus saying:

A direct quote must be short and "punchy"

A thought must run against the social and religious grain of the day

An action must be in the style of contemporary "wise men" of the day

Parables must not have explicit applications

A word or passage must not contain Old Testament quotations

A passage must not contain contextual connections

Any prophecy is immediately deemed invalid
(www.answers.org/apologetics/jesuseminar.html)

Wat is die slotsom waartoe ons hiervolgens kan kom? Williams se opsomming in hierdie verband spreek boekdele. Hy beweer dat hierdie geleerdes verwys na Christus as, "Jesus was simply a sage, a spinner of one-liners, a teller of parables, an effective preacher. This is what He was historically according to these scholars. The "high Christology" (supernatural phenomena, the messianic claims, the miracles, the substitutionary atonement, the resurrection) all came as a result of a persecuted church community which needed a more powerful God for encouragement and worship. His suffering, ardent followers are responsible for these embellishments which created the "Christ of Faith." The real Jesus was a winsome, bright, articulate peasant, sort of like Will Rogers." (Ibid)

Dis die gevaar waaraan die Kerk van Christus blootgestel is en Hofmeyr is korrek in sy opsomming dat "diegene wat die opstanding nie as beide 'n misterie van God, maar ook as 'n liggaamlike werklikheid aanvaar nie, het die bande losgemaak met wat die Christelike kerk deur alle eeue tot vandag bely het. Hulle het hulleself eintlik buite Christelike verband geplaas." (Kerkbode 27 Oktober 2006:7)

Reeds op 28 Februarie 2003 vra "ontevrede lidmate" van die NG Kerk tesame met Kerkleiers onder leiding van Prof. Hofmeyr dat daar gesprek gevoer moet word om hierdie en ander teologiese sake van belang te bespreek. Dit is teologiese verantwoordelike optrede en 'n weerspieëling van behoudendheid met die verlede. Alhoewel bogenoemde Kerk wel by monde van die ASK⁵ die grondwaarhede van die

⁵ Die ASK het die geleentheid gebruik om opnuut te bely dat die Bybel die Woord van God is, te verklaar dat die belydenisskrifte van die kerk ons geloof suiwer weergee, en in geloof te bely dat die Jesus wat in die geskiedenis opgetree het en die Christus wat die Nuwe Testament en die kerk verkondig, dieselfde Here is. (Kerkbode 28 Februarie 2003)

Gereformeerde belydenis bevestig het, laat dit nie die gevaar van hierdie post-moderne probleem in die niet verdwyn nie. Daar moet 'n eietydse oplossing gesoek word, maar weereens moet dit in kontinuïteit met die geskiedenis en die apostoliese tradisie van die vroeë kerk gedoen word.

7.3 Die Patristiek en die “Nuwe Hervorming”

Die geskrifte van die patristiek was nie geïnspireer nie en kan daarom nie op dieselfde vlak as die Bybel geplaas word nie. Thomas en Farnell skryf tereg dat hulle geskrifte egter van groot waarde is en ook betroubaar wanneer dit kom by die bepaling van die opeenvolging van die Sinoptiese evangelies, die literêre afhanklikheid of onafhanklikheid van mekaar en enige ander saak wat lig kan werp op die onderwerp. (1998:37).

In hulle boek “The Jesus Crisis,” gee Thomas en Farnell 'n breedvoerige beskrywing van die Sinoptiese Evangelies in die vroeë Kerk. (1998:37-75) Hulle dui met goeie wetenskaplike navorsing aan dat die evangelie van Matteus wel die eerste evangelie is wat geskryf is en die mees populêre werk was waarmee die vroeë Kerk gewerk het, ten minste tot die tyd van Irenaeus in 180 n.C. In hierdie verband vermeld hulle Papias, 'n vriend van Polikarpus en dissipel van Johannes, wat geskryf het tussen ongeveer 95 – 110 n.C. Beide hierdie persone, volgens Irenaeus, het die apostel Johannes geken. (1998:37-39). Baie geleerdes handhaaf nie hierdie sentiment nie en bou hulle argument op die twyfel wat Eusebius, die groot Kerkhistorikus, daaroor uitgespreek het dat Papias nie die apostel Johannes persoonlik geken het nie. Robert H. Gundry noem egter dat Eusebius se skeptisisme dalk mag spruit uit sy anti-chiliastiese houding in teenstelling met Papias en Irenaeus wat sterk voorstanders was van 'n fisiese werklikheid van die millennium. (1994:611-13)

Die oorblywende stukke van Papias se werk toon aan dat hy van ooggetuie bronne gebruik gemaak het in die samestelling van sy werk en dat Johannes onder hulle getel het. Gundry beweer dat wanneer Papias van die Apostel Johannes praat en van die ouderling Johannes is dit waarskynlik dieselfde persoon. (Ibid 1994:611-13). Hierdie stelling sou

nie noodwendig verkeerd wees nie aangesien die apostel Petrus ook na homself verwys as ouderling – sien 1 Pet.1:1 en 5:1.

Die stelling van Thomas en Farnell dat Papias in sy “*Expositions*” verwys na die samestelling van Matteus, is baie belangrik. “Matthew collected (••••••••••) the oracles (•• *λο•ια*) in the Hebrew language (*Heβραιδι διαλεκτο*), and each interpreted (*ηερμενευσειν*) as best he could.” (Ibid, 1998:39). Die *τα λογια* – die spreke van Jesus - is dan juis deur liberale teoloë gebruik om te beweer dat dit verwys na die sogenaamde Q bron. Thomas en Farnell gebruik egter goeie argumente om aan te toon dat so ’n slotsom nie waterdigte navorsing weerspieël nie. Hulle noem ’n paar redes hiervoor. Eerstens noem hulle dat wanneer Papias na die *τα λογια* verwys, dit nie slegs betrekking het op dit wat Jesus *gesê* het nie, maar ook op wat Hy *gedoen* het. Tweedens noem hulle, dat wanneer Papias verwys na Markus as Petrus se interpreteerder, verwys Papias na dit wat Christus *gesê* en *gedoen* het – (*σψνταξιν τον κψριακον ποιουμενος λογιον*). Omdat Markus dan *τον ...λογιον* gebruik, sluit dit beide *woorde* en *dade* in. Derdens demonstreer hierdie parallelisme tussen die frases, (soos in punt twee genoem) in onmiddellike opeenvolging, dat *τον κψριακον ..λογιον*, beide *woorde* en *dade* insluit. Die vierde argument wat hulle aanwend is dat Papias die begrip *τα λογια* – die spreke van Jesus – van toepassing maak op die evangelie van Matteus. Dit maak dit dus moeilik om tot die slotsom te kom dat hy na ’n ander bron (soos Q) as Matteus verwys. (Ibid, 1998:40-46)

Dit is historiese kennis dat Irenaeus ’n dissipel van Polikarpus was en op sy beurt weer ’n dissipel van Johannes. Die verhouding tussen Johannes as apostel met Papias, Polikarpus en Irenaeus, maak dit baie waarskynlik dat wat hierdie manne geskryf het, nie weersprekend sou wees nie aangesien Irenaeus meld: “He (Polycarp) constantly taught those things which he had learnt from the apostles, which also are the tradition of the church, which alone are true.” (Eusebius aangehaal deur Thomas, 1998:46).

Thomas en Farnell verwys ook na ’n verdere aanhaling uit Eusebius wat daarop dui dat Irenaeus Matteus eerste plaas en daarna Markus. Volgens hom het Markus sy evangelie

geboekstaaf na die dood van Paulus en Petrus as dissipel van laasgenoemde. Daarna meld hy, het Johannes sy evangelie geskryf. (Ibid. 1998:47).

Volgens Thomas en Farnell se navorsing het Clemens van Alexandrië dieselfde standpunte as Irenaeus gehuldig. Hy plaas die evangelies met geslagsregisters, (Matteus en Lukas) voor die evangelie van Markus. Tereg merk hulle op: “A scholar of his stature was not likely merely to repeat information without careful investigation.” (Ibid. 1998:50) Hulle noem voorts dat Clemens nie meld of Matteus eerste geskryf was en toe Lukas of andersom nie, maar hy plaas Markus wel derde naas Matteus en Lukas. Wat Clemens dus geleer het was volgens die “tradisie” wat wyd aanvaar is deur die hele kerk. Nog belangriker is die feit dat Eusebius in *Ecclesiasticus Historiae 2.16.1* noem dat Markus instrumenteel was in die stigting van die Kerk in Alexandrië en dat hy die eerste opsiener van die gemeente was. As Clemens dus Markus derde plaas in die orde van samestelling van die evangelies, maak dit wat deur die leiers van die “Jesus Seminaar” beweer het, nog minder aanvaarbaar. Die getuienis van die Kerkvaders is net te sterk.

Tertullianus se bydrae tot die bestudering van die evangelies is van groot belang. Hy het altyd seker gemaak dat hy binne die raamwerk van die “tradisie”- *regula fidei* - van die Kerk gebly het. In sy werk *Against Marcion* wat rondom 207-212 n.C. verskyn het, bevestig hy dat Apostels die evangelies van Matteus en Johannes geskryf het; dat Markus se evangelie die prediking van Petrus weerspieël en dat Paulus, Lukas ondersteun het in die samestelling van laasgenoemde se evangelie.

Omdat Tertullianus ’n prokureur van beroep was en hy geweet het dat Marcion ’n gedugte teenstander was, sou hy baie seker gemaak het van sy feite oor die tradisionele wyse waarop die evangelies saamgestel is. Enige verdoeseling van feite in sy stryd met Marcion sou sy saak verswak het. Wat hy dus geskryf het, het bevestig wat Papias, Irenaeus en Clemens bevestig het.

Tertullianus maak ook die volgende stelling: “We lay it down as our first position, that the evangelical Testament has apostles for its authors, to whom was assigned by the Lord

Himself this office of publishing the gospel... Of the apostles, therefore, John and Matthew first instill faith into us; whilst apostolic men, Luke and Mark renew afterwards.” (Philip Schaff, *Against Marcion*, Vol 3.350: Elektronies)

Augustinus se standpunt oor die samestelling van die vier evangelies verskil nie veel van die van sy voorgangers nie. In sy *Harmony of the Gospels* skryf hy as volg: “Now, these four evangelists...are believed to have written in the order which follows: first Matthew, then Mark, thirdly Luke, lastly John.” (Philip Schaff, NPNF Vol. 6: Elektronies)

Augustinus se *Harmony of the Gospels* was juis geskryf om die beskuldigings van heidene en vals leraars te weerlê dat die vier evangelies mekaar weerspreek het. Dit is dieselfde taal van die postmodernisme. “We have undertaken in this work to demonstrate the errors or the rashness of those who deem themselves able to prefer charges, the subtlety of which is at least sufficiently observable, against those four different books of the gospel which have been written by these four evangelists. And in order to carry out this design to a successful conclusion, we must prove that the writers in question do not stand in any antagonism to each other.” (Ibid. Vol.6.81: Elektronies). Voorwaar geen nuwe probleem nie. As ons maar net die geskiedenis van die Kerk in kontinuïteit wil sien is daar antwoorde uit die ryk tradisie van die Kerk .

Thomas en Farnell gee ’n opsomming wat waardevol kan wees in die teologiese hantering van en gesprekvoering met die sogenaamde Nuwe Hervorming. As daar ’n eerlike soeke na die waarheid is soos vervat in die apostolies tradisie is dit ’n moontlikheid. Hulle skryf: “Five factors have proven that the earliest Christian leaders believed that the writers of the Synoptic Gospels worked independently of each other.

1. The church fathers do not refer to one writer’s use of the work of another, even though they had every opportunity to do so when discussing the Synoptic Gospels in the same context.
2. The church fathers give specific indication of a distinctive apostolic origin of each one of the Synoptic Gospels.

3. The constant effort of the church fathers to harmonize apparently contradictory parallel passages indicates a belief in the independent origin of each.
4. The direct statement of John Chrysostom is representative of the rest of the fathers. It makes explicit that he viewed the writers as working strictly on their own and without any sort of literary collaboration.
5. The church fathers held the agreements between the Synoptic Gospels to be traceable to the Spirit's work in guiding the writers to record history accurately.” (1998:74-5)

7.4 Tendense van vervlakking in die Kerk

7.4.1 Vervlakking in Skrifgesag

Daar bestaan geen twyfel nie dat die Kerk van Jesus Christus haar in 'n moeras van vertwyfeling, liberalisme en teologiese verwarring verkeer nie. Op die keper beskou, sonder om simplistiese antwoorde te gee, is die eerste tendens van vervlakking in die kerk in Suider-Afrika, die onvermoë van baie Kerkleiers om steeds die gesag van die Skrif te erken. Hierdie kernbelangrike saak het 'n fenomenale uitwerking op elke aspek van die Kerk se werk en belewenis in die wêreld.

R. J. Sheehan skryf dat C. H. Spurgeon in die laat 1880s 'n beroep op al sy kollegas gedoen het, “who upheld the inspiration and authority of the Scriptures and who loved the gospel to stand together openly and fearlessly against those who attacked the Scriptures and distorted the gospel.” (1985:24). Hierdie was gedoen in die sogenaamde “Downgrade Controversy” in die Baptiste Unie van Engeland.

J. C. Ryle skryf ook in hierdie tyd: “The tendency of modern thought is to reject dogmas, creeds and every kind of bounds in religion. It is thought grand and wise to condemn no opinion whatsoever, and to pronounce all earnest and clever teachers to be trustworthy, however heterogeneous and mutually destructive their opinions may be. Everything forsooth, is true and nothing is false! Everybody is right and nobody is wrong! Everybody is likely to be saved and nobody is to be lost.” (Reprint 1979:16).

Dit is tekenend van ons dag. Die huidige debat rondom die opstanding van Christus, die homoseksuele kwessie, kerkhereniging, die rol van die vrou in die bediening en pluralisme in die geledere van alle denominasies, maan elke ander Christelike Kerk in Suider-Afrika tot versigtigheid en 'n doelbewuste terugkeer na die Kernwaarhede van die Christelike geloof. Hofmeyr se gevolgtrekking dat Kerke van Reformatoriese oorsprong weer ernstig sal moet besin oor Bybelse getroue en gefundeerde beginsels en belydenisgebonde gereformeerde leer en tradisie; behoorlike leierskap wat die nodige visie vir teologiese opleiding kan voorsien, is insiggewend. Sy eerste gevolgtrekking blyk duidelik – terug na die gesag van die Skrif en die ryk tradisie van die kerk. Sy laaste opmerking stem hiermee ooreen as hy die Kerk van Christus aanspoor om op eietydse wyse weer opnuut die hoë en verhewe God te ontmoet deur geloof in Jesus Christus soos geopenbaar in die Skrif. (Kerkbode 27 Oktober 2006:7). Hierdie is waarborge vir behoorlike en behoudende aksies in die sosiaal-politieke omstandighede waarbinne die kerk haar Godgegewe profetiese stem moet laat hoor.

Indien daar nie gehoor aan gegee word nie, loop die Kerk die gevaar om juis irrelevant in ons post-moderne bestel te word. Die wyse waarop baie leraars en geleerdes met die Skrif omgaan word goed deur Sheehan opgesom. Hy noem dit “progressive orthodoxy” en verwys na ene Robert Schindler wat in die “Downgrade Controversy” juis hierdie saak as volg aangevat het: “The progressiveness of the professors seems to be like that of the preacher whose two divisions of his subject were: First, my brethren, I shall go round the text; and secondly, my friends, I shall go right away from it.” (1985:28)

In die Kerkbode, 8 Oktober 2004, verskyn die opskrif “Gay-Verslag vra: Laat reg geskied aan die Skrif.” ’n “Mooi” stelling word hier gemaak: “Die groot uitdaging van die Kerk is nie ’n nuwe standpunt oor homoseksualiteit nie, maar eerder ’n gesprek wat berus op onderlinge vertroue en die aanvaarding van mekaar se goeie bedoelings, en om dan die gegewens oor hierdie saak so uit te dra dat dit reg laat geskied aan die Skrif en die kennis tot ons beskikking.” (2004:7) Hierdie stelling val mooi op die oor maar is baie gevaarlik. Die groot uitdaging vir die Kerk is om heel eerste te bepaal wat die Woord van God oor

bepaalde sake stel en om daarna, op die basis van Skrif uitsprake, oplossings in die lig van Gods genade te vind. Die Kerk is nie daar om te veroordeel nie, maar om genade te bedien in die lig van die Skrif.

As Jesus geen direkte uitsprake oor homoseksualiteit in sy aardse bediening gemaak het nie, beteken dit nie dat sy stilswye daaroor 'n aanvaarding daarvan is nie. Johannes 1:1 meld: “In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God.” Juis daarom het Jesus nie nodig gehad om dit te herhaal nie, want Hy het dit reeds duidelik uitgespel in die Pentateug. Hy is die Alfa en Omega van God se spreke en het juis gekom om elke jota en tittel van die Wet te volbring.

Natuurlik kan sondaars aanspraak maak op die genade van God. Die vraag is egter of daar nie 'n vervlakking gekom het van die Bybelse lering van die totale verdorwenheid van die mens nie. Sonde is 'n werklikheid en die wreedheid daarvan mag nie onderbeklemtoon word nie. MacArthur skryf in sy boek, *The Vanishing Conscience*, “Remove the reality of sin, and you take away the possibility of repentance. Abolish the doctrine of human depravity and you void the divine plan of salvation. Erase the notion of personal guilt and you eliminate the need for a Saviour. Obliterate the human conscience, and you will raise an amoral and unredeemable generation.” (1994:12).

As Skrifgedeeltes nie meer gebruik mag word vir navorsing oor bepaalde teologiese vraagstukke nie, loop die Kerk juis gevaar om nie in die tradisie van die apostels en die patristiek die kontinuïteit met die verlede te handhaaf nie. Dit sou 'n Kerk sonder adres en heenkome wees in die 21ste eeu.

John A. Witmer in *Biblical Authority in Contemporary Authority* waarsku: “Biblical authority is an inescapable issue which confronts every Christian worker, demanding consideration and decision. No minister can stand in his pulpit to preach or use the Scriptures in his pastoral ministry to counsel, to comfort, or to exhort without facing and settling for himself the question, “What is the authority of the Bible?” (Biblioteca Sacra, Vol. 118 # 469 – Jan.1961:60).

7.4.2 Vervlakking in Bybelse Prediking

Merill F. Unger, *The Need of Expository Preaching in the Twentieth Century*, is van mening dat die grootste enkele dilemma is die verwaarlosing van die Skrif in die prediking: “The Word of God has been denied the throne and given a subordinate place. Human eloquence, men’s philosophies, Christian ethics, social betterment, cultural progress and many other subjects good and proper in their place have captured the center of interest and have been enthroned in the average pulpit in the place of the Word of God.” (Biblioteca Sacra, Vol. 111 # 443, 1954:230)

Die vervlakking van Skrifgesag het ’n dodelike uitwerking op die prediking van die evangelie in die 21ste eeu. Die boek, *Fool’s Gold*, onder redaksie van John MacArthur, hanteer verskeie sake wat baie relevant is vir die Kerk in Suider-Afrika. In hoofstuk 2 haal MacArthur onder ander aan uit Hosea 4:6 “My volk gaan onder omdat hulle nie aan My toegewy is nie. Omdat jy jou taak om hulle aan My toe te wy, verwerp het, verwerp Ek jou as my priester. Omdat jy die wil van jou God verontagsaam het, verontagsaam Ek die priesters wat onder jou dien.” Hierdie stelling, sê hy, is waar van talle predikers in die 21ste eeu en voeg hy by, “It is because they have exchanged the full counsel of God for doctrinally shallow seeker-friendly “talks.” (2005:35) In die hoofstuk getiteld: *Plexiglas Preaching: The Devastating Consequences of a Watered-Down Message*, noem hy 15 gevolge van swak prediking en die uitwerking daarvan op die Koninkryk. “n Paar aanhalings bring die punt van vervlakking in prediking na vore: “Whenever anything is substituted for the preaching of the Word, God’s authority is usurped...When the church is commandeered by compromisers who want to appease the culture, the gospel is minimized, true power is lost, artificial energy must be manufactured, and superficiality takes the place of truth...In the modern approach to “ministry,” the Word of God is deliberately downplayed... “worship” is purposely tailored to fit the preferences of unbelievers.”(Ibid, 2005:36-41).

Gary E. Gilley skryf in sy boek, *This littel Church went to Market*, dat die moderne Kerk ’n skewe verstaan van aanbidding het. Baie wat vandag deurgaans as “aanbidding,” is

bloot daarop gerig om die “deelnemers” te laat “goed voel.” Jan Alleman kom vandag Kerk toe met die gedagte dat “waarheid is uit en relativisme is in.” Hy kom dus kerk toe met ’n pragmatisme, of “dit werk.” Die paradigma skuif wat baie kerke gemaak het is om te beweer dat die pad na Jan Alleman se hart word nie bereik deur die prediking van die waarheid nie, maar soos Gilley waarsku, is dat die voorstanders van ’n post-moderne benadering tot aanbidding juis daarop gemik is, “If we are to reach this generation we must recognize Harry’s worldview and present him with a relevant message of pragmatism. If we do not Harry will simply reject the things of God and move on to other things that are more adept at meeting his needs.” (2002:107). Die uiteinde is dus nie meer ’n Skrifgedrewe aanbidding nie, maar ’n behoefte bevredigende gedrewe aanbidding. Sonder om ’n “bewysteks” benadering te volg, waarsku Paulus teen hierdie gebeure in Kol. 2:8 “Pas op dat niemand julle van Hom af wegvoer deur teorieë en argumente wat misleidend is nie. Dit is dinge wat berus op die oorlewering van mense, op wettiese godsdienstige reëls en nie op Christus nie.”

7.4.3 Die Vervlakking in Bybelse Aanbidding

Die vervlakking in aanbidding moet egter nie slegs gesien word in die styl van die musiek nie, maar eerder in die inhoud. Die styl mag kontemporêr wees, maar nie noodwendig verkeerd nie. Kerke sal deeglik moet besin oor die inhoud van aanbidding in sang. Paulus meld in Kol.3:16 dat die gemeente behoort Psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing. Dit gaan dus nie hier om mense te laat goed voel nie, maar om inhoudelik Skriftuurlik te wees terwyl die einddoel die eer van God is. Terselfdertyd moet die liedere in aanbidding die opbou van die gemeente ten doel hê. ’n Goeie kriteria vir Bybelse aanbidding in sang word goed opgesom in die boek *Fool’s Gold* in die vorm van tien vrae:

1. Is die gemeentesang Godgesentreerd? – Eks.20:3-6
2. Dra dit by tot ’n verhewe siening van God? – Eks.20:7
3. Is die musiek ordelik? – 1 Kor.14:40
4. Is die inhoud van die liedere suiwer en Bybels? – Ef.5:19-20
5. Dien die sang en musiek tot die verstewiging van eenheid in die gemeente? – 1 Kor.14:26

6. Word die musiek en sang professioneel gedoen? – 1 Kor.10:31
7. Berei die sang en musiek die gemeente voor vir die prediking? - Die prediking is die klimaks van enige aanbidding – 2 Tim.4:2
8. Dra die sang en musiek by tot beter verkondiging van die evangelie van Jesus Christus?
9. Bevorder die sang en musiek diepsinnige aanbidding? – Op.4-5
10. Is die filosofie van die sang en musiek in die gemeente gebaseer op Bybelse beginsels? (2005:129)

Groot versigtigheid behoort aan die dag gelê word met die sang en aanbidding in die gemeente om te verhoed dat dit aan die een kant nie ontaard in 'n konsert wat bloot gerig is op die bevrediging van mense se behoeftes nie, maar aan die anderkant moet ons waak teen dooie ortodoksie in aanbidding.

7.4.4 Die Veramerikaansing van die Kerk

Dit is nou maar eenmaal net waar dat die pas wat die VSA aangee op alle terreine vind uiteindelik sy beslag ook op Afrika bodem. Die invloed op die Kerk was in baie gevalle positief, soos byvoorbeeld die Amerikaanse Kerk se betrokkenheid in wêreldsending, teologiese opleiding en vele meer. Daar is egter ook invloede wat negatiewe gevolge vir die Kerk in Suider-Afrika inhou.

Die nuwe paradigma skuif in Kerkwees laat 'n mens ongetwyfeld dink aan die “megakerk” beweging wat reeds in die vroeë 1980s sy beslag in Suid-Afrika gekry het. Megakerke moet egter nie verwar word met die nuwe paradigma kerke in ons samelewing nie. Megakerke is kerke met 'n bywoning van meer as 2000 mense by eredienste. Sommige is Bybels behoudend en weerspieël sterk Bybelse prediking terwyl ander meer Charismaties van aard is en sommige is niks anders as 'n sosiale klub nie. Die grootste NG Kerk in Suid-Afrika, die Moreletapark se Woodlandssentrum is 'n voorbeeld van so 'n Megakerk. (Kerkbode, 26 Mei 2006).

Die nuwe paradigma kerke is egter meer toegespits op 'n bemarkingstrategie van die Kerk. Hier word meer gekyk na metodes van groei, besigheidstegnieke en demografie word in aanmerking geneem met die stigting van nuwe gemeentes. Gilley noem dat hierdie tendens moedig ons aan, “to make an essential paradigm shift in the way church is done, putting the needs of potential customers before the needs of the institutional church. Baby boomers [the inevitable target of new paradigm churches] think of churches like they think of supermarkets, they want options choices, and convenience... Numerous surveys show that Americans are as religious as ever – perhaps more than ever...But what is on the decline is American’s loyalty to particular denominations or traditions.” (2002:20-21). Die vraag wat ons moet vra is hoe die nuwe paradigma kerke hulle invloed al laat geld het in Suider-Afrika? Myns insiens reeds te ver alhoewel ons nog nie die groot draaipunt en volle impak daarvan beleef het nie. Die feit dat Dr. Nelus Niemandt se artikel in die Kerkbode – *Megakerke – die kerke van die toekoms?* hierdie vraag vra, wys reeds dat mense begin wonder. (26 Mei 2006:6)

Sy opsomming is dat Megakerke iets van verbygaande aard is. Volgens hom is die kerk 'n familie en nie 'n plek nie. Dis 'n gemeenskap en nie 'n byeenkoms nie. Die kerk is daar om te gee en nie primêr om te ontvang nie. Hy glo egter dat die kerk 'n nuwe tydvak sal betree, “die van klein gemeentes waarin warm verhoudings en intense toewyding heers.” (Ibid). Daar moet egter gewaak word teen 'n oorvereenvoudiging van die probleem.

Gilley noem in sy boek, *This little church went to market*, veral drie gevare wat tot 'n vervlakking van kerkwees lei en die kerk het dit reeds al begin beleef. (2002:27-70) Hy noem die era van “vermaak,” as die era van vrolikheid, 'n tyd waarin die kerk die mense gee wat hulle graag wil hê. Die tweede saak wat hy aansny is die van “bemarkingsfilosofieë” wat die kerk bedreig. Hieronder noem hy byvoorbeeld Rick Warren se *Purpose Driven Church*. Gilley haal ook David Wells aan as hy hierdie tendens betreur: “Much of it..is replete with tricks, gadgets, gimmicks, and marketing ploys as it shamelessly adapts itself to our emptied-out, blinded, postmodern world...There is too little about it that bespeaks the holiness of God. And without the

vision for any reality of this holiness, the Gospel becomes trivialized, life loses its depth, God becomes transformed into a product to be sold, faith into a recreational activity to be done, and the Church into a club for the likeminded.” (2002:46)

Die derde saak wat Gilley aansny is die van die “pop-psychology.” Hy beweer dat Rick Warren se *Purpose driven Life* ’n goeie dosis hiervan bevat. Alhoewel hy nie algeheel negatief is oor hierdie werk nie, voel hy egter dat gelowiges gemaan moet word oor die gevaar wat dit vir die Kerk inhou. In sy boek *This little Church stayed home* skryf hy dat hoewel Warren “pop-psychology” verwerp, is sy geskifte deurspek daarmee : “One example is, ‘Most conflict is rooted in unmet needs’ (p.154). Gilley verduidelik sy eie standpunt hieroor, “You shall find that in Rogers and Freud but try to find it in Scripture.” (2006:91). Hy beweer ook en toon dit breedvoerig aan hoedat Warren die Skrif verdraai om sy standpunte te verdedig en waarsku hy sy lesers deur goeie eksegesi te doen van Skrifgedeeltes wat deur Warren gebruik is. (2006:92-98).

’n Verdere invloed van die veramerikaansing van die Kerk wat binnekort (indien dit nie reeds het nie) die Kerk in Suider-Afrika soos ’n vloedgolf gaan tref is die sogenaamde “emerging Church.” Dit is eintlik maar ’n uitvloeisel van bogenoemde en staan onder leiding van Brian McLaren. Dit dui meer op die sogenaamde “ontwakende Kerk.” D. A. Carson hanteer hierdie nuwe paradigma kerk in sy boek “*Becoming Conversant with the Emerging Church*. (2006). Hy verduidelik: “At the heart of the “movement” – or as some of its leaders prefer to call it, the “conversation” – lies the conviction that changes in the culture signal that a new church is “emerging.” Christian leaders must therefore adapt to this emerging Church. Those who fail to do so are blind to the cultural accretions that hide the gospel behind forms of thought and modes of expression that no longer communicate with the new generation.” (2006:12)

Die kern van postmodernisme is die verwerping van alle vorme van absolute waarheid. Teenoor dit, staan die Christelike geloof wat daarop aanspraak maak dat dit die ewige waarhede van die Skrif verkondig. ’n Botsing is onvermydelik. Gilley haal McLaren aan as laasgenoemde hulle standpunte stel: “Ask me if Christianity (my version of it, yours,

the Pope's, whoever's) is orthodox, meaning true, and here's my honest answer: a little but not yet. Assuming by Christianity you mean the Christians understanding of the world and God, Christian opinions on soul, text and culture...I'd have to say that we probably have a couple of things right, but a lot of things wrong, and even more spreads before us as unseen and unimagined. But at least our eyes are open! To be a Christian in a generously orthodox way is not to claim to have truth captured, stuffed, and mounted on the wall." (2006:147). Die slotsom is weereens dat hierdie onsekerheid dra oor op die gesag van die Skrif.

Een aspek waarin die "emerging Church" ons help is om die tyd waarin ons leef korrek te lees en die mense van ons tyd te verstaan. Net soos die vroeë kerk 'n klein minderheid Jode was en later gegroei het om mense van alle nasies en kulture in te sluit, staan ons voor dieselfde uitdaging in Suider-Afrika. Die pluralistiese samestelling van ons samelewing dwing ons om met openheid te kyk wat om ons gebeur. Dit raak ons verhoudings, kerkwees en dissipelskap en oor die sin en betekenis van die evangelie in 'n post-moderne samelewing. Hierdie beweging reageer op die veranderinge wat rondom ons gebeur en probeer om deur die prosesse te dink. Carson analiseer die swakhede en gevare van hierdie beweging in sy boek, *Becoming Conversant with the Emerging Church* op bladsye 157-188.

Die Godsleer, erfsonde en plaasvervangende soendood van Christus kom onder die loep in hierdie beweging. Om God te bestudeer sentreer nie meer rondom kennis van God nie, maar om die estetiese. Erfsonde laat hulle "ongemaklik voel," en die soendood van Christus is soos McLaren dit stel, "It sounds like divine child abuse." (Gilley 2006:155). Ten slotte noem Gilley dat McLaren se gebruik van die TULIP soos dit deur Gereformeerdes geken is en die soewereine genade van God weergegee het, is heeltemal verdraai. In stede van die totale verdorwenheid, onvoorwaardelike verkiesing, beperkte versoening, onweerstaanbare genade en die volharding van die gelowiges, sien dit nou totaal anders daaruit. McLaren beweer hy is self ook 'n Calvinis en hy kom vorendag met die volgende: "TULIP: Triune love, unselfish election, limitless reconciliation,

inspiring grace and passionate, persistent saints.” (2006:155). Innoverend, maar duidelik gevaarlik.

Die Kerk in Suider-Afrika het een van twee keuses. Sy kan of die Kerk wees wat inkoop in die sogenaamde besoekervriendelike bemarkingsstrategieë van die dag en dan uitsluitlik te bedien volgens die bewuste behoeftes van mense. Of sy kan die Kerk wees wat letterlik by die huis bly in die sekuriteit van 2000 jaar se Skrifgesag en apostolies tradisie wat die toets van die tyd deurstaan het. Myns insiens bly daar dus nie eintlik ’n keuse oor vir die Kerk om relevant te bly nie – “Terug na die wet en die getuienis van die Here! Wie nie volgens hierdie woord praat nie, is sonder toekoms!” – Jes.8:20.

HOOFSTUK 8: EVALUASIE

Daar is 'n tendens te bespeur by die mens wat tekenend is van elke opkomende geslag, ongeag taal, kultuur en demografie, wanneer hy probeer om sy eietydse omstandighede in isolasie met sy verlede probeer verstaan. Dit is bloot nie haalbaar nie. Die geskiedenis is nie alleen liniêr nie, maar ook teleologies – dit weerspieël God se doel en plan met hierdie wêreld. Alhoewel die Kerk in die 21ste eeu met unieke probleme worstel, is dit ook so dat ons die geskiedenis tot ons beskikking het om op terug te val en te soek na raakpunte in die verlede.

Pluralisme is nie slegs uniek tot die 21ste eeu nie. Pluralisme is eie aan ons lewensbestaan en moet dus nie as algeheel negatief beskou word nie. Die pluralistiese samelewing binne die Suider-Afrikaanse konteks bied geweldige uitdagings. Dit vra vir verdraagsaamheid, maar ook vir besondere insig en visie van die Kerk se kant om relevant te bly en blywende koers aan te dui.

Van Kerklike kant moet antwoorde op relevante teologiese en sosio-maatskaplike vraagstukke nie gesoek word in pragmatisme nie. Die Skrif is en bly God se antwoord vir die vraagstukke van ons dag. Daar skort niks met die boodskap van die Skrif nie. Die probleem lê by die wat die Skrif moet interpreteer. God se Woord is tydloos relevant.

Die patristiek het aangetoon dat binne die veilige beskutting van die gesag van die Skrif, kan die Kerk haarself veilig voel. Hetsy pre-moderne of post-moderne omstandighede, bly die Skrif relevant. Net soos die patristiek binne die raamwerk van die historiese kontinuïteit met die apostoliese prediking in 'n pre-moderne wêreld, eietydse antwoorde gebied het, moet die Kerk 'n anker rol vervul in 'n post-moderne wêreld. Dit vra egter 'n Bybelse wêreldbeskouing waarin 'n absolute vertrouwe in die gesag van die Skrif gesien word as die wegwysers tot 'n sinvolle en Godverheerlikende lewensbestaan.

Die Kerk in Afrika is nie soos baie mense glo, arm aan behoorlike Bybelse rolmodelle nie. Die geskiedenis van Tertullianus en Augustinus het diep spore getrap in die ontwikkeling van die teologie. Trouens, hulle bydrae tot die teologie en 'n Bybelse

wêreldbeskouing was deurslaggewend gewees op elke nuwe geslag Christene. Hulle noukeurige navorsing van die Skrif om elke nuwe dwaalleer vanuit die Skrif te weerlê, behoort as groot aansporing te dien vir elkeen wat verantwoordelik met die Skrif omgaan.

Die hoë morele waardesisteme van die patristiek was die uitvloeiende van 'n hoë en verhewe siening van God en die Skrif. Bogenoemde Kerkvaders het vanuit hulle historiese konteks, nie gehuiwer om die profetiese stem van die Kerk te laat hoor teen die mistastings van die regering van die dag nie. Dit was veral Tertullianus en sy tydgenote wat nie gehuiwer het om die gewelddadige gladiator spele, onderdrukking van die armes en vele ander sake van hulle samelewing rondborstig teen te staan nie. Die Kerk moet dus binne die gesag van die Skrif die geweldsituasie in Suider-Afrika aanspreek. Augustinus aan die ander kant het met groot geduld en baie genade elke vals lering met Bybelse gefundeerde antwoorde die hoof gebied. Die verdraagsaamheid waarmee hulle te werk gegaan het, spreek boekdele, veral in die lig van 'n onverdraagsame kultuur wat die Christelike geloof betref het. Die enigste manier hoe hulle staande kon bly, was om onwrikbaar vas te hou aan die gesag van die Skrif wat hulle as genoegsaam beskou het.

Die Afrika Kerkvaders het dit duidelik beklemtoon dat die gesag van die Skrif nie gesetel is in die mens se briljantheid om te kommunikeer nie. Dit is ook nie te vind in die persone van die profete, apostels en predikers van enige era nie, maar slegs in die soewereine God. God self staan agter elke stelling, leerstelling, belofte, opdrag en profesie wat gemaak word in die Skrif. Die geestelike agteruitgang van die postmodernisme is nie uniek nie. Die Skrif toon duidelik aan dat dit van die begin af so was omdat mense God se Woord verwerp het. Die patristiek toon duidelik aan dat die gesag van die Skrif 'n gegewe is. As die Kerk dit verwerp, sny sy haarself los van die historiese en teologiese ontwikkeling en word dan juis irrelevant in die 21ste eeu.

Sonder om te huiwer maak beide die Afrika kerkvaders onder hande, absolute uitsprake oor die gesag van die Skrif binne die raamwerk van 'n pluralistiese bestel waar absolutes nie 'n verbruikersvriendelike begrip is nie. Wat verhinder die Kerk om so oor die Skrif te praat? Dit gebeur slegs wanneer die Skrif nie meer beskou word as gesaghebbend nie.

As leiers in die Kerk sou voortgaan om die mes in te lê om die gesag van die Skrif onder verdenking te plaas, in stede daarvan om die pen te gebruik om God se boodskap deur die prediking van die Skrif in mense se harte te vestig, loop die Kerk gevaar om op die voetspore van Gnostisisme, irrelevant te word.

In sy wese is die mens op soek na sekerheid nie tevredenheid nie. Hierdie soeke kan slegs gevind word in die objektiewe waarheid van die Skrif. Die Kerk moet dus in haar soeke na sekerheid nie inkoop in die post-moderne tendens om die kultuur van die dag as superieur te beskou nie. Die kultuur moet juis buig voor die Skrif. Dit vra wysheid en oortuiging dat wat God geskryf het in die Woord tydloos waar is. Dit alleen bied 'n toekomsvisie wat hoop en blywende verandering bring.

Die Kerk se ryk tradisie van 2000 jaar kan nie geïgnoreer word nie. Die Afrika Kerkvaders toon aan dat dit in die is Skrif waar ons die Kerk vind, en ons rigting vind om in die samelewing ons merk te maak. Hulle waarneming is korrek dat dit juis die dinge van buite die Skrif is wat die Kerk verdeel en verwarring meebring. Vanuit 'n historiese en teologiese perspektief gesien is die *apostoliese* kerk dan ook die *patristieke* kerk. Die *apostoliese kerk* moet noodsaaklikerwys ook die moderne kerk wees.

As dit uit die oog verloor word sal die kerk met al haar hedendaagse kreatiewe bemerking strategieë nie antwoorde kan bied om die Christelike geloof te definieer, praktiese oplossing te bied aan mense wat rondtas in 'n relatiewe sisteem waar daar geen duidelike klaarhede is nie.

Die patristiek het die vraagstukke van hulle dag deeglik verantwoord uit die Skrif. Hulle eksegetiese hantering van die Skrif het nie nuwighede weerspieël nie. Hulle het gehou by die bestaande en beproefde metodes wat die nalatenskap van die apostels was. Die Skrif was nie vir Augustinus en Tertullianus 'n tegniese gids tot die wetenskap en die geskiedenis nie. Dit was God se Woord. Die swaartekrag van hulle eksegetiese is juis daarin geleë dat hulle nie oorspronklik wou wees nie, maar om eerder by die bestaande – die apostoliese nalatenskap te bly.

Die post-moderne samelewing met sy klem op relativisme, mag nie vir die Kerk voorskryf in die verkondiging en die leef van die Christelike boodskap nie. Natuurlik behoort die Skrif kontekstueel interpreteer en toegepas te word. Alhoewel die Kerk midde in die samelewing staan en werk is sy nie gebonde aan 'n sekulêre wêreldbeskouing nie, maar aan 'n Bybelse wêreldbeskouing.

Ons post-moderne samelewing verskil nie inhoudelik van die patristiek wat die boodskap van die Skrif aanbetref nie. Net soos die vroeë Kerk, is die moderne Kerk nie 'n enkelvoudige geïsoleerde entiteit op haar eie nie. Die kuns is om binne die parameters van die geskiedenis relevante antwoorde vir die huidige bestel te bied. Die slotsom waartoe die Afrika Kerkvaders gekom het was dat die Kerk se relevansie en voortbestaan ten nouste saamhang met haar vermoë om in alle sake te hou by die Skrif.

Ten spyte van die baie moderne tendense wat die relevansie van die Kerk in Suider-Afrika bedreig, durf die Kerk haar nie verlaat op onbybelse metodes om die boodskap van die Kerk by die mens tuis te bring nie. Haar relevansie lê juis geanker in die historisiteit van die gesag van die Skrif en die ryk tradisie van die Kerk wat nie goedkoop bekom is nie.

Die vraag wat ons vir onself moet afvra is of die Kerk genoegsaam geworstel het met die historiese en teologiese belangrikheid van die misleidende benaderings van ons dag? Protestantisme het haarself benadeel om weg te beweeg van hierdie ou waarhede wat deur die patristiek neergelê is, deur toe te gee aan die liberalisme binne haar geledere. Os Guinness is korrek: "It is not too much to say that the combined efforts of such Protestant liberal renegades and revisionists are a key part of the story of the loss of the West by the Christian church. More importantly, such ex-believers, who put other gods before God, and weakly believing re-interpreters, who put other gods beside God, are the main reason for the loss of the Christian gospel in much of the Christian church in the West today." (2003:66) Dit het net soveel betrekking op Afrika en die Kerk sal moet luister na die patristieke nalatenskap.

Ten slotte is dit belangrik om aan te toon dat indien die Kerk sou toelaat dat die herinterpretasies van die eeue oue waarhede toeneem binne nuwe denkrigtings wat in

stryd is met die historiese gegewe, sal die verliese binne die Kerk vergroot. Eerstens, is daar reeds 'n verlies aan moed aan die kant van baie evangeliese predikers. Baie het onseker geword om met oortuiging te praat op gesag van die Skrif.

Tweedens, is daar duidelike tekens van verlies aan historiese kontinuïteit. Die afgewaterde geloof van ons dag is nie meer die geloof van ons Afrika Kerkvaders in die gesag van die Skrif nie.

Derdens, is daar ook reeds 'n verlies aan geloofwaardigheid. Die liberale tendense laat ons met leë doppe waarin daarin geen substansie meer oor is nie. Mense staan met die Bybel in die hand en weet nie meer wat om te glo en wat om daarmee te maak nie. My raaiskoot is so goed soos my buurman die ateïs se raaiskoot.

Die Kerk durf nie die Judaskus taktiek volg nie – diegene wat voorgee om volgelinge van Jesus Christus te wees, terwyl hulle Hom terselfdertyd verloën.

Die oproep aan die post-moderne Kerk is eenvoudig: Terug na die Skrif wat die toets van die tyd deurstaan het! Dit is God se spreke in mensetaal. Dit is die uitdrukking van God se hart en denke vir 'n wêreld verlore in die verdorwenheid van sonde.

BRONNELYS.

BENTLEY-TAYLOR, DAVID. 2002. The Apostle from Africa, The Life and Thought of Augustine of Hippo. Christian Focus Publications, Geanies House, Fearn, Ross-shire, IV20 1TV Scotland.

BERKHOF, LOUIS. 1975. The History of Christian Doctrines. Banner of Truth Trust, 3 Murrayfield Road, Edinburgh.

BETTENSON, HENRY. 1963. Documents of the Christian Church, Second Edition. Oxford University Press, Walton Street, Oxford, OX2 6DP.

BLAICKLOCK, E.M. 1983. The Confessions of Saint Augustine, A New Translation with Introductions. Hodder and Stoughton Limited, Mill Road, Dunton Green, Sevenoaks, Kent.

BROMILEY, GEOFFREY W. 1992. The Church Fathers and the Holy Scripture uit Scripture and Truth van D.A. Carson en John D. Woodbridge.

BROWN, HAROLD O.J. 2003. (4de druk) Heresy and Orthodoxy in the History of the Church. Hendrickson Publishers, Inc., P.O. Box 3473, Peabody, Massachusetts.

BRUCE, F.F. 1988. The Canon of Scripture. InterVarsity Press, Downers Grove, Illinois, 60515.

CAIRNS, EARLE E. 1954. Christianity through the Centuries, A New Church History. Zondervan Publishing House, Grand Rapids, Michigan.

CARSON, D.A. 1996. The Gagging of God, Christianity confronts Pluralism. Zondervan Publishing House, Grand Rapids, Michigan.

CARSON, D.A. 2005. Becoming Conversant with the emerging Church, Understanding a movement and its Implications. Zondervan Publishing House, Grand Rapids, Michigan.

CARSON, D.A. 1984. "Matthew", in the Expositor's Bible Commentary, Volume 8, Zondervan Publishing House, Grand Rapids, Michigan.

CARSON, D.A. and WOODBRIDGE, JOHN D. 1992. Scripture and Truth. Baker Books, A Division of Baker Book House Company, P.O.Box 6287, Grand Rapids.

CARSON, D.A. and MOO, DOUGLAS J. and MORRIS, LEON. 1992. An Introduction to the New Testament. APOLLOS, (an imprint of Inter-Varsity Press) 38 De Montfort Street, Leicester, LE1 7GP.

CHADWICK, HENRY. 1993. The Early Church, The Story of emergent Christianity from the Apostolic age to the dividing of the ways between the Greek East and the Latin West. Revised Edition. Penguin Books Ltd, 27 Wrights Lane, London, W8 5TZ, England.

CILLIERS, JOHAN. 1997. Sal die regte Jesus opstaan, asseblief?, 52 Bybelse getuienisse oor die uniekheid van Christus. Christelike Uitgewersmaatskappy, Posbus 1599, Vereeniging, 1930.

CORLEY, BRUCE and LEMKE, STEVE M. and LOVEJOY, GRANT I. 2002. Biblical Hermeneutics, A Comprehensive Introduction of Interpreting Scripture. Second Edition. Broadman and Holman Publishers, Nashville, Tennessee.

CURTIS, KEN (Editor) Glimpses. <http://www.tertullian.org/chi.htm>

DE GROOT, C.G. 1988. Aurelius Augustinus, Die rustelose Waarheidsoeker. Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

DEIST, FERDINAND. 1984. A Concise Dictionary of Theological Terms, with an English-Afrikaans and an Afrikaans-English list. J.L. van Schaik(Pty) Ltd. Libri Building, Church Street, Pretoria.

DOCKERY, DAVID S. (Editor) 2001. The Challenge of Postmodernism. A Bridgepoint Book, Baker Academic, A Division of Baker Book House Co., Grand Rapids, Michigan.

DOLLAR, GEORGE W. 1960. The Lord's Supper in the Early Church, Part II: The Lord's Supper in the Third century. Bibliotheca Sacra 117:467, Julie 1960:250.

DOWLEY, TIM. (Organizing Editor) 1980. The History of Christianity, a Lion Handbook. Lion Publishing, Icknield Way, Tring, Herts.

ECKMAN, JAMES P. 2002. Exploring Church History. Crossway Books, A Division of Good News Publishers, 1300 Crescent Street, Wheaton, Illinois.

FALK, PETER. 1979. The Growth of the Church in Africa. Zondervan Publishing House of the Zondervan Corporation, Grand Rapids, Michigan.

FERGUSON, EVERETT. 1993. Backgrounds of Early Christianity. Second Edition. William B. Eerdmans Publishing Company, Grand Rapids, Michigan.

FLOROVSKY, GEORGES. 1987. Bible, Church, Tradition: An Eastern Orthodox View. The Collected Works, Vol 1. Edited by Richard S. Haugh. Vaduz: Buchervertriebsanstalt.

GILLEY, GARY E. 2002. This little church went to market, The Church in the age of entertainment. Xulon Press, 11350 Random Hills Road, Suite 800, Fairfax, VA22030.

GILLEY, GARY E. 2006. This little church stayed Home, A Faithful church in deceptive times. Evangelical Press, Favordale North Industrial Estate, Darlington, DL3 0PH, England.

GONZALEZ, JUSTO L. 1971. *A History of Christian Thought, Volume II, Revised Edition, From Augustine to the Eve of the Reformation.* Abingdon Press, Nashville.

GONZALEZ, JUSTO L. 1984. *The Story of Christianity, Volume I, The Early Church to the Dawn of the Reformation.* HarperSanFrancisco, A Division of HarperCollins Publishers, 10 East 53rd Street, New York, NY 10022.

GREIDANUS, SIDNEY. 1988. *The Modern Preacher and the Ancient Text, Interpreting and Preaching Biblical Literature.* William B. Eerdmans Publishing Company, Grand Rapids, Michigan.

GRUDEM, WAYNE. 1994. *Systematic Theology, An Introduction to Biblical Doctrine.* Inter-Varsity Press, Zondervan Publishing House, Grand Rapids, Michigan.

GUINNESS, OS. 2003. *Prothetic Untimeliness, A Challenge to the idol of relevance.* Hourglass Books, Baker Books, A Division of Baker Book House Co., Grand Rapids, Michigan.

GUNDREY, ROBERT H. 1994. *Matthew, A Commentary on his Handbook for a mixed Church under Persecution, Second Edition.* William B. Eerdmans Publishing Company, Grand Rapids, Michigan.

HALL, CHRISTOPHER A. 2002. *Learning Theology with the Church Fathers.* InterVarsity Press, Downers Grove, Illinois.

HANNAH, JOHN D. 2001. *Our Legacy, The History of Christian Doctrine.* NavPress, P.O.Box 35001, Colorado Springs, Colorado.

HANSON, RICHARD P.C. 1961. *Journal of Theological Studies*, ns.12:273-279.

HANSON, PAUL D. 1989. *Biblical Authority Reconsidered.* *Horizons in Biblical Theology*, 11:57-79.

HAUSER, ALAN J. and WATSON, DUANE F. 2003. *A History of Biblical Interpretation, Volume I, The Ancient Period.* William B. Eerdmans Publishing Company, Grand Rapids, Michigan.

HOFMEYR, J.W. en PILLAY, GERALD J. (Editors) 1991. *Perspectives on Church History: An Introduction for South African Readers,* HAUM Tertiary, Gutenberg Book Printers, Pretoria Wes.

HOLMES, MICHAEL W. (Editor) 1989. *The Apostolic Fathers.* Baker Books, A Division of Baker Book House Company, P.O.Box 6287, Grand Rapids.

HUGHES, R. KENT. 2003. *Set Apart, Calling a worldly Church to a Godly life.* Crossway Books, A Division of Good News Publishers, 1300 Crescent Street, Wheaton, Illinois.

JANSEN, JOHN F. 1982. *Second Century* 2 no 4 Winter 1982, 191-207.

JOHNSON, PAUL. 1976. A History of Christianity, A Penetrating and brilliant assesment of 2000 years of Faith. Penguin Books Ltd., Harmondsworth, Middlesex, England.

KAISER, WALTER C. Jr. 1981. Toward and Exegetical Theology, Biblical Exegesis for Preaching and Teaching. Baker Books, A Division of Baker Book House Co., Grand Rapids, Michigan.

KATO, H. BYANG. 1976. Theological issues in Africa. Bibliotheca Sacra Vol. 133:530.

KELLY, J.N.D. 1985. Early Christian Doctrines. A. and C. Black (Publishers)Limited, 35 Bedford Row, London, WC1R 4JH.

KING, DAVID T. 2001. Holy Scripture, The Ground and Pillar of our Faith, Volume 1, A Biblical Defense of the Reformation Principle of Sola Scriptura. Christian Recources Inc., 1505 NW 4th Avenue, Battle Ground WA98604.

KING, DAVID T. and WEBSTER, WILLIAM. (Editors) 2001. Holy Scripture, The Ground and Pillar of our Faith, Volume III, The Writings of the Church Fathers affirming the Reformation of Sola Scriptura. Christian Recources Inc., 1505 NW 4th Avenue, Battle Ground WA98604.

KISTLER, DON. (General Editor) 1995. Sola Scriptura!, The Protestant Position on the Bible. Soli Deo Gloria Publications, P.O.Box 451, Morgan, PA 15064

KUIPER, B.K. 1988. The Church in History. William B. Eerdmans Publishing Company, Grand Rapids, Michigan.

LEWIS, C.S. 1956. Mere Christianity. Fontana Books. Great Brittain.

MACARTHUR, JOHN F. Jr. 1988. Is the Bible Reliable? Word of Grace Communications, P.O. Box 4000, Panorama City, CA 91412, USA

MACARTHUR, JOHN F. Jr. 1993. Ashamed of the Gospel, When the Church Becomes Like the World. Crossway Books, A Division of Good News Publishers, 1300 Crescent Street, Wheaton, Illinois.

MACARTHUR, JOHN F. Jr. 2002. Why One Way?, Defending an Exclusive Claim in an Inclusive World. W Publishing Group, A Division of Thomas Nelson, Inc.

MACARTHUR, JOHN F. Jr. 2001. The Battle for the Beginning, Creation, Evolution, and the Bible. W Publishing Group, A Division of Thomas Nelson, Inc.

MACARTHUR, JOHN F. Jr. (General Editor with the Master's College Faculty). 2003. Think Biblically!, Recovering a Christian Worldview. Crossway Books, A Division of Good News Publishers, 1300 Crescent Street, Wheaton, Illinois.

MACARTHUR, JOHN F. Jr. (General Editor) 2005. Fool's Gold, Discerning Truth in an age of error. Crossway Books, A Division of Good News Publishers, 1300 Crescent Street, Wheaton, Illinois.

MACARTHUR, JOHN F. Jr. 1994. The Vanishing Conscience, Drawing the Line in a No-fault, Guilt-free world. W Publishing Group, A Division of Thomas Nelson, Inc.

MATHISON, KEITH A. 2001. The Shape of Sola Scriptura. Canon Press, P.O.Box 8729, Moscow, Idaho.

MAYHUE, RICHARD. 2002. What would Jesus say about your church? . Christian Focus Publications, Geanies House, Fearn, Ross-shire, IV20 1TV Scotland.

McCONNELL, D.R. 1988. A Different Gospel, A Historical and Biblical Analysis of the Modern Faith Movement. Hendrickson Publishers, Inc., P.O.Box 3473, Peabody, Massachusetts.

McGRATH, ALISTER E. 1998. Historical Theology, An Introduction to the History of Christian Thought. Blackwell Publishers Ltd., 108 Cowley Road, Oxford, OX4 1JF, UK.

McKECHNIE, PAUL. 2001. The First Christian Centuries, Perspectives on the Early Church. APOLLOS, Inter-Varsity Press, 38 De Montfort Street, Leicester, LE1 7GP.

MERRILL, TIMOTHY F. 1987. The Patristic and Byzantine Review. Volume 6. Tertullian: The Hermeneutical vision of De Praescriptione Haereticorum and Pentateuchal Exegesis.

MILNE, BRUCE. 1998. Know the Truth, A Handbook of Christian Belief. Inter-Varsity Press, 38 De Montfort Street, Leicester, LE1 7GP.

NEEDHAM, N.R. 2000. The Triumph of Grace, Augustine's writings on Salvation. Grace Publication Trust, 175 Tower Bridge Road, London, SE1 2AH, England.

NEEDHAM, N.R. 2002. 2000 Years of Christ's Power, Part one: The age of the Early Church Fathers. Grace Publication Trust, 175 Tower Bridge Road, London, SE1 2AH, England.

OLSON, ROGER E. 1999. The Story of Christian Theology, Twenty Centuries of Tradition and Reform. APOLLOS, Inter-Varsity Press, 38 De Montfort Street, Leicester, LE1 7GP.

PACKER, J.I. 1998. God's Words, Key Biblical Themes you need to know. Christian Focus Publications, Geanies House, Fearn, Ross-shire, IV20 1TV Scotland.

PACKER, J I. 1979. God has spoken. Hodder and Stoughton Limited, Mill Road, Dunton Green, Sevenoaks, Kent.

PELIKAN, JAROSLAV. 1978. The Christian Tradition, A History of the Development of Doctrine, III, The Growth of Medieval Theology. The University of Chicago Press, Chicago, 60637.

PIPER, JOHN. 2003. Brothers, we are not professionals, A Plea to Pastors for radical ministry. Christian Focus Publications, Geanies House, Fearn, Ross-shire, IV20 1TV Scotland

RENWICK, A.M. and HARMAN, A.M. 1997. The Story of the Church. InterVarsity Press, 38 De Montfort Street, Leicester, LE1 7GP.

REYMOND, ROBERT L. 2001. The Reformation's conflict with Rome – why it must continue. Christian Focus Publications, Geanies House, Fearn, Ross-shire, IV20 1TV Scotland.

RIDDERBOS, HERMAN N. 1978. The Inspiration and Authority of Holy Scripture. Presbyterian and Reformed.

ROBERTS, A en DONALDSON, J. The Ante-Nicene Fathers, Volume 1. Elektronies.

RYLE, J.C. 2002. Holiness, Its Nature, Hindrances, Difficulties and Roots. Grace Books International. Charles Nolan Publishers, Moscow, Idaho.

SCHAFF, PHILIP. Ante- Nicene and Post-Nicene Fathers. Elektronies.

SHAW, MARK. 1996. The Kingdom of God in Africa, A Short History of African Christianity. Baker Books, A Division of Baker Book House Co., Grand Rapids, Michigan.

SHEENAN, R.J. 1985. C.H. Spurgeon and the Modern Church. Grace Publication Trust, 175 Tower Bridge Road, London, SE1 2AH, England.

STEVENSON, J. (Editor) 1983. A New Eusebius, Documents illustrative of the history of the Church to A.D. 337. SPCK, Holy Trinity Church, Marylebone Road, London, NW1 4DU.

STOOP, J.A. 1978. Kerkgeskiedenis, Enigste Gids vir KGA 301-S. Universiteit van Suid-Afrika, Muckleneuk, Pretoria.

THOMAS, ROBERT L. and FARNELL, F. DAVID. 1998. The Jesus Crisis, The Inroads of Historical Criticism into Evangelical Scholarship. Kregel Publications, Grand Rapids, Michigan, 49501.

WALKER, WILLISTON. 1959. A History of the Christian Church, Revised Edition. Morrison & Gibb Limited, for T. & T. Clark, 38 George Street, Edinburgh.

WARFIELD, B.B. 1970. *Studies in Tertullian and Augustine*. Greenwood Press, Publishers, Westport, Connecticut.

WEBSTER, WILLIAM. 2001. *Holy Scripture, The Ground and Pillar of our Faith, Volume II, An Historical Defense of the Reformation Principle of Sola Scriptura*. Christian Resources Inc., 1505 NW 4th Avenue, Battle Ground WA98604.

WHITE, J. 1995. *Sola Scriptura and the Early Church in Sola Scriptura* van Don Kistler.

WILLIAMS, D.H. 1999. *Retrieving the Tradition and Renewing Evangelicalism, A Primer for Suspicious Protestants*. William B. Eerdmans Publishing Company, Grand Rapids, Michigan.